* ^o FCHG451	Metabolisme en progeneesmiddels	8	G.8.4.6.2 (c) & BCHG215
Farmakologie			
*FKLG211	Farmakologie I	16	G.8.4.6.2 (b)
*FKLG221	Farmakologie II	24	FKLG211 (40)
*FKLG311	Farmakologie III	16	G.8.4.6.2 (c) en G.8.4.6.2 (e)
*FKLG321	Farmakologie IV	16	FKLG311 (40)
*FKLG411	Farmakologie V	16	G.8.4.6.2 (c)
*FKLG421	Farmakologie VI	16	FKLG411 (40)
Fisiologie			
FLPX111	Inleidende Fisiologie vir Farmasie en Verpleegkunde A	16	
FLPX121	Inleidende Fisiologie vir Farmasie en Verpleegkunde B	16	FLPX111 (40)

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete	Veronderstelde-leereis/verwysings
Farmaseutika			
*FCAG211	Farmaseutiese berekeninge	8	
*FELG421	Keuseprojek	8	G.8.4.6.2 (f)
*FMSG211	Reseptering en toebereiding van medisyne	16	G.8.4.6.2 (b)
*FMSG221	Biofarmaseutika en Farmakokinetika	8	FMSG211 (40)
*FMSG311	Farmaseutiese doseervorme en tegnologie I	16	G.8.4.6.2 (c)
*FMSG321	Farmaseutiese doseervorme en tegnologie II	16	FMSG311 (40)
*FMSG411	Farmaseutiese doseervorme en tegnologie III	16	G.8.4.6.2 (c)
*FMSG422	Biotegnologiese en Innoverende farmaseutiese doseervorme	8	FMSG411 (40)
Kliniese Farmasie			
*FPFG311	Kliniese patalogie	16	G.8.4.6.2 (b)
*FPFG321	Gesondheidskunde	16	FPFG311 (40) FKLG221 (40) FKLG311 (40)
*FPFG422	Kliniese Farmasie	24	G.8.4.6.2 (c)
Farmasiepraktyk			
*FGPO271	Gestruktureerde Praktykopleiding I	4	G.8.4.6.2 (g)
*FGPO371	Gestruktureerde Praktykopleiding II	4	G.8.4.6.2 (h)
*FGPO471	Gestruktureerde Praktykopleiding III	4	G.8.4.6.2 (i)
*FPKG311	Praktykbestuur	8	G.8.4.6.2 (c)
*FPKG321	Goeie apteekpraktyk	8	FPKG311 (40)
*FPKG322	Kommunikasie vir die apteker	8	
*FPKG411	Mensehulpbronbestuur	8	G.8.4.6.2 (c)
*FPKG412	Gesondheidsorgbestuur	8	
*FPKG424	Algemene bestuur vir die apteker	8	G.8.4.6.2 (c)
Fisika			
FSKN112	Fisika vir Biologie I	8	
FSKN122	Fisika vir Biologie II	8	FSKN112 (40)
Mikrobiologie			
MKPN221	Mikrobiologie vir Farmasie	8	

* = kermodules

Studente wat nie die verpligte vaardigheidstoets in akademiese geletterdheid geslaag het nie, is verplig om vir AGLA111 te registreer.

Nota: @ FCHG451 – Hoewel hierdie module dui op 'n tweede semester (3de kwartaal) module, word hierdie module vanaf 2009 tot 2012 in die eerste semester (2de kwartaal) van jaarvlak 4 aangebied.

* Studente kan nie erkenning ontvang vir FLPX111 op grond van FLGX113 of FLGX114 wat reeds geslaag is, of andersom nie.

** Studente kan nie erkenning ontvang vir FLPX121 op grond van FLGX123 of FLGX124 wat reeds geslaag is, of andersom nie.

G.8.4.5 Modulelys 800 101 G412P - faseer in vanaf 2010

Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
Voorgeskrewe modules			
AGLA/E111	Inleiding tot Akademiese Geletterdheid	Kyk reël G.1.12	-
AGLA/E121	Akademiese Geletterdheid	AGLA/E111 (40)	12
WVGW221	Ken en verstaan die gesondheids-wêreld		12
WVPS311	Beroepsetiek vir die Apteker		12
Biochemie			
BCHF215	Biochemie vir Gesondheids-wetenskappe	CHEM111 CHEM121	16
Chemie			
CHEM111	Inleidende anorganiese en fisiese chemie		12
CHEM121	Inleidende Organiese Chemie		12
CHEN213	Organiese Chemie II – Farmasie/Biologiese Wetenskappe	CHEM111 CHEM121	8
Dierkunde / Plantkunde			
BLPS111	Dierparasitologie		12
BLPS121	Medisinale Plantkunde		12
Farmakologie			
*FKLG211	Farmakologie I	G.8.4.6.2 (b)	16
*FKLG221	Farmakologie II	FKLG211 (40)	24
*FKLG311	Farmakologie III	G.8.4.6.2 (c)	16
*FKLG321	Farmakologie IV	FKLG311 (40)	16
*FKLG411	Farmakologie V	G.8.4.6.2 (c)	16
*FKLG421	Farmakologie VI	FKLG411 (40)	16
Farmaseutiese Chemie			
*FCHG221	Inleidende Medisinale Chemie	G.8.4.6.2 (b)	16
*FCHG311	Farmaseutiese Analise	G.8.4.6.2 (c)	16
*FCHG321	Medisinale Chemie	FCHG311 (40)	16
*FCHG411	Metabolisme en Progeneesmiddel-ontwikkeling	G.8.4.6.2 (c)	8
Farmaseutika			
*FCAG121	Inleidende Farmaseutiese berekening		12
*FELG421	Keuseprojek	G.8.4.6.2 (f)	8
*FMSG211	Toebereiding en reseptering van medisyn	G.8.4.6.2 (b)	16
*FMSG222	Inleidende biofarmaseutika en farmakokinetika	FMSG211 (40)	16
*FMSG311	Farmaseutiese doseervorme en Tegnologie I	G.8.4.6.2 (c)	16
*FMSG321	Farmaseutiese doseervorme en Tegnologie II	FMSG311 (40)	16

Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
Farmaseutika (vervolg)			
*FMSG411	Farmaseutiese doseervorme en Tegnologie III	G.8.4.6.2 (c)	16
*FMSG422	Biotegnologiese en Innoverende doseervorme	FMSG411 (40)	8
Farmasiepraktyk			
*FGPO271	Gestruktureerde Praktykopleiding I	G.8.4.6.2 (g)	4
*FGPO371	Gestruktureerde Praktykopleiding II	G.8.4.6.2 (h)	4
*FGPO471	Gestruktureerde Praktykopleiding III	G.8.4.6.2 (i)	4
*FPKG111	Farmasiepraktyk I		12
*FPKG312	Farmasiepraktyk II	G.8.4.6.2 (c)	8
*FPKG323	Farmasiepraktyk III		8
*FPKG413	Farmasiepraktyk IV	G.8.4.6.2 (c)	16
*FPKG425	Farmasiepraktyk V		16
Fisika			
FSKS112	Fisika vir Biologie I		12
Fisiologie			
FLPX112	Fisiologie vir Farmasie en Verpleegkunde A		12
FLPX122	Fisiologie vir Farmasie en Verpleegkunde B	FLPX112 (40)	12
FLPX221	Fisiologie vir Farmasie en Verpleegkunde C	FLPX112 FLPX122	8
Kliniese Farmasie			
*FPFG311	Kliniese Patologie	G.8.4.7.2 (b)	16
*FPFG321	Gesondheidskunde	FPFG311 (40) FKLG221 (40) FKLG311 (40)	16
*FPFG411	Kliniese Farmasie I	G.8.4.7.2 (c)	8
*FPFG423	Kliniese Farmasie II	FPFG411 (40)	16
Mikrobiologie			
MKPN211	Mikrobiologie vir Farmasie		8

* = kernmodules

* Studente kan nie erkenning ontvang vir FLPX112 op grond van FLGX113 of FLGX114 wat reeds geslaag is, of andersom nie.

** Studente kan nie erkenning ontvang vir FLPX122 op grond van FLGX123 of FLGX124 wat reeds geslaag is, of andersom nie.

In modules FLPX122, FLPX221 gebruik die studente platannas vir praktiese opleiding.

G.8.4.6 Kurrikulum: Farmasie

G.8.4.6.1 Kurrikulumuitkomst

Die kandidaat sal na voltooiing van die voorgeskrewe praktiese opleidingsprogram bevoeg wees om as die bewaker van medisyne te kan optree en medisyne te beheer, van konsep tot terapeutiese realiteit deur:

1. individueel of as deel van 'n span die ontwikkeling, toetsing, vervaarding, toebereiding en verpakking van farmaseutiese produkte te onderneem, beheer organiseer en kontroleer;

2. medisynehistories te beheers deur die verkryging, bewaring en verspreiding van farmaseutiese materiaal en produkte te kan organiseer, bestuur en beheer;
3. 'n onmisbare en aanvaarde skakel in die gesondheidstelsel as lid van die gesondheidsdiensspan te wees deur as voorsiener van koste-effektiewe en doeltreffende farmaseutiese dienste op te tree tot bevrediging van die behoefte van die gemeenskap deur:
 - as voorsiener van farmaseutiese sorg op te tree deur medeverantwoordelikheid te aanvaar vir die uitkoms van terapie en aktief betrokke te wees by die ontwerp, implimentering en monitering van farmaseutiese sorg beplanning;
 - voorgeskrewe medisyne te resepteer en die optimale gebruik daarvan te verseker deur beheer, kontrole en advieslewering aan die pasiënt en gesondheidsprofesies;
 - aptekergeïnisieerde sorg aan die pasiënt te verskaf en die optimale gebruik van medisyne te verseker;
 - noodsaaklike kliniese dienste, insluitende siftingstoetse en verwysing na ander lede van die gesondheidsspan te verskaf;
 - opvoeding en inligting oor gesondheidsorg en medisyne te verskaf deur inligting wetenskaplik deur verbale, nie-verbale en elektroniese wyses oor te dra;
 - gemeenskapsgesondheid te bevorder en verbandhoudende inligting en advies te verskaf;
4. met 'n gesindheid van altruïsme en sin vir verantwoordelikheid en empatie, diens aan sy medemens sal lewer deur wetenskap en tegnologie doelmatig en doeltreffend aan te wend met verantwoordelikheid teenoor die omgewing, eie gesondheid en gesondheid van andere;
5. probleme in die praktyk selfstandig met behulp van toepaslike literatuur, parate kennis en laboratoriumtegnieke te identifiseer, evalueer, formuleer en innoverend en kreatief op te los;
6. benewens vakkennis ook insig te hê in die ensiklopedie en samehang van die wetenskap en die feit dat probleemoplossing nie in isolasie bestaan nie;
7. 'n eie denkraamwerk kan verwoord en verantwoord met verwysing na die Christelike en ander lewensbeskouings;
8. as entrepreneur kan begin optree en
9. die vermoë en motivering sal hê om sy wetenskaplike en professionele kennis, vaardigheid en vermoëns voortdurend te ontwikkel, en 'n lewenslange leerder sal wees ten einde die professie op 'n hoë vlak van bevoegdheid te bly beoefen.

G.8.4.6.2 Fakulteitspesifieke reëls vir kurrikulum

Studente moet aan die voorvereistes van modules soos gestel in die modulelys voldoen, alvorens met die opvolgende modules voortgegaan kan word.

- a) *SLEGS VIR FARMASIESTUDENTE WAT IN 2009 OF VROEËR GEREGISTREER HET EN TANS BESIG IS MET KURRIKULUM G411P: Indien 'n student in kurrikulum G411P 'n module sak wat nie in die volgende jaar weer aangebied word nie (agv die uitfasering van G411P), sal daardie student met die aanvang van die volende akademiese jaar na kurrikulum G412P oorgeskakel word (met die nodige erkenning vir alle toepaslike modules reeds geslaag) en sal hy/sy sy/haar studies in die nuwe kurrikulum voortsit en voltooi.*
- b) 'n Student word nie toegelaat om vir enige kernmodule (gemerkt met * in tabel) op jaarvlak 2 tot 4 te registreer alvorens alle modules in jaarvlak 1 nie geslaag is nie.
- c) 'n Student word slegs toegelaat om vir kernmodules in 'n betrokke vakgroep te registreer mits hy/sy die betrokke vakgroep se kernmodules in die vorige jaarvlak(ke) geslaag het. (Bv. 'n student mag slegs vir FKLG311 en FKLG321 registreer indien hy/sy FKLG211 en FKLG221 reeds geslaag het).
- d) Die akademiese jaar van studente in jaarvlak 3 en 4 begin 3 weke voor die aanvang van die normale akademiese jaar op die PUK-kampus reeds of die 3^{de} Dinsdag van Februarie (watter een ookal die vroegste).
- e) 'n Student mag slegs vir FKLG311 registreer indien FPF311 gelyktydig geneem word of reeds geslaag is.
- f) Studente mag slegs vir die module FELG421 registreer indien die volgende modules gelyktydig geneem word of reeds geslaag is:
 In kurrikulum G411P: FCHG451, FKLG421, FMSG422, FPF311 en FPKG424.
 In kurrikulum G412P: FCHG411, FKLG421, FMSG422, FPF311 en FPKG425.
- g) 'n Student mag slegs vir FGPO271 registreer indien FMSG211 en FKLG211 gelyktydig geneem word of reeds geslaag is.
- h) 'n Student mag slegs vir FGPO371 registreer indien FMSG311 en FKLG311 gelyktydig geneem word of reeds geslaag is.
- i) 'n Student mag slegs vir FGPO471 registreer indien FPF311 (in G411PF) of FPF311 en FPF311 (in G412P) gelyktydig geneem word of reeds geslaag is.
- j) Kragtens die vereistes van die SAAR moet alle Farmasiestudente gedurende hulle 2de tot 4 studiejaar in totaal 400 uur praktykopleiding gedurende vakansies ondergaan. Die kurrikulum van hierdie opleiding is in die modules van FGPO271; FGPO371 en FGPO471 vervat, en sluit in: opleiding in die gemeenskapsapteek, die hospitaalapteek sowel as gestruktureerde klinieopleiding.
- k) Die module FGPO471 sluit ook die verpligte bywoning in van 'n simposium aangebied deur die Skool vir Farmasie gedurende die laaste week van die winterreses. Die bywoning van die simposium dra 20 ure by tot die verpligte 499 uur praktykopleiding (siem[m] hierbo).

- l) Omdat studente vir toetreding tot die professie voorberei word, is hulle deelname, reeds vanaf 'n vroeë stadium, aan professionele bedrywig-hede, van wesenlike belang.
- m) Toelating tot die eksamen in FKL421 (jaarvlak 4) sal slegs verleen word aan studente wat, afgesien van die voorgeskryde subminimum van 40% vir die deelnamepunt, ook 100% in die "Deurslaggewende Uitkomst"-raaier behaal het.

Artikulasie en uitreepunte

- a) **Vertikaal:** Die BPharm-graad gee toegang tot nagraadse studie soos MPharm, MSc, en PhD-graad aan die Noordwes-Universiteit en ander Universiteite nasionaal en internasionaal en is onderhewig aan keuring.
- b) **Horisontaal:** Al die fundamentele modules gee toegang tot verskeie BSc-programme aan hierdie en ander universiteite. Die kernmodules is grootliks uitruilbaar met dié modules aangebied deur ander Farmasieskole.
- c) Na voltooiing van jaarvlak 2 sal aan die student erkenning verleen word vir die teoretiese komponent van die Basiese Diploma as Aptekerassistent en na voltooiing van die jaarvlak 3 van die kurrikulum word erkenning verleen vir die teoretiese komponent van die Na-basiese Diploma as Aptekerassistent.

G.8.4.6.3

Samestelling van kurrikulum: Farmasie

As gevolg van programbelyning in 2009 word beide kurrikulums in die jaarboek aangedui totdat die uitfaseringfase afgehandel is. Studente wat 'n module gedruip het, moet vir die nuwe modulekode registreer waar van toepassing.

1. Indien 'n student **enige module op jaarvlak 1 gedurende 2009 gesak** het, word dié student in 2010 na kurrikulum G412P oorgeskakel met erkenning van modules geslaag.
2. 'n Student wat **enige module op jaarvlak 2 gedurende 2010 gesak** het, sal tydens registrasie in 2011 na kurrikulum G412P oorgeskakel word met erkenning van modules geslaag.
3. 'n Student wat **enige module op jaarvlak 3 gedurende 2011 gesak** het, sal tydens registrasie in 2012 na kurrikulum G412P oorgeskakel word met erkenning van modules geslaag.
4. 'n Student wat **enige module op jaarvlak 4 gedurende 2012 gesak** het, sal tydens registrasie in 2013 na kurrikulum G412P oorgeskakel word met erkenning van modules geslaag.

Bogenoemde impliseer dus dat as die implimentering van die nuwe kurrikulum (G412P) 'n student in kurrikulum G411P "inhaal" (agv modules wat gesak is en herhaal moet word), word die betrokke student oorgeskakel na die nuwe kurrikulum en voltooi hy/sy die program in die nuwe kurrikulum. Die studente sal die nodige erkenning kry vir modules reeds geslaag. Geen modules in die bestaande (ou) kurrikulum G411P word dus herhaal in die jaar waarop die nuwe kurrikulum op die betrokke jaarvlak ingefaseer word nie.

Infasering van nuwe kurrikulum (G412P) sal in 2010 begin op jaarvlak 1, gevolg deur jaarvlak 2 in 2011, jaarvlak 3 in 2012 en jaarvlak 4 in 2013. Ou program (G411P) faseer uit in 2012.

JAAR	JAARVLAK 1	JAARVLAK 2	JAARVLAK 3	JAARVLAK 4
2009	G411P	G411P	G411P	G411P
2010	G412P	G411P	G411P	G411P
2011	G412P	G412P	G411P	G411P
2012	G412P	G412P	G412P	G411P
2013	G412P	G412P	G412P	G412P

KURRIKULUM 800 101 G411P: FARMASIE

KURRIKULUM G410P HET VANAF 2007 UITGEFASEER

Jaarvlak 1 word einde 2009 gesluit, jaarvlak 2 word einde 2010 gesluit, jaarvlak 3 word einde 2011 gesluit en jaarvlak 4 word einde 2012 gesluit

JAARVLAK 1		JAARVLAK 2		JAARVLAK 3		JAARVLAK 4	
EERSTE SEMESTER		EERSTE SEMESTER		EERSTE SEMESTER		EERSTE SEMESTER	
Kode + Mod. Tipe	KR	Kode + Mod. Tipe	KR	Kode + Mod. Tipe	KR	Kode + Mod. Tipe	KR
AGLA111# (A)	-	BCHG215 (X)	24	FCHG311 (H)	16	*FCHG451 (H)	8
BLPN111 (X)	8	CHEN213 (X)	8	FGPO371 (H)	4	FGPO471 (H)	4
CHEN111 (X)	8	FCAG211 (H)	8	FKLG311 (H)	16	FKLG411 (H)	16
FLPX111 (X)	16	FGPO271 (H)	4	FMSG311 (H)	16	FMSG411 (H)	16
FMGB111 (H)	8	FKLG211 (H)	16	FPFG311 (H)	16	FPKG411 (H)	8
FSKN112 (X)	8	FMSG211 (H)	16	FPKG311 (H)	8	FPKG412 (H)	8
						WVPS311 (X)	12
Tot. 1e sem.	48	Tot. 1e sem.	76	Tot. 1e sem.	76	Tot. 1e sem.	72
TWEDE SEMESTER		TWEDE SEMESTER		TWEDE SEMESTER		TWEDE SEMESTER	
Kode + Mod. Tipe	KR	Kode + Mod. Tipe	KR	Kode + Mod. Tipe	KR	Kode + Mod. Tipe	KR
AGLA121 (X)	12	FCHG221 (H)	16	FCHG321 (H)	16	FELG421 (H)	8
ATSW121	8	FKLG221 (H)	24	FKLG321 (H)	16	FKLG421 (H)	16
BLPN121 (X)	8	FMSG221 (H)	8	FMSG321 (H)	16	FMSG422 (H)	8
CHEN121 (X)	8	MKPN221 (X)	8	FPFG321 (H)	16	FPFG422 (H)	24
CHEN122 (X)	8	WVGW221 (X)	12	FPKG321 (H)	8	FPKG322 (H)	8
FLPX121 (X)	16					FPKG424 (H)	8
FPKG121 (H)	8						
FSKN122 (X)	8						
Tot. 2e sem.	76	Tot. 2e sem.	68	Tot. 2e sem.	72	Tot. 2e sem.	72
Tot. Jaarvl. 1	124	Tot. Jaarvl. 2	144	Tot. Jaarvl. 3	148	Tot. Jaarvl. 4	144
TOTALE KREDIETE VIR DIE KURRIKULUM							560

Studente wat nie die verpligte vaardigheidstoets in akademiese geletterdheid geslaag het nie, is verplig om vir AGLA111 te registreer.

NOTA: *FCHG451 – Hoewel hierdie module dui op 'n tweede semester (3de kwartaal) module, word hierdie module in 2009 in die eerste semester (2de kwartaal) van jaarvlak 4 aangebied.

NUWE PROGRAMBELYNDE KURRIKULUM (faseer in vanaf 2010)

Kwalifikasie- en programkode: 800 101; Kurrikulumkode: G412P

JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3			JAARVLAK 4		
Eerste semester			Eerste semester			Eerste semester			Eerste semester		
Module-kode	Kern	Kr	Module-kode	Kern	Kr	Module-kode	Kern	Kr	Module-kode	Kern	Kr
AGLA111/ AGLE111#	A	-	BCHF215	X	16	FCHG311	H	16	FCHG411	H	8
BLPS111	X	12	CHEN213	X	8	FGPO371	H	4	FGPO471	H	4
CHEM111	X	12	FGPO271	H	4	FKLG311	H	16	FKLG411	H	16
FLPX112	X	12	FKLG211	H	16	FMSG311	H	16	FMSG411	H	16
FPKG111	H	12	FMSG211	H	16	FPFG311	H	16	FPFG411	H	8
FSKS112	X	12	MKPN211	X	8	FPKG312	H	8	FPKG413	H	16
									WVPS311	H	12
Totaal 1^{ste} semester		60	Totaal 1^{ste} semester		68	Totaal 1^{ste} semester		76	Totaal 1^{ste} semester		80
JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3			JAARVLAK 4		
Tweede semester			Tweede semester			Tweede semester			Jaarmodules		
Module-kode	Kern	Kr	Module-kode	Kern	Kr	Module-kode	Kern	Kr	Module-kode	Kern	Kr
AGLA121/ AGLE121	X	12	FCHG221	H	16	FCHG321	H	16	FELG421	H	8
BLPS121	X	12	FKLG221	H	24	FKLG321	H	16	FKLG421	H	16
CHEM121	X	12	FLPX221	X	8	FMSG321	H	16	FMSG422	H	8
FCAG121	H	12	FMSG222	H	16	FPFG321	H	16	FPFG423	H	16
FLPX122	X	12	WVGW221	X	12	FPKG323	H	8	FPKG425	H	16
Totaal 2^{de} semester		60	Totaal 2^{de} semester		76	Totaal 2^{de} semester		72	Totaal 2^{de} semester		64
Totaal Jaarvlak 1		120	Totaal Jaarvlak 2		144	Totaal Jaarvlak 3		148	Totaal Jaarvlak 4		144
Krediet totaal van die kurrikulum										556	

studente wat nie die verpligte vaardigheidstoets in akademiese geleterdheid geslaag het nie, is verplig om vir AGLA/E111 te registreer.

G.9 REÛLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS SCIENTIAE (DIEETKUNDE)

Hierdie graad kan slegs voltyds op die Potchefstroomkampus geneem word. Die kurrikulum wat in hierdie program saamgestel is voldoen aan die vereistes van die Beroepsraad vir Dieetkunde. Studente wat die studie suksesvol voltooi mag dus by die Raad vir Gesondheidsprofessies in Suid-Afrika (Health Professions Council of South Africa) registreer as dieetkundiges.

G.9.1 DUUR (MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR)

Die duur van die studie vir hierdie kwalifikasie is 'n **minimum van vier (4) jaar** en 'n **maksimum van vyf (5) jaar**.

Verlenging van die studietydperk kan geskied kragtens die bepalings van Algemene Reëls A.4.4 en A.5.6.

G.9.2 TOELATINGSVEREISTES VIR DIE KWALIFIKASIE

Die Algemene toelatingsvereistes geskied volgens Algemene Reël A.5.1.2.1 en verdere toepaslike bepalings in die Inleidende reël G.1.11.

- a) Universiteitstoelating;
- b) Wiskunde vlak 4 (50-59%) en Fisiese Wetenskap (Skeinat) vlak 4 (50-59%), en
- c) **APS-telling:** Die resultate behaal in vier Aangewysde Vakke plus twee NSS-vakke word in berekening gebring. Die resultate behaal in Lewensoriëntering word nie in berekening gebring nie.

'n APS-telling van minstens 26.

- d) **Taalvereiste:** 'n Slaagsyfer van 50-59% (vlak 4) in die taal van leer en onderrig op Huistaal- of Eerste Addisionele Taalvlak.
- e) Voornemende studente is onderhewig aan 'n keuringsproses wat uit die volgende komponente bestaan:
 - akademiese prestasie;
 - indien van portefeulje; en
 - die aflegging van keuringstoetse.

Besonderhede van die keuringsvereistes en -prosedures kan van die direkteur van die Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe verkry word.

Aansoeke moet voor 31 Mei ingedien word.

*Inligting is onderhewig aan verandering

G.9.3 FAKULTEITSPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

Alle huidige Dieetkundestudente sowel as studente wat vanaf 2010 wil registreer moet tydens registrasie bewys kan lewer van die ontvangs van 'n hepatitis B-inspuiting wat gedurende die vorige jaar toegedien is.

G.9.4 PROGRAM: DIEETKUNDE

G.9.4.1 Kwalifikasie- en programkode: 206 101

Die doel van die program is om dieetkundiges op te lei vir die uitgebreide gesondheidsmark. In die lig van die gesondheidsprobleme geassosieer met lewenstylveranderinge sowel as die MIV/VIGS pandemie, onder- en oorvoeding, is goeie voedingsorg vir gesonde sowel as siek mense in Suid-Afrika van die grootste belang. Die monetêre lading op die gesondheidsorg-dienste is buite beheer, en een van die basiese beginsels om die probleem te stabiliseer is vir dieetkundiges om goeie voedingsonderrig te gee op alle vlakke van die samelewing en gesondheidsorg.

G.9.4.2 Toelatingsvereistes van die program

Vereiste APS-telling: 26

Studente kan tydens hulle studie met die skriftelike toestemming (per voorgeskrewe studenteversoekevorm) van die Skooldirekteur/Administratiewe Bestuurder binne die toegelate wysigingstydperk die program/kurrikulum waarvoor hulle ingeskryf is, verander.

Erkenning van vorige leer sal, waar van toepassing, deur die fakulteitskomitee vir erkenning van vorige leer en volgens die beleid van die Universiteit daarvoor, verleen word.

G.9.4.3 Fakulteitspesifieke vereistes

- a) Studente is wetlik verplig om aan die begin van die eerste studiejaar as studentdieetkundiges by die Professionele Raad (HPCSA) te registreer.
- b) Vir praktykopleiding in die vierde studiejaar is die besit van 'n motorrybewys voor die aanvang van die vierde studiejaar 'n vereiste.
- c) Studentelidmaatskap van die beroepsvereniging (ADSA) is verpligtend.
- d) Alle koste verbonde aan die praktykopleiding in die vierde studiejaar moet deur die student self gedra word.
- e) Geen student sal toegelaat word om in die vierde studiejaar op 'n huiskomitee van 'n koshuis te dien nie.
- f) Vergelyk ook G.1 van hierdie jaarboek.

G.9.4.4 Modulelys 206 101 G431P

Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
Voorgeskrewe modules			
AGLA/E111	Inleiding tot Akademiese Geletterdheid	Kyk reël G.1.12	-
AGLA/E121	Akademiese Geletterdheid	AGLA/E111 (40)	12
WVGW221	Ken en verstaan die gesondheids-wêreld		12
WVPS312	Etiek vir Dieet- en Voedingkundiges		12
Anatomie			
ANAS122	Sistemiese anatomie		12
Biochemie			
BCHF215	Biochemie vir Gesondheids-wetenskappe	CHEM111 CHEM121	16
BCHG221	Kliniese Biochemie	FLGX113 (40) FLGX123 (40)	16
Chemie			
CHEM111	Inleidende anorganiese en fisiese chemie		12
CHEM121	Inleidende Organiese Chemie		12
Fisiologie			
FLGX113	Inleidende Fisiologie	* Sien nota	12
FLGX123	Membraan en Spierfisiologie	FLGX113 (40) * Sien nota	12
FLGX213	Endokriene stelsel en Spysvertering	FLGX113 (40)	16
FLGX223	Fisiologiese verdedigings-meganismes	FLGX113 (40)	8
FLGX224	Metabolisme	FLGX213 (40)	8
FLGX312	Uitskeiding		8
FLGX314	Kardiovaskulêre Fisiologie		16
Kommunikasiekunde			
KCOM112	Inleiding tot Kommunikasiekontekste		12
Mikrobiologie			
MKBX213	Mikrobiologie vir Voedsel en Voeding		8
Psigologie			
PSYC321	Basiese hulpverlening en etiese gedrag		16
Statistiek			
STTN111	Beskrywende Statistiek		12

* Studente kan nie erkenning ontvang vir FLGX113 op grond van FLGX114 of FLPX112 wat reeds geslaag is, of andersom nie.

** Studente kan nie erkenning ontvang vir FLGX123 op grond van FLGX124 of FLPX122 wat reeds geslaag is, of andersom nie.

In modules FLGX123, FLGX213 & FLGX314 gebruik die studente platannas en rotte vir praktiese opleiding.

Modulekode	Besrywende naam	Voorvereistes	Krediete
Terapeutiese Voeding			
VTRP321	Terapeutiese voeding	FLGX113 (40) FLGX123 (40) FLGX213 (40) VOED211 VNDL311 (40DP) BCHF215 (40) OF BCHN213 (40)	24
VTRP471	Toegepaste terapeutiese voeding	VNDL311 VTRP321	40
Voeding			
VNAV472	Voedingnavorsing	VOED323	16
VNDL311	Voeding: lewenstylsiektoestande	FLGX113 (40) FLGX213 (40) VOED211 BCHF215 (40) OF BCHN213 (40) OF FLGX224 (40)	16
VOED113	Inleiding tot die profesie		12
VOED122	Voedingstatus		12
VOED211	Nutriënte	VOED122 (40)	16
VOED221	Gesins- en gemeenskapsvoeding	VOED211 (40)	16
VOED323	Gevorderde voeding en voedingnavorsing	VNDL311 (40)	24
VOED471	Gemeenskapvoedingpraktyk	VOED323	40
Voedsel			
VVDL112	Voedsel		12
VVDL123	Plantaardige voedselgroepe en -sisteme	VVDL112 (40)	12
VVDL213	Dierlike voedselgroepe en –sisteme	VVDL123 (40)	16
Voedseldiensbestuur			
VVDB313	Voedseldiensbestuur: Sisteme en grootskaalse produksie		16
VVDB324	Voedseldiensbestuur: Aspekte van bestuur		12
VVDB471	Voedseldiensbestuurpraktyk		40

G.9.4.5 Kurrikulum: Dieetkunde

G.9.4.5.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van die program behoort die student

- a) omvattende en sistematiese kennis te demonstreer van die gesondheid- en siekteprofiel van die inwoners van Suid-Afrika met verwysing na voedingstatus en voedingsbeleid, agente en organisasies betrokke by plaaslike, nasionale en internasionale voedsel en voedingsvraagstukke;
- b) vaardighede demonstreer om literatuursoektogte te onderneem ten einde relevante inligting te bekom om komplekse praktykgerigte voedingsprobleme te identifiseer, te ontleed, te interpreteer, tot gevolgtrekkings te kom en praktiese aanbevelings te maak en dit skriftelik te kommunikeer in 'n mini-skripsie/verslag asook mondeling voor te dra aan 'n portuurgroep en akademiese gehoor aan die hand van toepaslike IT;
- c) vermoë te demonstreer om kennis en kritiese begrip van beginsels, teorieë en tegnieke toe te pas om voedingsverwante gesondheidsprobleme van individue en gemeenskappe te identifiseer, analiseer en kreatiewe voedingsintervensieprogramme op eties verantwoordelike wyse te beplan, loods, evalueer en dokumenteer; en
- d) tegnieke en kennis van besigheidsbestuur te kan aanwend in eie praktyk, gemeenskapsvoeding en voedseldienseenhede.

G.9.4.5.2 Fakulteitspesifieke reëls vir kurrikulum

- a) Studente in alle jaarvlakke (1^e tot 4^{de} jaar) volg vanaf 2010 die nuwe kurrikulum. Voorsiening word gemaak vir studente wat modules herhaal wat met ander gekonsolideer is.
- b) Studente moet aan die voorvereistes van modules soos gestel in die modulelys voldoen, alvorens met die opvolgende modules voortgegaan kan word.
- c) Die vierde studiejaar kan slegs geneem word nadat alle modules soos voorgeskryf tot op die derde studiejaarvlak geslaag is.
- d) Deelnamebewys van 50% vir al die praktiese modules in die vierdejaar verleen toegang tot eksamen.
- e) Die suksesvolle voltooiing van die graad BSc (Dieetkunde) verleen toegang tot die MSc-graad in Dieetkunde of Voeding en is onderhewig aan 'n keuringsproses op grond van akademiese prestasie van die student asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep. Die volgende toelatingsvereistes geld:
 - Die student moet minstens 60% behaal het in elk van die volgende modules: VNDL311, VTRP321, VOED323 en VNAV472 of gelykwaardige modules.
 - Beskrywende statistiek (STTN111) of 'n gelykwaardige module is 'n newereiste.

G.9.4.5.3 Samestelling van kurrikulum: Dieetkunde

Kwalifikasie- en programkode: 206 101; Kurrikulumkode: G431P

JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3			JAARVLAK 4		
Eerste semester			Eerste semester			Eerste semester			Jaarmodules		
Module-kode	Kern	Kr	Module-kode	Kern	Kr	Module-kode	Kern	Kr	Module-kode	Kern	Kr
AGLA111/ AGLE111#	A	-	BCHF215	X	16	FLGX312	H	8	VNAV472	H	16
CHEM111	X	12	FLGX213	H	16	FLGX314	H	16	VOED471	H	40
FLGX113	H	12	MKBX213	X	8	VVDB313	H	16	VTRP471	H	40
KCOM112	X	12	VOED211	H	16	VNDL311	H	16	VVDB471	H	40
VOED113	H	12	VVDL213	H	16	STTN111	X	12			
VVDL112	H	12				WVPS312	X	12			
Totaal 1^{ste} semester		60	Totaal 1^{ste} semester		72	Totaal 1^{ste} semester		80			
JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3					
Tweede semester			Tweede semester			Tweede semester					
Module-kode	Kern	Kr	Module-kode	Kern	Kr	Module-kode	Kern	Kr			
AGLA121/ AGLE121	X	12	BCHG221	H	16	PSYC321	X	16			
ANAS122	X	12	FLGX223	H	8	VOED323	H	24			
CHEM121	X	12	FLGX224	H	8	VTRP321	H	24			
FLGX123	H	12	VOED221	H	16	VVDB324	H	12			
VOED122	H	12	WVGW221	X	12						
VVDL123	H	12									
Totaal 2^{de} semester		72	Totaal 2^{de} semester		60	Totaal 2^{de} semester		76	Totaal		136
Totaal Jaarvlak 1		132	Totaal Jaarvlak 2		132	Totaal Jaarvlak 3		156	Totaal Jaarvlak 4		136
Krediet totaal van die kurrikulum											556

Studente wat nie die verpligte vaardigheidstoets in akademiese geletterdheid geslaag het nie, is verplig om vir AGLA/E111 te registreer.

G.10 REÛLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS SCIENTIAE (VOEDINGKUNDE)

Hierdie graad kan slegs voltyds op die Potchefstroomkampus geneem word. Die kurrikulum wat in hierdie program saamgestel is voldoen aan die vereistes van die Beroepsraad vir Voedingkunde. Studente wat die studie suksesvol voltooi mag dus by die Raad vir Gesondheidsprofessies in Suid-Afrika (Health Professions Council of South Africa) registreer as voedingkundiges.

G.10.1 DUUR (MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR)

Die duur van die studie vir hierdie kwalifikasie is 'n **minimum van vier (4) jaar** en 'n **maksimum van vyf (5) jaar**.

Verlenging van die studietydperk kan geskied kragtens die bepalings van Algemene Reëls A.4.4 en A.5.6.

G.10.2 TOELATINGSVEREISTES VIR DIE KWALIFIKASIE

Die Algemene toelatingsvereistes geskied volgens Algemene Reël A.5.1.2.1 en verdere toepaslike bepalings in die Inleidende reël G.1.11.

- a) Universiteitstoelating;
- b) Wiskunde vlak 4 (50-59%) en Fisiese Wetenskap (Skeinat) vlak 4 (50-59%), en
- c) **APS-telling:** Die resultate behaal in vier Aangewysde Vakke plus twee NSS-vakke word in berekening gebring. Die resultate behaal in Lewensoriëntering word nie in berekening gebring nie.

'n APS-telling van minstens 26.

- d) **Taalvereiste:** 'n Slaagsyfer van 50-59% (vlak 4) in die taal van leer en onderrig op Huistaal- of Eerste Addisionele Taalvlak.
- e) Voornemende studente is onderhewig aan 'n keuringsproses wat uit die volgende komponente bestaan:
 - akademiese prestasie;
 - indien van 'n portefeulje; en
 - die aflegging van keuringstoetse.

Besonderhede van die keuringsvereistes en -prosedures kan van die direkteur van die Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe verkry word.

Aansoeke moet voor 31 Mei ingedien word.

*Inligting is onderhewig aan verandering

G.10.3 FAKULTEITSPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

Alle Voedingkundestudente wat vanaf 2011 wil registreer moet tydens registrasie bewys kan lewer van die ontvangs van 'n hepatitis B-inspuiting wat gedurende die vorige jaar toegedien is.

G.10.4 PROGRAM: VOEDINGKUNDE

G.10.4.1 Kwalifikasie- en programkode: 286 100

Die doel van die program is om voedingkundiges op te lei vir die uitgebreide gesondheidsmark. In die lig van die gesondheidsprobleme geassosieer met lewenstylveranderinge sowel as die MIV/VIGS pandemie, onder- en oorvoeding, is goeie voedingsorg vir gesonde sowel as siek mense in Suid-Afrika van die grootste belang. Die monetêre lading op die gesondheidsorg-dienste is buite beheer, en een van die basiese beginsels om die probleem te stabiliseer is vir voedingkundiges om goeie voedingsonderrig en gesondheidsorg toe te pas op alle vlakke van die samelewing.

G.10.4.2 Toelatingsvereistes van die program

Vereiste APS-telling: 26

Studente kan tydens hulle studie met die skriftelike toestemming (per voorgeskrewe studenteversoekevorm) van die Skooldirekteur/Administratiewe Bestuurder binne die toegelate wysigingstydperk die program/kurrikulum waarvoor hulle ingeskryf is, verander.

Erkenning van vorige leer sal, waar van toepassing, deur die fakulteitskomitee vir erkenning van vorige leer en volgens die beleid van die Universiteit daarvoor, verleen word.

G.10.4.3 Fakulteitspesifieke vereistes

- a) Studente is wetlik verplig om aan die begin van die eerste studiejaar as studentevoedingkundiges by die Professionele Raad (HPCSA) te registreer.
- b) Vir praktykopleiding in die vierde studiejaar is die besit van 'n motorrybewys voor die aanvang van die vierde studiejaar 'n vereiste.
- c) Studentelidmaatskap van die beroepsvereniging (ADSA) is verpligtend.
- d) Alle koste verbonde aan die praktykopleiding in die vierde studiejaar moet deur die student self gedra word.
- e) Geen student sal toegelaat word om in die vierde studiejaar op 'n huiskomitee van 'n koshuis te dien nie.

G.10.4.4 Modulelys 286 100 G401P

Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
Voorgeskrewe modules			
AGLA/E111	Inleiding tot Akademiese Geletterdheid	Kyk reël G.1.12	-
AGLA/E121	Akademiese Geletterdheid	AGLA/E111 (40)	12
WVGW221	Ken en verstaan die gesondheids-wêreld		12
WVPS312	Etiek vir Dieet- en Voedingkundiges		12
Anatomie			
ANAS122	Sistemiese anatomie		12
Biochemie			
BCHF215	Biochemie vir Gesondheids-wetenskappe	CHEM111 CHEM121	16
Chemie			
CHEM111	Inleidende anorganiese en fisiese chemie		12
CHEM121	Inleidende Organiese Chemie		12
Fisiologie			
FLGX113	Inleidende Fisiologie	* Sien nota	12
FLGX123	Membraan en Spierfisiologie	FLGX113 (40) ** Sien nota	12
FLGX213	Endokriene stelsel en Spysvertering	FLGX113 (40)	16
FLGX223	Fisiologiese verdedigings-meganismes	FLGX113 (40)	8
FLGX224	Metabolisme	FLGX213 (40)	8
FLGX314	Kardiovaskulêre Fisiologie		16
Gesondheidsorg en –bevoordering			
VPGR211	Inleiding tot primêre gesondheidsorg		8
Kommunikasiekunde			
KCOM112	Inleiding tot Kommunikasiekontekste		12
KCOM122	Inleiding tot Korporatiewe Kommunikasie		12
Mikrobiologie			
MKBX213	Mikrobiologie vir Voedsel en Voeding		8
Openbare Bestuur en Regering			
PUMA222	Die regering en volhoubare ontwikkeling		16
Psigologie			
PSYC321	Basiese hulpverlening en etiese gedrag		16

* Studente kan nie erkenning ontvang vir FLGX113 op grond van FLGX114 of FLPX112 wat reeds geslaag is, of andersom nie.

** Studente kan nie erkenning ontvang vir FLGX123 op grond van FLGX124 of FLPX122 wat reeds geslaag is, of andersom nie.

In modules FLGX123, FLGX213 & FLGX314 gebruik die studente platannas en rotte vir praktiese opleiding.

Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
Statistiek			
STTN111	Beskrywende Statistiek		12
Voeding			
HOBR615	Beleidsanalise en projekbestuur		32
PHNT412	Openbare gesondheidsvoeding as wetenskap		16
PHNC472	Openbare gesondheidsvoeding – Gemeenskapsvlak		24
PHND472	Openbare gesondheidsvoeding – Streeksvlak		24
PHNM472	Openbare gesondheidsvoeding – Bestuursvlak		24
NPRG321	Voedingprogrammering		16
VNAV472	Voedingnavorsing	VOED323	16
VNDL311	Voeding: lewenstylsiektoestande	FLGX113 (40) FLGX213 (40) VOED211 BCHF215 (40) OF BCHN213 (40) OF FLGX224 (40)	16
VOED113	Inleiding tot die professie		12
VOED122	Voedingstatus		12
VOED211	Nutriënte	VOED122 (40)	16
VOED221	Gesins- en gemeenskapsvoeding	VOED211 (40)	16
VOED323	Gevorderde voeding en voedingnavorsing	VNDL311 (40)	24
Voedsel			
VVDL112	Voedsel		12
VVDL123	Plantaardige voedselgroepe en -sisteme	VVDL112 (40)	12
VVDL213	Dierlike voedselgroepe en –sisteme	VVDL123 (40)	16
Voedseldiensbestuur			
VVDB313	Voedseldiensbestuur: Sisteme en grootskaalse produksie		16
VVDB324	Voedseldiensbestuur: Aspekte van bestuur		12

G.10.4.5 Kurrikulum: Voedingkunde

G.10.4.5.1 Kurrikulumuitkomst

Na voltooiing van die program behoort die student

- a) omvattende en sistematiese kennis te demonstreer van die gesondheid- en siekteprofiel van die inwoners van Suid-Afrika met verwysing na voedingstatus en voedingsbeleid, agente en organisasies betrokke by plaaslike, nasionale en internasionale voedsel en voedingsvraagstukke;
- b) vaardighede demonstreer om literatuursoektogte te onderneem ten einde relevante inligting te bekom om komplekse praktykgerigte voedingsprobleme te identifiseer, te ontleed, te interpreteer, tot gevolgtrekkings te kom en praktiese aanbevelings te maak en dit skriftelik te kommunikeer in 'n mini-skripsie/verslag asook mondeling voor te dra aan 'n portuurgroep en akademiese gehoor aan die hand van toepaslike IT;
- c) vermoë te demonstreer om kennis en kritiese begrip van beginsels, teorieë en tegnieke toe te pas om voedingsverwante gesondheidsprobleme van individue en gemeenskappe te identifiseer, analiseer en kreatiewe voedingsintervensieprogramme op eties verantwoordelike wyse te beplan, loods, evalueer en dokumenteer; en
- d) tegnieke en kennis van besigheidsbestuur te kan aanwend in eie praktyk, gemeenskapsvoeding en voedseldiensenhede.

G.10.4.5.2 Fakulteitspesifieke reëls vir kurrikulum

- a) Studente moet aan die voorvereistes van modules soos gestel in die modulelys voldoen, alvorens met die opvolgende modules voortgegaan kan word.
- b) Die vierde studiejaar kan slegs geneem word nadat alle modules soos voorgeskryf tot op die derde studiejaarvlak geslaag is.
- c) Deelnamebewys van 50% vir al die praktiese modules in die vierdejaar verleen toegang tot eksamen.
- d) Die suksesvolle voltooiing van die graad BSc (Voedingkunde) verleen toegang tot die MSc-graad in Voeding en is onderhewig aan 'n keuringsproses op grond van akademiese prestasie van die student asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep. Die volgende toelatingsvereistes geld:
 - Die student moet minstens 60% behaal het in elk van die volgende modules: VNDL311, VOED323 en VNAV472 of gelykwaardige modules.
 - Inleidende beskrywende statistiek (STTN111) of 'n gelykwaardige module is 'n newevereiste.

G.10.4.5.3 Samestelling van kurrikulum: Voedingkunde

Kwalifikasie- en programkode: 286 100; Kurrikulumkode: G401P

JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3			JAARVLAK 4		
Eerste semester			Eerste semester			Eerste semester			Jaarmodules		
Module-kode	Kern	Kr	Module-kode	Kern	Kr	Module-kode	Kern	Kr	Module-kode	Kern	Kr
AGLA111/ AGLE111#	A	-	BCHF215	X	16	FLGX314	H	16	HOBR615	H	32
CHEM111	X	12	FLGX213	H	16	VNDL311	H	16	PHNC472	H	24
FLGX113	H	12	MKBX213	X	8	VVDB313	H	16	PHND472	H	24
KCOM112	X	12	VOED211	H	16	STTN111	X	12	PHNM472	H	24
VOED113	H	12	VPGR211	X	8	WVPS312	X	12	*PHNT412	H	16
VVDL112	H	12	VVDL213	H	16				VNAV472	H	16
Totaal 1^{ste} semester		60	Totaal 1^{ste} semester		80	Totaal 1^{ste} semester		72			
JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3					
Tweede semester			Tweede semester			Tweede semester					
Module-kode	Kern	Kr	Module-kode	Kern	Kr	Module-kode	Kern	Kr			
AGLA121/ AGLE121	X	12	FLGX223	H	8	KCOM122	X	12			
ANAS122	X	12	FLGX224	H	8	NPRG321	H	16			
CHEM121	X	12	PUMA222	X	16	PSYC321	X	16			
FLGX123	H	12	VOED221	H	16	VOED323	H	24			
VOED122	H	12	WVGW221	X	12	VVDB324	H	12			
VVDL123	H	12									
Totaal 2^{de} semester		72	Totaal 2^{de} semester		60	Totaal 2^{de} semester		80	Totaal		136
Totaal Jaarvlak 1		132	Totaal Jaarvlak 2		140	Totaal Jaarvlak 3		152	Totaal Jaarvlak 4		136
Krediet totaal van die kurrikulum											560

Studente wat nie die verpligte vaardigheidstoets in akademiese geletterdheid geslaag het nie, is verplig om vir AGLA/E111 te registreer.

* PHNT412 is 'n eerste semester module

G.11 REÛLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS CURATIONIS

Die proses van herkurrikulering en belyning van hierdie kwalifikasie met ander kampusse sal in aanvang neem sodra die vereistes vir herkurrikulering van die statutêre raad ontvang is. Skakelmodules met ander Fakulteite of Skole wat reeds belyning is, is in die kurrikulum opgeneem en vanaf 2010 van toepassing.

G.11.1 DUUR (MINIMUM EN MAKSIMUM DUUR)

Die duur van die studie vir hierdie kwalifikasie is 'n **minimum van vier (4) jaar** en 'n **maksimum van vyf (5) jaar**.

Verlenging van die studietydperk kan geskied kragtens die bepalings van Algemene Reëls A.4.4 en A.5.6.

G.11.2 TOELATINGSVEREISTES VIR DIE KWALIFIKASIE

Die Algemene toelatingsvereistes geskied volgens Algemene Reël A.5.1.2.1 en verdere toepaslike bepalings in die Inleidende reël G.1.11.

- a) Universiteitstoelating;
- b) Fisiese Wetenskap of Lewenswetenskap of Wiskunde op vlak 4 (50-59%)
- c) Ondervinding in die praktyk (hospitaal skoliere program) ("skadu-verpleging").
- d) **APS-telling:** Die resultate behaal in vier Aangewysde Vakke plus twee NSS-vakke word in berekening gebring. Die resultate behaal in Lewensoriëntering word nie in berekening gebring nie.

'n APS-telling van minstens 25.

- e) **Taalvereiste:** 'n Slaagsyfer van 50-59% (vlak 4) in die taal van leer en onderrig op Huistaal- of Eerste Addisionele Taalvlak.
- f) Voornemende studente is onderhewig aan 'n keuringsproses wat onder andere die volgende behels:
 - 'n papierkeuring waar 'n vereiste van 'n APS-telling van 25 gestel word;
 - evaluering van akademiese geletterdheid (kyk G1.12 van hierdie jaarboek); en
 - 'n persoonlike keuringsonderhoud met 'n paneel.

Besonderhede van die keuringsvereistes en -prosedures kan van die direkteur van die Skool vir Verpleegkunde.

Aansoeke moet voor 31 Mei ingedien word.

*Inligting is onderhewig aan verandering

G.11.3 FAKULTEITSPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

Die voltydse voorgraadse program vir BCur word in Afrikaans aangebied. Tolking word vir die hele program vanaf Afrikaans na Engels gebied.

Eksamens en ander evaluerings, sowel as korrespondensie, kan in alle programme na keuse in Afrikaans of Engels afgelê of gevoer word.

Die deelnamepunt word vir hierdie kwalifikasie soos volg saamgestel:

- 4 evalueringspunte per 8 kredietmodule en
- 6 evalueringspunte per 16 kredietmodule.

Alle huidige Verpleegkundestudente sowel as studente wat vanaf 2010 wil registreer moet tydens registrasie bewys kan lewer van die ontvangs van die volgende immuniserings wat gedurende die vorige jaar toegedien is: Meningitis, Hepatitis A en B, Tetanus en Polio.

G.11.4 PROGRAM: VERPLEEGKUNDE

G.11.4.1 Kwalifikasie- en programkode: 120 101

Die BCur-program bied professionele en akademiese opleiding tot op NKR vlak 7(8) wat lei tot registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging as 'n verpleegkundige (Algemene-, Psigiatryse- en Gemeenskapsverpleegkundige) en vroedvrou in die kategorie gemeenskapsdiens en na voltooiing van een kalender jaar gemeenskapsdiens as Geregistreeerde Verpleegkundige (Algemene-, Psigiatryse- en Gemeenskapsverpleegkundige) en vroedvrou.

Artikulasie en uitreevlak – NKR vlak 5b(6)

Dit kan vir die student moontlik wees om na die suksesvolle voltooiing van die BCur-program tot op NKR vlak 5b(6) - tweedevlak, uit te tree en as gesondheidswerker (ingeskrewe verpleegkundige) by die SARV te registreer en sodanig onder toesig van 'n geregistreeerde verpleegkundige gesondheidsdiens te lewer.

G.11.4.2 Toelatingsvereistes van die program

Vereiste APS-telling: 25

Studente kan tydens hulle studie met die skriftelike toestemming (per voorgeskrewe studenterversoekvorm) van die Skooldirekteur/Administratiewe Bestuurder binne die toegelate wysigings tydperk die program/kurrikulum waarvoor hulle ingeskryf is, verander.

Erkenning van vorige leer sal, waar van toepassing, deur die fakulteitskomitee vir erkenning van vorige leer en volgens die beleid van die Universiteit daarvoor, verleen word.

G.11.4.3 Fakulteitspesifieke vereistes

Vergelyk ook G.1 van hierdie jaarboek.

G.11.4.4 Modulelys 120 101 G407P

Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
Voorgeskrewe modules			
AGLA/E111	Inleiding tot Akademiese Geletterdheid	Kyk reël G.1.12	-
AGLA/E121	Akademiese Geletterdheid	AGLA/E111 (40)	12
Anatomie			
ANAB111	Bewegingsanatomie		16
ANAS122	Sistemiese anatomie		12
Biochemie			
BCHG221	Kliniese Biochemie	FLPX112 (40) FLPX122 (40)	16
Farmakologie			
FKLG211	Farmakologie I		16
Fisiologie			
FLPX112	Fisiologie vir Farmasie en Verpleegkunde A	* Sien nota	12
FLPX122	Fisiologie vir Farmasie en Verpleegkunde B	** Sien nota	12
FLPX221	Fisiologie vir Farmasie en Verpleegkunde C		8
Fundamentele Verpleegkunde			
VPFB121	Basiese behoeftes en professionele vaardighede		16
VPFI111	Inleiding tot Fundamentele Verpleegkunde		16
VPFP171	Fundamentele Verpleegpraktyk		12*
Gemeenskapsverpleegkunde			
VPGI111	Inleiding tot Gemeenskapsverpleegkunde		8
VPGO221	Omvattende Primêre Gesondheidsorg		8
VPGP171	Gemeenskapsverpleegkunde praktyk		8*
VPGP271	Gemeenskapsverpleegkunde praktyk		12*
VPGR111	Gemeenskapsverpleegkunde prosesse		8
VPGR211	Inleiding tot Primêre Gesondheidsorg		8
VPGS311	Plattelandse en stedelike gemeenskapsgesondheid		8
VPGW211	Gesondheidsbevordering vir Verpleegkunde		8
Geringe ongesteldhede			
VPWB211	Belemmerde gesondheidstatus en geringe ongesteldhede		16
VPWG221	Geringe ongesteldhede		16
VPWP271	Geringe ongesteldhede in praktyk		16*

* Studente kan nie erkenning ontvang vir FLPX111 op grond van FLGX113 of FLGX114 wat reeds geslaag is, of andersom nie.

** Studente kan nie erkenning ontvang vir FLPX121 op grond van FLGX123 of FLGX124 wat reeds geslaag is, of andersom nie.

In modules FLPX122 & FLPX221 gebruik die studente platannas vir praktiese opleiding.

Modulekode	Beskrywende naam	Voorvereistes	Krediete
Gesondheidsdiensbestuur			
VPBB421	Gesondheidsdiensbestuursvaardighede		8
VPBP471	Gesondheidsdiensbestuurspraktyk		8*
Lewensstylverryking			
VPLS371	Lewensstylverryking		8
VPLS471	Psigiatriese- en verpleegvaardighede en –metodes		8
Mikrobiologie			
MKBN121	Mikrobiologie vir Verpleegkunde		12
Professionele praktyk			
VPPF411	Wetgewing en professionele praktykvoering		8
Psigiatriese Verpleegkunde			
VEPK311	Inleidende en Kliniese Psigiatriese Verpleegkunde		16
VPEP471	Psigiatriese Verpleegkunde praktyk		28*
VPER421	Psigiatriese Verpleegpraktykvoering		16
VPEV321	Psigiatriese vaardighede en metodes		16
VPGP372	Gemeenskaps- en Psigiatriese Verpleegkunde praktyk		8*
Psigologie			
PSYC211	Ontwikkelingspsigologie		16
Sosiologie			
SOCL222	Mediese Sosiologie		16
Spesialisasie Verpleegkunde			
VPXP371	Spesialisasie Verpleegkunde praktyk		16*
VPXS311	Spesialisasie Verpleegkunde		16
VPXS321	Spesialisasie Verpleegkunde		16
Verloskundige Verpleegkunde			
VPVA411	Gekompliseerde Verloskundige Verpleegkunde		16
VPVB321	Normale baring en gekompliseerde swangerskap		16
VPVI221	Inleidende Verloskundige Verpleegkunde en normale swangerskap		8
VPVN311	Normale neonat, puerperium en ouerskap		8
VPVP371	Verloskundige Verpleegkunde praktyk		18*
VPVP471	Verloskundige Verpleegkunde praktyk		32*
Verpleegnavorsing			
VPNN323	Inleiding tot Verpleegnavorsing		8
VPNN411	Metodologie van Verpleegnavorsing		8
VPNP471	Verpleegnavorsing projek		8

G.11.4.5 Kurrikulum: Algemene-, Psigiatrise-, Verloskundige- en Gemeenskapsverpleegkunde

G.11.4.5.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die student in staat te wees om:

Professionele, omvattende hoë kwaliteit, wetenskaplik gefundeerde verpleegsorg binne die multiprofessionele gesondheidsorgspan te lewer. Hierdie verpleging voorsien in die behoeftes van die tyd, die provinsie en die individu. Dit sal diensgerig, kultuursensitiewe versorging gebaseer op die primêre gesondheidsorgbenadering wees. Die verpleegkundige sal 'n kontinue strewe na persoonlike en professionele groei en gesondheid openbaar en ook by die pasiënt fasiliteer..

G.11.4.5.2 Fakulteitspesifieke reëls vir kurrikulum

- a) Studente in alle jaarvlakke (1^e tot 4^{de} jaar) volg vanaf 2010 die nuwe kurrikulum volg. Voorsiening word gemaak vir studente wat modules herhaal wat met ander gekonsolideer is.
- b) Studente moet aan die voorvereistes van modules soos gestel in die modulelys voldoen, alvorens met die opvolgende modules voortgegaan kan word.
- c) Studente is verplig om by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging te registreer.
- d) Dit word vereis dat die student by 'n professionele vakvereniging registreer en sodoende indemniteit verkry.
- e) Alle teoretiese en praktiese Verpleegkundemodules (d.i. hoofvakke) moet geslaag word alvorens 'n student vir 'n teoretiese of praktiese module in die daaropvolgende akademiese jaar kan registreer.
- f) Indien enige modules van die eerste en tweede akademiese jaar uitstaande is kan 'n student nie na die derde akademiese jaar bevorder word nie.
- g) Verloskundige Verpleegkunde praktyk (VPVP371) se verpligte kliniese ure word deur die statutêre raad voorgeskryf as 1kt = 20 nasionale ure = 18x20 = 360 uur. Wysiging van krediete beïnvloed die kliniese voorgeskrewe ure.
- h) Psigiatries Verpleegkunde praktyk (VPEP471) se verpligte kliniese ure word deur die statutêre raad voorgeskryf as 1kt = 20 nasionale ure = 28x20 = 560 uur. Wysiging van krediete beïnvloed die kliniese voorgeskrewe ure.
- i) Die suksesvolle voltooiing van die graad BCur verleen toegang tot die MCur-graad in die onderskeie spesialiseringsrigtings en is onderhewig aan 'n keuringsproses op grond van akademiese prestasie van die student asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep.

G.11.4.5.3 Samestelling van kurrikulum: Algemene-, Psigiatrise-, Verloskundige- en Gemeenskapsverpleegkunde

Kwalifikasie- en programkode: 120 101; Kurrikulumkode: G407P

JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3			JAARVLAK 4		
Eerste semester			Eerste semester			Eerste semester			Eerste semester		
Module-kode	Kern	Kr	Module-kode	Kern	Kr	Module-kode	Kern	Kr	Module-kode	Kern	Kr
AGLA111/ AGLE111#	A	-	PSYC211	X	16	FKLG211	X	16	**VPBP471	H	8
ANAB111	X	16	*VPGP271	H	12	VPEK311	H	16	*VPEP471	H	28
FLPX112	X	12	VPGR211	H	8	*VPGP372	H	8	**VPLS471	H	8
VPFH111	H	16	VPGW211	H	8	VPGS311	H	8	VPNN411	H	8
*VFPF171	H	12	VPWB211	H	16	**VPLS371	H	8	*VPNP471	H	8
VPGI111	H	8	*VPWP271	H	16	VPVN311	H	8	VPPF411	H	8
*VPGP171	H	8				*VPVP371	H	18	VPVA411	H	16
VPGR111	H	8				*VPXP371	H	16	*VPVP471	H	32
						VPXS311	H	16			
Totaal 1^{ste} semester		80	Totaal 1^{ste} semester		76	Totaal 1^{ste} semester		114	Totaal 1^{ste} semester		116
JAARVLAK 1			JAARVLAK 2			JAARVLAK 3			JAARVLAK 4		
Tweede semester			Tweede semester			Tweede semester			Tweede semester		
Module-kode	Kern	Kr	Module-kode	Kern	Kr	Module-kode	Kern	Kr	Module-kode	Kern	Kr
AGLA121/ AGLE121	X	12	BCHG221	X	16	VPEV321	H	16	VPBB421	H	8
ANAS122	X	12	FLPX221	X	8	VPNN323	H	8	VPER421	H	16
FLPX122	X	12	SOCL222	X	16	VPVB321	H	16			
MKBN121	X	12	VPGO221	H	8	VPXS321	H	16			
VPFB121	H	16	VPVI221	H	8						
			VPWG221	H	16						
Totaal 2^{de} semester		64	Totaal 2^{de} semester		72	Totaal 2^{de} semester		56	Totaal 2^{de} semester		24
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die ontstaan, handeling en etiek van Biokinetika te verstaan en te kan weergee; • verskillende vakspesifieke teorieë, terminologieë en definisies te kan weergee en toepas; • die fisiologiese en oefeningsfisiologiese beginsels van fisiese aktiwiteit, fisiese fiksheid, oefening en inoefening as voorkomende en behandelings modaliteite volledig verstaan, interpreteer en toe te pas binne die werksomgewing; • die invloed van hipokinetiek op gesondheid verstaan, identifiseer en bepaalde leefstylaanpassings kan implementeer; • om die impak van veroudering en dekontisionering op die kardiovaskulêre, pulmonêre, musko-skeletale, senuwee en immunitet sisteme te verstaan, weer te gee en dit te voorkom; • beroep spesifieke fisopatologie en psigopatologie in verband met gesondheid te bring om bepaalde risiko stratifikasie, intervensie en voorkomende strategieë te implementeer; • 'n elementêre kennisbasis en samehangende en kritiese begrip te demonstree van die belangrikste etiese probleme wat met die vakgebied geassosieer word asook die belangrikste grondslagvrae in die vakgebied; • etiese kwessies in die hantering van pasiënte en –inligting krities te kan ontleed en bespreek. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	50 : 50	
Modulekode: MBWK324	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Navorsingsmetodologie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n omvattende en sistematiese kennis beskik wat gebaseer is op 'n begrip van wetenskaplike navorsing wat die volgende insluit: die seleksie van 'n komplekse en werklike wêreldprobleem; die opsporing en gebruik van die geskikte verwysings; die kritisering van navorsingstudies; die gebruik van stappe van wetenskaplike navorsing; die tipe van proefpersoonseleksies en die gevolglike skryf van 'n literatuuroorsig in MBW deur van die NWU-styl gebruik te maak; • 'n samehangende en kritiese begrip hê van navorsingsmetodes in Menslike Bewegingskunde sowel as terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë; en die vermoë om die nuwe kennis op 'n gegewe liggaam van teorie toe te pas; • 'n begrip van die verskillende tipes van navorsingsmetodes van ondersoek wat in Menslike Bewegingskunde gebruik 	

	<p>word, kan toon;</p> <ul style="list-style-type: none"> • die vermoë toon om met konkrete en abstrakte probleme en kwessies te handel deur gebruik te maak van bewysgebaseerde oplossings en teorie-gedrewe argumente in Menslike Bewegingskunde; • die vaardighede toon om statistiese analyses, tabelle, beskrywende verskille tussen/in groepe en verbande tussen/in veranderlikes epidemiologies en deur middel van kwalitatiewe en eksperimentele navorsing te interpreteer en op te som deur 'n navorsingsverslag op te stel deur die gebruik van die geskikte IT-vaardighede; • die vermoë toon om navorsingsbevindinge te debatteer en dan mondelings sowel as geskrewe kan kommunikeer deur gebruik te maak van die geskikte tegnologieë en eties korrek op te tree in die uitvoering van alle take. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	50 : 50	
Modulekode: MBWK325	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Toegepaste Oefenkundepraktyk	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde kennis van oefenфизиologie, anatomie en oefeningsapparaat wat in verband staan met basiese weerstands-, interval-, soepelheids-, pliometrie- en gewigsverliesprogrammering in probleemoplossing te kan demonstree en spesifieke oefeningsriglyne en kliënte-behoefes in ag kan neem by die samestelling, motivering, analise, evaluering en aanpassing sowel as uitvoering van sulke tipe programme; • voedingsriglyne met betrekking tot mikro- en makronutriënte vir sportlui te kan deurgee sowel as riglyne met betrekking tot pre-, tydens en postkompetiese-maaltye en orale rehidrasie-oplossings en dié inligting te kan toepas om gevalle-studieprobleme op te los; • in alle vorms van kommunikasie aan te toon dat 'n gevestigde waardesisteem onderliggend is en dat daar eties korrek en binne verlangde parameters opgetree word in oefeningsbeplanning, uitvoering daarvan en ander samehangende aspekte in aanmerking geneem is. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Prakties	

G.13.4.1.3 Rekreasiekunde

Modulekode: RKKX113	Semester 1	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Inleiding tot Rekreasiekunde	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • basiese/fundamentele kennis van die historiese ontwikkeling van rekreasie, die status van rekreasie- 	

	<p>voorsiening binne Suid-Afrika en ook rekreasie-strukture binne Suid-Afrika te kan weergee;</p> <ul style="list-style-type: none"> doeltreffende en doelmatige vaardighede rakende die rol van die rekreasiekundige binne die hedendaagse samelewing te demonstree; 'n samehangende en kritiese begrip van die sosiale, psigologiese, fisieke en omgewingsvoordele van rekreasie-deelname asook van die verskillende programareas en -formate te toon; 'n eties verantwoordbare houding jeens die verskillende vorme van rekreasie te openbaar en by ander te stimuleer. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	50 : 50	
Modulekode: RKKX123	Semester 2	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Inleiding tot Buitelugrekreasie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> basiese/fundamentele kennis van die historiese ontwikkeling van buitelugrekreasie krities te kan weergee; doeltreffende en doelmatige evalueringsvaardighede te demonstree om bekende probleme met betrekking tot veiligheidsbestuur op 'n verantwoordbare wyse op te los; 'n samehangende en kritiese begrip van die filosofiese fondasies en hoekstene van buitelugrekreasie te toon; op 'n eties verantwoordbare wyse buitelugrekreasiedienste te kan lewer. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	50 : 50	
Modulekode: RKKX214	Semester 1	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 16
Titel:	Rekreasie Leierskap	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> grondige kennis rakende rekreasie leierskap, insluitende leierskapsteorieë en –tegnieke te demonstree; praktiese leierskapsvaardighede toe te pas tydens die leiding van verskillende teikengroepe; bekende en onbekende probleme rakende rekreasie leierskap te identifiseer en aan die hand van verskillende leierskapsbeginsels en –teorieë op 'n eties verantwoordbare wyse op te los 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	50 : 50	
Modulekode: RKKX224	Semester 2	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 16
Titel:	Toegepaste Rekreasie Praktyk	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> grondige kennis rakende die gebruik en aanbieding van 'n verskeidenheid avontuuraktiwiteite te kan demonstree; 	

	<ul style="list-style-type: none"> • praktiese vaardighede vir 'n verskeidenheid avontuuraktiwiteite toe te pas binne bekende omgewings; • bekende en onbekende risiko's verbonde aan 'n verskeidenheid avontuuraktiwiteite te kan identifiseer en op etiese verantwoordbare wyse te bestuur. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	50 : 50	
Modulekode: RKKX314	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Professionele kwessies in Rekreasiekunde	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • afgeronde kennis rakende die aard en belangrikheid van etiek binne die lewering van rekreasiedienste, sowel as die verskillende etiese teorieë te kan demonstreer; • vaardighede rakende die gebruik van etiese teorieë te kan toepas ten einde huidige professionele kwessies rakende die lewering van rekreasie te kan ontleed en oordeel daaroor te vel; • etiese dilemmas binne rekreasiedienstelewering te kan identifiseer en op te los. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	50 : 50	
Modulekode: RKKX315	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Vryetydsfasilitering	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • afgeronde kennis van begrippe, tegnieke, metodes en prosesse relevant tot fasilitering te kan weergee; • doeltreffende en doelmatige fasiliteringsvaardighede te demonstreer deur middel van verskillende fasiliterings-tegnieke; • 'n samehangende en kritiese begrip van die leierskaprol binne fasilitering, beginsels van funksionele groei en opvoedkundige modelle van ervaringsleer te toon en die vermoë om dit binne die praktyk toe te pas; • 'n eties verantwoordbare houding jeens die verskillende vorme van rekreasie te openbaar en by ander te stimuleer. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	50 : 50	
Modulekode: RKKX324	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Vryetydsprogrammering	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:	

	<ul style="list-style-type: none"> om 'n kennisbasis van die proses vir die lewering van omvattende vryetydsdienste te beskik met verwysing na strategieë en metodes van programdienslewering binne die huidige ontwikkeling in die veld van studie; doeltreffende beplanningsvaardighede te kan toepas om 'n verskeidenheid van populasies betrokke te kry by vryetydsdeelname; begrip te toon van die navorsing en tegnologie om die modelle van vryetydsdienslewering te kan kombineer met die oog op die lewering van vryetydsdienste; om op 'n eties verantwoordbare wyse die problematiek van vryetydsdeelname te kan oplos en 'n bydrae te lewer tot die bewuswording van Rekreasie binne die Suid-Afrikaanse konteks. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	50 : 50	
Modulekode: RKKX325	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Rekreasiebestuur	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> afgeronde kennis rakende die aard en komponente van rekreasiebestuur te kan verduidelik; bestuursvaardighede toe te pas tydens die uitvoer van bestuursfunksies kennis rakende die verskillende bestuursfunksies; bekende en onbekende probleme binne rekreasiedienslewering te kan identifiseer en op grond van teoretiese kennis op te los deur effektiewe administrasie en eties verantwoordbare bestuur toe te pas. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	50 : 50	

G.13.4.1.4 Sportkunde

Modulekode: MBXG114	Semester 1	NKR-Vlak: 5a(6) Krediete: 8
Titel:	Afrigtingskunde in Gholf	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> die vermoë te toon om basiese gholfvaardighede uit te voer; die reëls van die spel te ken en te kan toepas; kennis te toon van effektiewe beplanningsvaardighede om suksesvol as gholfafrigter te kan optree; prakties 'n effektiewe afrigtingsessie vir ander studente aan te bied; etiese gebruike van die spel korrek te verstaan en toe te pas. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	50 : 50	

Modulekode: MBXR112	Semester 1	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Supplementasie en Ergogeniese middels	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • te kan onderskei tussen die verskillende kategorieë van ergogeniese middels; • te onderskei tussen wettige en onwettige middels in sport; • verslag te doen oor die etiese aspekte rakende die gebruik van ergogeniese middels in sport; • breedvoerig die verskillende produkte te kan bespreek wat sportlui as supplementasie gebruik; • sekere definisies met betrekking tot supplementasie in sport te kan weergee. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	50 : 50	
Modulekode: MBXR114	Semester 1	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Basiese Anatomie en Energiesisteme	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die verskillende begrippe wat in anatomie gebruik word te kan definieer en toepas in die identifisering en beskrywing van die verskillende skeletale en muskulêre strukture; • die anatomiese strukture van die verskillende bene (skeletale sisteem) en gewigte (artikulêre sisteem) sowel as primêre spiere (muskulêre sisteem) skriftelik en mondelings te kan noem en identifiseer; • te verstaan hoe die verskillende fisiologiese prosesse in die liggaam by korttermyn- en langtermyn oefening aanpas deur na die inoefening van die verskillende energiesisteme te verwys. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	50 : 50	
Modulekode: MBXA124 OF MBXC124 OF MBXR124 OF MBXS124	Semester 2	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Spelvaardigheidsontwikkeling in Atletiek OF Krieket OF Rugby OF Sokker	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • feitekennis rakende verskillende aspekte van suksesvolle afrigters, -afrigting, lesplanopstelling, vaardigheidsaanlering en reëls te kan weergee; • lesplanne saam te stel, te organiseer, uit te voer, aan te pas en binne 'n afrigtingsituasie te kan toepas; • voor-kompetisie en kompetisie programme vir verskillende groepe spelers te kan beplan, opstel en te kan aanbied; • die wetenskaplike program waarvolgens nuwe vaardighede aangeleer moet word te bemeester en effektief tydens praktiese sessies toe te pas; 	

	<ul style="list-style-type: none"> • effektiewe afrigting aan spelers te bied (met inagneming van hul motoriese-, sosiale-, psigologiese vlak van ontwikkeling) ten einde 'n lewenslange belangstelling in die sportsoort te bewerkstellig en die korrekte tegniek vir vaardighede te vestig. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	50 : 50	
Modulekode: MBXK124	Semester 2	NKR-Vlak: 5a(6) Krediete: 12
Titel:	Generiese Sportafrigtingskunde	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die verskillende hoedanighede van 'n afrigter te vertolk en spelers (van alle ouderdomme en vlakke van deelname) op 'n wetenskaplik en eties verantwoorde wyse te onderrig in die verskillende grondbeginsels van die sport, ten einde optimale prestasie te bevorder; • die basiese/fundamentele kennis en eise wat die afrigters-beroep in sport stel, te kan beskryf en motiveer; • die verskillende doelstellings van die afrigter te identifiseer en u eie afrigtingsdoelstellings daaruit te formuleer; • u eie benadering tot afrigting gegronde op die verskillende hoedanighede- en doelstellings van afrigting, te ontwikkel en toe te pas; • praktiese vaardighede met betrekking tot interpersoonlike interaksie te ontwikkel en in afrigtingsituasies toe te pas; • kommunikasievaardighede tydens die afrigtingsproses te gebruik; • sport en speletjies te gebruik om spelers in spesifieke afrigtingsomstandighede te ontwikkel; • wetenskaplike beginsels te identifiseer wat kan bydra tot die ontwikkeling van vaardighede en taktiek; • wetenskaplike beginsels met betrekking tot interaksie van vaardighede en praktiese toestande te ontleed en aan te pas. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	50 : 50	
Modulekode: MBXA211 OF MBXN211 OF MBXS211 OF MBXT211	Semester 1	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 8
Titel:	Afrigtingskunde in Atletiek OF Netbal OF Swem OF Tennis	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • feitekennis rakende verskillende aspekte van suksesvolle afrigters, afrigting, lesplanopstelling, vaardigheidsaanlering en reëls te kan weergee; • lesplanne saam te stel, te organiseer, uit te voer, aan te pas en binne 'n afrigtingsituasie te kan toepas; • voor-kompetisie en kompetisie programme vir verskillende groepe spelers te kan beplan, opstel en aanbied; • die wetenskaplike program waarvolgens nuwe vaardighede 	

	<p>aangeleer moet word te bemeester en effektief tydens praktiese sessies toe te pas;</p> <ul style="list-style-type: none"> • effektiewe afrigting aan spelers te bied (met inagneming van hul motoriese-, sosiale-, psigologiese vlak van ontwikkeling) ten einde 'n lewenslange belangstelling in die sportsoort te bewerkstellig en die korrekte tegniek vir vaardighede te vestig.
Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	50 : 50

MBXA211 is nie deel van Diploma in Sportkunde nie

Modulekode: MBXR214	Semester 1	NKR-Vlak: 6 Krediete: 8
Titel:	Sportfisiologie in Praktyk	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • besondere kennis en begrip te demonstreer van feite, sleutel terme, beginsels, reëls en teorieë van obesiteit, weerstand en interval werk asook van oefeningsapparate en –tegnieke; • vaardighede te demonstreer om kennis, metodes en tegnieke op eties verantwoordelike wyse toe te pas om die voorkoms van obesiteit te identifiseer en moontlike fisiologies gefundeerde oplossings te formuleer en gewigsverliesprogramme te ontwikkel om die gewenste resultate te lewer; • vermoë te demonstreer om sportfisiologiese probleme te identifiseer, te analiseer en evalueer en dan op verantwoordbare wyse wetenskaplike kennis en vaardighede toe te pas om oplossings binne die kondisioneringsprogram te kan voorstel en implementeer om sportprestasie te bevorder; • resultate en voorstelle op verantwoordelike, betroubare en akkurate wyse skriftelik, mondelings en/of deur demonstrasies te kommunikeer. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	50 : 50	
Modulekode: MBXR216	Semester 1	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 16
Titel:	Spelanalises en –voorbereiding	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • onderskeid te tref tussen die verskillende wedstrydplanne; • spelanalises te kan doen en die resultate daarvan te kan interpreteer; • in die lig van bogenoemde analises vir sy eie span die mees geskikste wedstrydplan saam te stel en dan sy span diensooreenkomstig fisiek en takties voor te berei. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	50 : 50	

Modulekode: MBXR217	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 8
Titel:	Sportbestuur	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • toepaslike feitekennis met betrekking tot bestuurstake in sport te kan toepas; • verskeie definisies met betrekking tot sportbestuur te ken en kan weergee; • bestuurs kommunikasievaardighede prakties en teoreties te kan weergee; • 'n finansiële bestuurstelsel van 'n sportklub te kan verstaan en self te ontwikkel. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	50 : 50	
Modulekode: MBXR218	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Sportkommersialisering, Sportontwikkeling en Sportreg	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <p>Sportkommersialisering</p> <ul style="list-style-type: none"> • die definisie van sportkommersialisering te verstaan en kan verduidelik; • strategiese bemarkingsbestuur te kan ontleed, verstaan en toepas; • 'n sportbemarkingsplan ten volle te kan ontwikkel en implimenteer; • te bepaal en te verstaan wat die verskillende gedragspatrone van die sportverbruiker is; • marksegmentering te kan definieer en verduidelik, asook die strategieë en taktieke; • die sportprodukt, promosies, verkope en prys strategieë te verstaan en effektief toe te pas. <p>Sportontwikkeling</p> <ul style="list-style-type: none"> • fasiliteite vir sportontwikkeling te kan bestuur; • 'n volledige sessie te kan beplan, uitwerk en toepas met die kinders; • 'n klub te kan stig; • die sportstrukture van Suid-Afrika te verstaan. <p>Sportreg</p> <ul style="list-style-type: none"> • die wet te kan toepas op sport met inagneming van die algemene wet, kriminele wet en siviele wet; • te verstaan hoe 'n klub/assosiasie/ongeaaffilieerde assosiasie se konstitusie volgens die wetlike aspekte ontstaan en opgestel word; • te weet wat sê die wet oor beserings tydens wedstryde tussen twee of meer partye, dissiplinêre prosesse en wie die verantwoordelike persone is tydens byeenkomste/toernooie; 	

	<ul style="list-style-type: none"> • kennis aangaande handelsmerke en hul wetlike aspekte soos kopiereg, patente reg en etiese konsepte ten volle te verstaan; • 'n persoon indiens te neem volgens die riglyne van die wet op arbeidsverhoudinge en 'n kontrak op te stel met al die wetlike spesifikasies. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	50 : 50	
Modulekode: MBXR219	Semester 1	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 8
Titel:	Sportorganisasie en –administrasie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • kennis en vaardighede van menslike beweging te integreer met beginsels van rekreasie en avontuurpraktyke wat vir sport, gesondheid en menslike ontwikkeling toepaslik is in die verwerwing van toegepaste bevoegdhede deur probleemoplossing, uitvoering van projekte, hantering van lewenswerklike gevalle studies en praktykgerigte scenario's; • individueel of in groepe bewysgedrewe interpretasie deur analise, sintese en evaluering aan navorsingsresultate te kan heg deur dit teoreties te kan fundeer en dit met behulp van IT skriftelik en mondeling te kan kommunikeer aan leke en professionele gehore; • dit te kan demonstreer dat in die bereiking van uitkomste, die beredenerings en kommunikasie gebaseer is op 'n suiwer wêreld- en mensbeskouing en 'n gevestigde waardesistiem. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	50 : 50	
Modulekode: MBXG221 OF MBXH221 OF MBXK221 OF MBXR221	Semester 2	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 8
Titel:	Afrigtingskunde in Gimnastiek OF Hokkie OF Krieket OF Rugby	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <p>Gimnastiek</p> <ul style="list-style-type: none"> • kennis te demonstreer van tegnieke, hulpverlening en aanleermetodes en foutontleding in gimnastiek; • die vermoë te toon om basiese gimnastiekvaardighede uit te voer; • in die onderrig-/leersituasie gimnastiekvaardigheid te verbeter deur goed te beplan/ontwerp/in te oefen; • kennis te toon van effektiewe beplanningsvaardighede om suksesvol as gimnastiekafrigter te kan optree in 'n klubsituasie; • aan al die vereistes wat gestel word om as 'n General Sports Leader afrigter te kan kwalifiseer, te voldoen; • kennis oor veiligheidsmaatreëls, gimnastiekbeserings en die behandeling daarvan, te demonstreer; 	

- die proses van talentidentifisering in gimnastiek te kan verduidelik, demonstreer en toepas;
- beserings van toepassing op gimnastiek te kan identifiseer, en behandel, asook voorkomende veiligheidsmaatreëls te kan beplan en uitvoer;
- sportwetenskaplike beginsels soos biomeganiese kennis en jaarprogrambeplanning, te kan toepas in die afronding van gimnastiekbewegings;
- 'n eties verantwoorde houding/benadering jeens gimnastiekafrigting en talentidentifisering in gimnastiek te openbaar;
- effektief in groepsverband/spanverband saam te werk.

Hokkie

- die wetenskaplike program waarvolgens nuwe vaardighede aangeleer moet word te bemeester en effektief tydens praktiese sessies toe te pas;
- effektiewe afrigting aan kinders te bied, (met inagneming van hul motoriese-, sosiale-, psigologiese vlak van ontwikkeling) ten einde 'n lewenslange belangstelling in die sportsoort te bewerkstellig en die korrekte tegniek vir hokkievaardighede te vestig;
- kennis te demonstreer van tegnieke, hulpverlening en aanleermetodes en foutontleding in hokkie;
- in die onderrig-/leersituasie hokkievaardigheid te verbeter deur goed te beplan/ontwerp/in te oefen;
- kennis te toon van effektiewe beplanningsvaardighede om suksesvol as hokkieafrigter te kan optree in 'n klub en/of skoolsituasie;
- effektief in groepsverband/spanverband saam te werk.

Krieket

- die wetenskaplike program waarvolgens nuwe vaardighede aangeleer moet word te bemeester en effektief toe te pas tydens oefensessies;
- kennis aangaande die biomeganiese aspekte van die spel se grondbeginsels op 'n praktiese toepasbare wyse te ontwikkel en prakties toe te pas;
- te weet watter beserings in dié sportsoort algemeen voorkom;
- te weet hoe u as Sportkundige en Menslike Bewegingskundige te werk moet gaan om die beseringsproblematiek aan te spreek in u voornemende hoedanigheid as krieketafrigter;
- as Christen deurgaans u optrede as afrigter in die lig van God se Woord te kan verantwoord;
- die bemeestering van genoemde uitkomst behoort u in staat te stel om:
 - 'n Verenigde Krieketraad van Suid Afrika Afrigter sertifikaat (Vlak 1) te kan verwerf*
 - 'n Suid Afrikaanse Krieket Skeidsregters Vereniging (Vlak D) Sertifikaat te kan verwerf*

	<p>Beide bogenoemde sertifikate kan opsioneel verwerf word (met addisionele koste en kursusbywoning) en sal op aanvraag met die Noordwes Krieketunie gereël word.</p> <p>Rugby</p> <ul style="list-style-type: none"> • die vermoë te toon om basiese rugbyvaardighede uit te voer; • in die onderrig-/leersituasie rugbyvaardighede te verbeter deur goed te beplan/ontwerp/en in te oefen; • kennis te toon van effektiewe beplanningsvaardighede om suksesvol as rugbyafrigter/afrigter te kan optree in 'n klubsituasie; • prakties 'n effektiewe afrigtingsessie vir ander studente aan te bied.
Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	50 : 50

MBXK221 en MBXR221 is nie deel van Diploma in Sportkunde nie

Modulekode: MBXA225 OF MBXC225 OF MBXR225 OF MBXS225	Semester 2	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 16
Titel:	Spelvaardigheidstoepassing in Atletiek OF Krieket OF Rugby OF Sokker	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • spelers op 'n wetenskaplike wyse te kan afrig in die toepassing van die spelvaardighede, spelfasette, en spesiale spel in spelverband. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	50 : 50	
Modulekode: MBXA324 OF MBXC324 OF MBXR324 OF MBXS324	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 32
Titel:	Afrigtingskunde Praktyk in Atletiek OF Krieket OF Rugby OF Sokker	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • aan alle fasette rakende die afrigtingsberoep met betrekking tot die betrokke sport blootgestel te wees en kry hulle geleentheid om dit prakties in te oefen. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Prakties	

G.13.4.2 SKOOL VIR FARMASIE

G.13.4.2.1 Farmakologie

Modulekode: FKLG211	Semester 1	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 16
Titel:	Farmakologie I	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:	

	<ul style="list-style-type: none"> • 'n basiese kennis en begrip te toon van die grondbeginsels van farmakodinamika, farmakokinetika en toksikologie in farmakologie; • 'n algemene kennis van die farmakologiese klassifikasie van geneesmiddels, met geselekteerde voorbeelde, te kan weergee en toepas; • vaardigheid te toon ten opsigte van dosisberekenings van verskeie doseervorme; • bevoeg te wees om die mees resente of ontbrekende inligting oor geneesmiddels en behandeling in toepaslike bronne te vind; • bevoeg te wees om ongekompliseerde farmakologiese behandelingsregimes te kan evalueer en sinvolle advies te kan lewer, en • op 'n eties verantwoordbare wyse voorgeskrewe farmakoterapeutiese en aanvullende behandelingsregimens te interpreteer en beperkte geneesmiddelseleksie te kan doen in ongekompliseerde siektetoestande. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1x3 uur 1 : 1	
Modulekode: FKLG221	Semester 2	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 24
Titel:	Farmakologie II	
Module-uitkomst:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die basiese beginsels van transduksiesisteme en die verband daarmee met geneesmiddelwerking • die relevante prosesse betrokke by neurotransmissie en dit in verband te kan bring met bepaalde geneesmiddelwerkings in die perifere sensustelsel; • die aspekte betrokke by geneesmiddelwerking in die perifere sensuweestelsel en renale stelsels en dit in verband te kan bring met die onderskeie siektetoestande geassosieer met dié onderskeie stelsels; • die fisiologiese rol van die outakoïede en dit in verband te kan bring met geneesmiddelwerking waartydens hierdie stowwe se effekte beïnvloed word; • die farmakologie van middels wat 'n invloed uitoefen op prostaglandienbiosintese en dit te integreer met die behandeling van koors, inflammasie, pyn, rumatoïede artritis, jig, en migraine; • die relevante aspekte betrokke by geneesmiddelwerking in die respiratoriese en spysverteringstelsel en dit in verband te kan bring met die onderskeie siektetoestande geassosieer met hierdie stelsel; • die fisiologiese rol van vitamien-, mineraal- en voedingsaanvullings en dit in verband te bring met terapie van geselekteerde siektetoestande; • die farmakokinetiese beginsels en terminologie insake die geneesmiddels wat in hierdie module vervat is; <p>en oor die nodige vaardighede en bevoegdhede te beskik om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • inligting uit bronne te ontsluit en te verifieer; 	

	<ul style="list-style-type: none"> • binne die konteks van die module differensiële diagnoses te kan maak; • geskikte geneesmiddels teen bepaalde siektetoestande te kan selekteer; • inligting en advies skriftelik en verbaal aan pasiente, die publiek en gesondheidsprofessies te kan kommunikeer; • toepaslike tegnologie te kan gebruik in die uitvoering van pligte en verantwoordelikhede, kommunikasie en navorsing; • as lid van 'n groep/span te kan funksioneer; • geneesmiddelveroorsaakte probleme in die konteks van die betrokke module te kan voorkom / oplos, bv. newe-effekte, toksisiteit, interaksies; <p>en ten opsigte van toepaslike waardes in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • vanuit 'n gevestigde eties-morele waardesisteem in belang van die pasiënt te kan optree. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 2x2uur 1 : 1	
Modulekode: FKLG311	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Farmakologie III	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die psigopatologie van die verskillende psigiatriese steurnisse; • simptome en tekens van enkele neurologiese toestande (hoofpyne, migraine, epilepsie en Parkinsonisme); <p>en oor afgeronde kennis beskik van:</p> <ul style="list-style-type: none"> • al die aspekte betrokke by geneesmiddelwerking in die sentrale senustelsel en dit in verband te kan bring met die onderskeie psigiatriese en neurologiese siektetoestande; • die farmakologie van opioïedanalgetika, lokaalanestetika en algemene anestetika; • al die aspekte betrokke by geneesmiddelwerking in die kardiovaskulêre stelsel en dit in verband te kan bring met geselekteerde kardiovaskulêre toestande <p>en oor die nodige vaardighede en bevoegdhede te beskik om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • inligting uit toepaslike bronne te ontsluit en te verifieer; • binne die konteks van hierdie module differensiële diagnoses te kan maak; • geskikte geneesmiddels teen bepaalde siektetoestande te kan selekteer; • pasiënte met 'n afhanklikheidsprobleem toepaslik en professioneel te hanteer; • inligting en advies skriftelik en verbaal aan pasiente, die publiek en gesondheidsprofessies te kan kommunikeer; • as lid van 'n groep/span te kan funksioneer • geneesmiddelveroorsaakte probleme (bv. newe-effekte, toksisiteit, interaksies) in die konteks van die betrokke module te kan voorkom / oplos, en <p>en ten opsigte van toepaslike waardes in staat wees om:</p>	

	<ul style="list-style-type: none"> • vanuit 'n gevestigde eties-morele waardesisteem in belang van die pasiënt te kan optree. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1	
Modulekode: FKLG321	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Farmakologie IV	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die mikrobiologiese oorsake, algemene simptome en tekens van infeksies en infestasies <p>en oor afgeronde kennis beskik van:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die farmakologiese eienskappe en farmako-terapeutiese beginsels van geneesmiddels teen mikrobiologiese infeksies en parasitêre infestasies. • geskikte geneesmiddelbehandeling vir spesifieke infeksietoestande met inagneming van spesiale omstandighede soos swangerskap, pediatriese en geriatriese pasiënte. <p>en oor die nodige vaardighede en bevoegdhede te beskik om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • inligting uit bronne te ontsluit en te verifieer. • binne die konteks van die module differensiële diagnoses te kan maak • geskikte geneesmiddels teen infeksies en infestasies te kan selekteer • inligting en advies skriftelik en verbaal aan pasiënte, die publiek en gesondheidsprofesies te kan kommunikeer • as lid van 'n groep/span te kan funksioneer • geneesmiddelveroorsaakte probleme (bv. nuwe-effekte, toksisiteit, interaksies van antimikrobiologiese middels) in die konteks van die betrokke module te kan voorkom / oplos, en <p>en ten opsigte van toepaslike waardes in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • vanuit 'n gevestigde eties-morele waardesisteem in belang van die pasiënt te kan optree. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1	
Modulekode: FKLG411	Semester 1	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 16
Titel:	Farmakologie V	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • simptome en tekens van spesifieke endokriene sieket-oestande en spesiale ondersoeke; <p>en oor afgeronde kennis beskik van:</p> <ul style="list-style-type: none"> • al die aspekte betrokke by geneesmiddelwerking in die endokriene stelsel en dit in verband te kan bring met die onderskeie endokriene sieket-oestande; • geskikte geneesmiddelbehandeling vir spesifieke endokriene toestande met inagneming van spesiale omstandighede soos swangerskap, pediatriese en geriatriese pasiënte; 	

	<p>en oor die nodige vaardighede en bevoegdhede te beskik om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • inligting uit bronne te ontsluit en te verifieer. • binne die konteks van die module differensiële diagnoses te kan maak • geskikte geneesmiddels vir behandeling te kan selekteer • inligting en advies skriftelik en verbaal aan pasiënte, die publiek en gesondheidsprofessies te kan kommunikeer • as lid van 'n groep/span te kan funksioneer • geneesmiddelveroorsaakte probleme (bv. nuwe-effekte, toksisiteit, interaksies) in die konteks van die betrokke module te kan voorkom / oplos, en <p>en ten opsigte van toepaslike waardes in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • vanuit 'n gevestigde eties-morele waardesisteen in belang van die pasiënt te kan optree. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1	
Modulekode: FKLG421	Semester 2	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 16
Titel:	Farmakologie VI	
Module-uitkomst:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • al die farmakologiese en farmakoterapeutiese beginsels betrokke by chemoterapie van neoplastiese toestande en die terapie van dermatologiese sieketoestande; • die <i>etiologie</i> (sowel mikrobiologies as immunologies) van spesifieke veltoestande asook die simptome en tekens van spesifieke veltoestande; • immunisasie en immunisasieskedules <p>en oor afgeronde kennis beskik van:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die terapie van veltoestande; • geskikte geneesmiddelbehandeling vir toestande van die hematopoietiese stelsel en geselekteerde immunologiese toestande; • seksuele gesondheid en disfunksie en die terapie daarvan; • die toepassing van farmakokinetiese beginsels in bepaalde pasiëntpopulasies; <p>en oor 'n omvattende en sistematiese kennis beskik van:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die farmakologie en terapie (terapeutiese en belangrikste ongewenste effekte en toepaslike meganismes waarvolgens dit ontlok word, klinies-belangrike kinetika, belangrikste kliniese gebruike en klinies-belangrike geneesmiddelinteraksies) van alle geneesmiddelgroepe (soos vervat in hierdie en al die voorafgaande modules in farmakologie); <p>en oor die nodige vaardighede en bevoegdhede te beskik om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • inligting uit bronne te ontsluit en te verifieer. • binne die konteks van die module differensiële diagnoses te kan maak • geskikte geneesmiddels teen 'n verskeidenheid sieketoestande te kan selekteer en in komplekse scenario's op geïntegreerde wyse identifiseer en analiseer 	

	<ul style="list-style-type: none"> • inligting en advies skriftelik en verbaal aan pasiënte, die publiek en gesondheidsprofessies te kan kommunikeer as lid van 'n groep/span te kan funksioneer • geneesmiddelveroorsaakte probleme (bv. nuwe-effekte, toksiteit, interaksies) in 'n geïntegreerde kliniese konteks van alle geneesmiddels te kan voorkom / oplos. <p>en ten opsigte van toepaslike waardes in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • vanuit 'n gevestigde eties-morele waardesisteen in belang van die pasiënt te kan optree.
Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur + mondeling 1 : 1

G.13.4.2.2 Farmaseutiese Chemie

Modulekode: FCHG221	Semester 2	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 16
Titel:	Inleidende medisinale chemie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die farmaseutiese belang van stereochemie verstaan; • insig hê in die chiraliteit van geneesmiddelmolekules; • 'n grondige kennis van die chemie en biologiese eienskappe van natuurprodukte te hê; • 'n grondige kennis van die chemie en biologiese eienskappe van anorganiese medisinale produkte te hê; • toepaslike vaardighede in terme van samewerking in die gesondheidsorgspan te toon; • die verworwe kennis te kan gebruik om pasiënte te adviseer oor die korrekte en veilige gebruik van natuurprodukte en anorganiese medisinale produkte as enkelprodukte of in kombinasie terapie; • 'n waardering hê vir die rol van stereochemie in die gebruik van geneesmiddels; • streng etiese beginsels in geneesmiddel terapie te kan handhaaf en demonstree. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1	
Modulekode: FCHG311	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Farmaseutiese analise	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • kundigheid van die beginsels waarop die analisemetodes in die voorgeskrewe farmakopieë berus te toon en om geselekteerde metodes in die laboratorium uit te voer en resultate effektief te kan kommunikeer; • dié prosedures in analisemetodes te kan evalueer en 'n mening daaroor te kan uitspreek; • eenvoudige toepaslike probleem-oplossing uit te voer; • suksesvol in groepe te kan saamwerk; • konvensies en etiese kodes in terme van kwaliteitskontrole 	

	nougeset na te kom met inagneming van 'n kliënt- gesentreerde benadering.	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1	
Modulekode: FCHG321	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Medisinale chemie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • chemiese eienskappe van organiese verbindings in verband te kan bring met hulle chemiese reaktiwiteit, fisies-chemiese eienskappe en biologiese aktiwiteit; • die oorsprong van geneesmiddels en geneesmiddel-leidraadverbindings en die beginsels en metodes van geneesmiddelontwikkeling in 'n voorbeeld te kan bespreek en toepas; • die rol van die organiese chemie in geneesmiddelontwerp in te sien en te kan toepas deur byvoorbeeld die teoretiese ontwerp van geneesmiddels vanaf leidraadverbindings; • struktuur- en kwantitatiewe struktuur-aktiwiteitsverwantskappe (SAR en KSAV; Eng: QSAR) en die gebruik daarvan in geneesmiddelontwerp te kan omskryf en toepas; • geneesmiddel-reseptorinteraksies en die implikasies daarvan vir geneesmiddelontwerp te kan omskryf met toepassingsvoorbeelde; • die basiese skelet en metodes vir die sintese of verkryging van verskillende klasse geneesmiddels te kan bespreek; • die gebruike, werkingsmeganisme en metodes vir die analise van verskillende klasse geneesmiddels te ken; • die biblioteek effektief te gebruik vir die ontsluiting van chemiese en biologiese literatuur; • wetenskaplik in verskillende media te kan kommunikeer en sake noukeurig, ondubbelsinnig en bondig te kan formuleer deur die korrekte vakterminologie te gebruik; • probleme selfstandig te kan oplos met kreatiewe en kritiese denke en deur gebruik te maak van kennis, literatuur en navorsingskonsepte; • selfstandig in 'n groeps- of in 'n leiersrol te kan funksioneer; • deur die verworwe kennis 'n besondere ingesteldheid teenoor medisyne te vorm en jou verantwoordelikheid by die hantering daarvan te besef; en 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1	
Modulekode: FCHG451 <i>(Faseer uit in 2012)</i>	Semester 1	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 8
Titel:	Metabolisme en progeneesmiddelontwikkeling	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • te beskik oor 'n omvattende en sistematiese kennis van die metaboliese aktivering, deaktivering en eliminasië van 	

	<p>geneesmiddels en progeneesmiddels;</p> <ul style="list-style-type: none"> • in staat te wees om die chemiese eienskappe van geneesmiddels in verband te kan bring met die metaboliese aktivering, deaktivering en eliminasië van geneesmiddels en progeneesmiddels; • die beginsels van organiese chemie en geneesmiddel-ontwerp te kan toepas in die ontwerp van progeneesmiddels (prodrugs) en die bio-aktivering en metabolisme daarvan; • wetenskaplik te kan kommunikeer in verskillende media en noukeurig, ondubbelsinnig en bondig te kan formuleer deur die korrekte vakterminologie te gebruik; • selfstandig en in groepsverband probleme op te kan los met kreatiewe en kritiese denke en deur gebruik te maak kennis, literatuur en navorsingskonsepte; • deur die verworwe kennis en vaardighede 'n besondere ingesteldheid teenoor medisyne te vorm en jou verantwoordelikheid by die hantering daarvan te besef 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x2 uur 1 : 1	
Modulekode: FCHG411 (Faseer in in 2013)	Semester 1	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 8
Titel:	Metabolisme en progeneesmiddels	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die metabolisme, deaktivering en eliminasië van gegewe geneesmiddels te verklaar en ; • die meganisme van bioaktivering vir gegewe draer-gebonde- en biovoorgangergeneesmiddels te beskryf. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x2 uur 1:1	

G.13.4.2.3 Farmaseutika

Modulekode: FCAG121	Semester 2	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Inleidende farmaseutiese berekeninge	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: Vir hierdie module word die uitkomste op vier vlakke ingedeel, naamlik: kennis, vaardighede, bevoegdheid en waardes.</p> <p>Kennis</p> <p>Na afhandeling van hierdie module, moet jy oor 'n grondige kennis beskik ten opsigte van:</p> <ul style="list-style-type: none"> • fundamentele wiskundige verwerkings van toepassing op farmaseutiese berekeninge, • verhoudingsberekeninge; • persentasie-berekeninge, • verdunningsberekeninge, en • eenvoudige statistiese begrippe (insluitend normaal- 	

	<p>verdeling van data, standaardafwyking en relatiewe standaardafwyking).</p> <p>Vaardighede Na afhandeling van hierdie module, moet jy oor die vaardigheid beskik om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • alle fundamentele wiskundige beginsels korrek toe te pas en akkuraat aan te wend in die oplossing van relevante farmaseutiese probleme. • basiese statistiese beginsels korrek toe te pas en akkuraat aan te wend in die oplossing van relevante farmaseutiese probleme. <p>Bevoegdheid Na afhandeling van hierdie module, moet jy oor die bevoegdheid beskik om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • relevante wiskundige berekeninge op 'n korrekte en akkurate wyse te kan toepas deur probleemoplossend te dink en redeneer met betrekking tot die reseptering van voorskrifte ; <p>Waardes Na afhandeling van hierdie module, moet jy oor die waardes beskik om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • eties op te tree met betrekking tot die berekeninge rakende die reseptering van 'n voorskrif en relevante farmaseutiese probleme. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1	
Modulekode: FELG421	Semester 2	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 8
Titel:	Keuseprojek	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • toepaslike literatuur kan vind, bestudeer en dit toepas in 'n projek; • 'n navorsingsprojek of praktykprobleem kan ontleed / analiseer en voorstelle maak ten opsigte van die oplossing(s) vir die probleem; • toepaslike eksperimente vir 'n navorsingsprobleem kan beplan, uitvoer en dataverwerking van die resultate kan doen; • 'n verslag oor 'n navorsingsprobleem / praktykprobleem kan opstel en • mondelings kan kommunikeer oor 'n bepaalde navorsingsprobleem / praktykprobleem. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk Geen eksamen (Projekwerk)	
Modulekode: FMSG211	Semester 1	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 16
Titel:	Toebereiding en reseptering van medisyne	

Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: Vir hierdie module word die uitkomste op vier vlakke ingedeel, naamlik: kennis, vaardighede, bevoegdheid en waardes.</p> <p>Kennis Na afhandeling van hierdie module, moet jy oor 'n grondige kennis beskik ten opsigte van:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die verskillende doseervorme en toedieningsroetes. • die tegnieke van toepassing op die bereiding en reseptering van doseervorme. • die farmaseutiese berekeninge van toepassing op die bereiding en reseptering van doseervorme. • die fisies-chemiese beginsels van belang by doseervormontwikkeling en die werking van geneesmiddels. <p>Vaardighede Na afhandeling van hierdie module, moet jy oor die vaardigheid beskik om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • apparaat en toerusting wat gebruik word in die bereiding en reseptering van medisyne, effektief en korrek te gebruik. • 'n voorskrif te kan resepteer. • suksesvol en effektief in groepsverband te kan saamwerk. • wetenskaplik te kan kommunikeer, soos byvoorbeeld die skryf van verslae. <p>Bevoegdheid Na afhandeling van hierdie module, moet jy oor die bevoegdheid beskik om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n voorskrif te kan vertolk en resepteer. • farmaseutiese berekeninge van toepassing op die bereiding en reseptering van voorskrifte korrek te kan uitvoer. • fisies-chemiese beginsels in doseervormbereiding te kan toepas. • die belang van fisies-chemiese beginsels in farmaseutika te verstaan sodat jy dit kan toepas. <p>Waardes Na afhandeling van hierdie module, moet jy oor die waardes beskik om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • eties op te tree in die voorbereiding en reseptering van 'n voorskrif. • in alle aspekte van doseervormontwikkeling eties korrek op te tree. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1	
Modulekode: FMSG222 (Faseer in in 2011)	Semester 2	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 16
Titel:	Inleidende biofarmaseutika en farmakokinetika	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: Na voltooiing van hierdie module moet die student in staat wees om bewys te lewer van beheersing van die volgende kriteria:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. 'n Goeie kennis van <ul style="list-style-type: none"> ❖ die basiese begrippe van biobesikbaarheid, biofarmaseutika en farmakokinetika by doseervorm- 	

	<p>ontwerp en reseptering; en die absorpsie, distribusie, metabolisme en eliminasië (ADME) van oraal toegediende geneesmiddels of medisyne.</p> <p>2. Die vaardighede</p> <ul style="list-style-type: none"> ❖ om in groepsverband te werk; ❖ om geneesmiddelinligting te interpreteer en pasiënte te adviseer met betrekking tot die korrekte gebruik van medisyne om 'n doeltreffende geneesmiddelwerking te verseker; en ❖ om in wetenskaplike taal te kommunikeer. <p>3. Die bevoegdheid om</p> <ul style="list-style-type: none"> ❖ faktore wat die optimale gebruik en werking van geneesmiddels beïnvloed, te identifiseer en te kommunikeer; ❖ die invloed van faktore, soos siektetoestande, massa en ouderdom, op variasies in geneesmiddelwerking te identifiseer en te evalueer; ❖ die invloed van die toedienroete van geneesmiddels op optimale geneesmiddelwerking te beoordeel en aan die pasiënt oor te dra; en ❖ maatskappike faktore wat die optimale werking van geneesmiddels nadelig kan beïnvloed, te identifiseer en die nodige maatreëls te tref om die toestand te verbeter of reg te stel. <ul style="list-style-type: none"> • Kennis van die etiese waardes met betrekking tot die reseptering van geneesmiddels of medisyne, met inbegrip van die lewering van die korrekte advies en waarskuwings om veilige en doeltreffende medisynegebruik te verseker. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1	
Modulekode: FMSG311	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Farmaseutiese doseervorme en Tegnologie I	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van dié module moet die student die volgende kan demonsteer:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde kennis van die basiese beginsels betrokke by die ontwerp en ontwikkeling (formulering, vervaardiging, verpakking, toetsing, bewaring en gebruik) van medisyne in die algemeen en orale vaste doseervorme spesifiek; en van die toepassing van kwaliteitsversekering (AQ), goeie vervaardigingspraktyke (GMP) en kwaliteitskontrole (QC) tydens die vervaardiging van medisyne; • die vermoë om kennis en begrip van produkontwerp, produkontwikkeling en kwaliteitsversekering, individueel of in spanverband, te kan toepas in die ontwerp en ontwikkeling (formulering, vervaardiging, toetsing en verpakking) van orale vaste doseervorme; • die vermoë om relevante preformuleringsinligting uit alle maatskappike bronne (vakhandboeke, farmakopeë, internet-bronne) op te spoor, te evalueer en te gebruik tydens 	

	<p>medisynevervaardiging;</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde en sistematiese kennis van die bepaling van die rakleef tyd en verval datum van medisyne met in agneming van die toepaslike chemiese kinetiese beginsels; • individueel of in spanverband 'n farmaseutiese produksie-proses (vanaf formulering tot verpakking) te kan beplan, organiseer, beheer en uitvoer aan die hand van die vervaardiging van orale vaste doseervorme; • die vermoë om met ander lede van die gesondheidspan en die pasiënt te kan kommunikeer oor die korrekte gebruik en hantering van medisyne in die algemeen en orale vaste doseervorme spesifiek; en • 'n afgeronde kennis (en die toepassing daarvan) van die etiese en regsaspekte van belang tydens medisyne-vervaardiging en voorbereiding. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1	
Modulekode: FMSG321	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Farmaseutiese doseervorme en Tegnologie II	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde kennis beskik van die fisies-chemiese beginsels betrokke by die ontwikkeling van vloeibare doseervorme (orale vloeibare doseervorme en parenterale produkte); • 'n afgeronde kennis beskik aangaande die basiese beginsels van farmaseutiese mikrobiologie (insluitend die verskillende sterilisasie en aseptiese tegnieke betrokke tydens die produksie en hantering van steriele doseervorme); • die vermoë beskik teoretiese kennis oor genoemde doseervorme te kan toepas in die formulering, vervaardiging, hantering en bewaring van orale vloeibare en parenterale produkte; • die vaardigheid beskik om genoemde kennis oor beginsels van farmaseutiese mikrobiologie te kan toepas tydens die produksie en hantering van steriele doseervorme; • die vaardighede, vermoëns en etiese waardes beskik om as adviseur op te tree tydens die keuse en gebruik van genoemde doseervorme ten einde die vereiste uitkoms van geneesmiddel terapie te versker; • die vaardigheid beskik om wetenskaplik te kan kommunikeer, soos byvoorbeeld die skryf van verslae; praktyk-gerigte probleme in verband met bogenoemde doseervorme te kan bespreek en suksesvol en effektief in groepsverband kan saamwerk. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1	

Modulekode: FMSG411	Semester 1	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 16
Titel:	Farmaseutiese doseervorme en Tegnologie III	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n omvattende en sistematiese kennis beskik ten opsigte van die toedien van geneesmiddels via die volgende roetes: parenteraal, rektaal, vaginaal, transdermaal, pulmonêr, okulêr, nasaal, en die oor; die produksie (formulering, vervaardiging, evaluering en verpakking); die reseptering, hantering en bewaring van genoemde roeteverwante doseervorme; asook reseptering en farmaseutiese berekeninge van toepassing op die bereiding en reseptering van alle doseervorme. • die vaardigheid beskik om wetenskaplik te kan kommunikeer, soos byvoorbeeld die skryf van verslae; praktyk gerigte probleme in verband met bogenoemde doseervorme te kan bespreek; suksesvol en effektief in groepsverband kan saamwerk; en 'n voorskrif kan resepteer. • die bevoegdheid beskik om 'n voorskrif te kan vertolk en resepteer; farmaseutiese berekeninge van toepassing op die bereiding en reseptering van voorskifte korrek te kan uitvoer; om as adviseur te kan optree (vir pasiënte en ander lede van die gesondheidspan) oor die keuse en gebruik van spesifieke doseervorme; om 'n wesenlike bydrae te kan lewer tot die handhawing van produkeffektiwiteit en die versekering van pasiëntveiligheid. • die waardes beskik om ten alle opsigte eties op te tree in terme van alle vorme van doseervormontwikkeling; asook tydens uitreiking en bereiding van alle doseervorme. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1	
Modulekode: FMSG422	Semester 2	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 8
Titel:	Biotegnologiese en Innoverende doseervorme	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n omvattende en sistematiese kennis beskik ten opsigte van die rol en toepassing van farmaseutiese biotegnologie in geneesmiddeltherapie en doseervormontwikkeling; • die vermoë beskik om die eise wat nuwe generasie geneesmiddels aan doseervormontwikkeling stel, te verduidelik; • 'n grondige kennis beskik van die huidige en toekomstige tendense in geneesmiddelaflewering en doseervormontwikkeling; en • 'n omvattende en sistematiese kennis beskik ten opsigte van die beginsels van die ontwikkeling en gebruik van dieremedisyne. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x2 uur 1 : 1	

G.13.4.2.4 Farmasiepraktyk

Modulekode: FGPO271	Semester 1 & 2	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 4
Titel:	Gestruktureerde Praktykopleiding I	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • bewys te kan lewer van blootstelling aan, kennismaking met en waarneming van: (i) <i>Produkverskeidenheid</i>:- farmaseutiese produkte en hulle verskillende doseervorme, verpakkings en indikasies; (ii) <i>medisyne-logistiek en wetlike regulering</i>:- verkryging, bewaring en herverpakking van medisyne) en (iii) <i>Reseptering van medisyne</i>:- voorskrifte, voorbereiding van medisyne, skedulering, etikettering en advieslewering 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk Geen eksamen	
Modulekode: FGPO371	Semester 1 & 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 4
Titel:	Gestruktureerde Praktykopleiding II	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • bewys te kan lewer van vaardighede en insig met betrekking tot die praktiese toepassing van teoretiese kennis in die praktyk ten opsigte van: (i) <i>Produkkeuse</i>:- farmaseutiese en farmakologiese kennis van farmaseutiese produkte, hulle verskillende doseervorme, indikasies, voor- en nadele.; (ii) <i>Medisyne-logistiek</i>:- bestuur van medisyne-logistiek d.w.s. beheer verkryging, bewaring en verspreiding van farmaseutiese materiaal en produkte; (iii) <i>Reseptering van medisyne</i>:- Interpretasie van voorskrifte, voorbereiding van medisyne, etikettering en advieslewering.); (iv) <i>Wetlike aspekte van medisyne</i>:- Insig in implikasies van wetlike aspekte van aptekerswese en medisyne m.b.t. logistiek, reseptering, die apteekperseel, apteker en die pasient; (v) <i>Klientediens</i>:- farmaseutiese sorgbeginsels en besigheidsaspekte, asook gemaklike omgang met multikulturele/taal aspekte as deel van kliëntediens en farmaseutiese sorg; (vi) <i>Etiese aspekte van apteekwese</i>:- Eties-professionele denke en optrede in bepaalde kontekste. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk Geen eksamen	
Modulekode: FGPO471	Semester 1 & 2	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 4
Titel:	Gestruktureerde Praktykopleiding III	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • te demonstree dat, ten einde doeltreffende farmaseutiese dienste en gunstige medisyne-uitkomste vir pasiënte te 	

	<p>verseker, sy / haar teoretiese kennis en vaardighede ten opsigte van analitiese denke, sintese en probleemoplossing ten opsigte van die volgende toegepas kan word: (i) <i>Produkkeuse</i>:- Seleksie van farmaseutiese en verwante gesondheids-produkte en gepaste doseervorme met inagneming van logistiese, ekonomiese, farmaseutiese, farmakologiese, patologiese en farmaseutiese sorg-beginsels; (ii) <i>Medisyne-logistiek</i>:- Oplos van gevallestudies rondom medisyne-logistiek met inagneming van aanvaarde ekonomiese, farmaseutiese en farmasiepraktykbeginsels; (iii) <i>Reseptering van medisyne</i>:- Interpretasie van voorskrifte, voorspelling van middel-interaksies, konsultering en kommunikasie met mediese en ander gesondheidspersoneel, praktiese voorbereiding van bepaalde doseervorme, implikasies van etikettering en advieslewering; (iv) <i>Wetlike aspekte van medisyne</i>:- Demonstreer insig in die implikasies en noodsaaklikheid van die wette wat medisyne-logistiek, reseptering, die apteekperseel, apteker en die pasiënt, d.w.s. alle fasette van aptekerswese, reguleer; (v) <i>Kliëntediens</i>:- Toepassing van farmaseutiese sorg- en besigheidsbeginsels van kliëntediens in 'n multikulturele/samelewing; (vi) <i>IT en kommunikasievaardighede</i>:- Aanwending van rekenaar- en Internetvaardighede in effektiewe kommunikasie, bestuur en probleemoplossing en (vii) Etiese aspekte van apteekwese:- Uitleef van eties-professionele norme, waardes en optrede in probleem-situasies, asook 'n positiewe houding teenoor die aptekersprofessie.</p>	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK Geen eksamen	
Modulekode: FPKG111	Semester 1	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Farmasiepraktyk I	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n omvattende oorsigtelike kennis te hê van die rol wat die apteker speel in die bestuur van medisyneverspreiding in die openbare gesondheidsorgstelsel van Suid Afrika; • oor die bevoegdheid te beskik om die apteker se verantwoordelikhede in die bestuur van medisyneverspreiding in Suid Afrika te kan interpreteer; • eties korrek, die wetlike en beroeps aspekte van medisyneverspreiding toe te pas in 'n groep of as individu. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1x3 uur 1 : 1	
Modulekode: FPKG311 (Faseer uit in 2011)	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 8
Titel:	Praktykbestuur	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:	

	<ul style="list-style-type: none"> • toepaslike/relevante bestuursbeginsels te definieer en • in bepaalde relevante praktyksituasies toe te pas.; 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x2 uur 1 : 1	
Modulekode: FPKG312 <i>(Faseer in in 2012)</i>	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 8
Titel:	Farmasiepraktyk II	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde en sistematiese kennis te hê van rekeningkundige berekeninge en finansiële begrippe van finansiële bestuur; • oor die vaardigheid beskik om mondelings en skriftelik met 'n finansiële adviseur te kan kommunikeer rakende finansiële state; • oor die bevoegdheid beskik om bedryf- en finansiële begrotings op te stel en rekenkundige berekenings te kan doen; • eties korrekte, vanuit 'n suiwer en gevestigde waarde-sisteem, finansiële bestuur te kan toepas. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		
Modulekode: FPKG321 <i>(Faseer uit in 2012)</i>	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 8
Titel:	Goeie Apteekpraktyk	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • toepaslike wetlike aspekte te identifiseer, te beskryf en in praktyksituasies toe te pas; 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x2 uur 1 : 1	
Modulekode: FPKG322 <i>(Faseer uit in 2012)</i>	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 8
Titel:	Kommunikasie vir die Apteeker	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n kommunikasiemodel en sy onderskeie komponente te kan beskryf in die apteker-pasiënt konteks; • die verskeie luister- en responsvaardigheid te kan verduidelik, herken en toepaslik gebruik; • die apteker se rol in pasiëntorg en pasiëntmewerkendheid te kan beskryf en evalueer en • kommunikasie gebaseer op die behoeftes van 'n situasie of persoon kan kritiseer. <p>Aanvullend hiertoe behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> o individueel of as deel van 'n groep, mondelings of skriftelik kommunikasievaardighede te kan demonstreer en evalueer; 	

	<ul style="list-style-type: none"> o probleme wat spruit uit oneffektiewe kommunikasie in die apteker-pasiëntverhouding te kan identifiseer en moontlike oplossings te kan voorstel en o doeltreffend in 'n groep saam te kan werk.. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x2 uur 1 : 1	
Modulekode: FPKG323 (Faseer in in 2012)	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 8
Titel:	Farmasiepraktyk III	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n omvattende afgeronde kennis te hê van kommunikasie in die apteker se konteks, • oor die vaardigheid te beskik om die verskeie kommunikasievaardighede en hulle gebruik te kan verduidelik, herken en demonstreer • oor die bevoegdheid te beskik om met alle rolspelers in die aptekersberoep mee te werk om effektiewe medisynegebruik te fasiliteer • op 'n etiese wyse pasiëntmeewerkendheid te kan verbeter • fasilitering van gedragsverandering ter wille van effektiewe medisynegebruik 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		
Modulekode: FPKG411 (Faseer uit in 2012)	Semester 1	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 16
Titel:	Mensehulpbronbestuur	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • relevante/toepaslike hulpbronne te identifiseer, te bespreek en aan te wend in toepaslike farmaseutiese praktyk-situasies. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x2 uur 1 : 1	
Modulekode: FPKG412 (Faseer uit in 2012)	Semester 1	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 16
Titel:	Gesondheidsorgbestuur	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • binne die raamwerk van die nasionale gesondheidsorg- en medisynebeleid bestuurde gesondheid-navorsingsleerplan te implementeer en resultate daarvan te kan rapporteer en interpreteer.. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x2 uur 1 : 1	
Modulekode: FPKG413 (Faseer in in 2013)	Semester 1	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 16

Titel:	Farmasiepraktyk IV
Module-uitkomst:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde en sistematiese kennis te hê van die Wette wat die aptekersberoep raak met omvattende kennis van die Wet op Aptekers (Wet 53 van 1974), soos gewysig, Wet op Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe, (Wet 101 van 1965) soos gewysig en enkele ander wette wat van toepassing is op die aptekersberoep; • oor die vaardigheid beskik om mondelings en skriftelik te kommunikeer; • insette te kan lewer rakende wetlike en etiese aspekte wat die beroep van die apteker raak; • probleme ten opsigte van die implementering van die wetlike aspekte wat die beroep van die apteker raak te kan identifiseer en moontlike oplossings voor te stel; • op 'n etiese wyse die wetlike vereistes van toepassing op die apteker in die praktyk te kan implementeer; • 'n omvattende en sistematiese kennis te hê oor die gesondheidsorgbestuur sisteem in Suid-Afrika; • kundigheid te kan demonstreer met betrekking tot beginsels van bestuurde gesondheidsorg, die verskillende gesondheidsorginstrumente en sekere; • inligtingsisteme nl. medisyneverbruiksevaluering, farmako-ekonomie; • bewese medisyneverbruik en farmako-epidemiologie; • bevoegdheid te hê om binne die raamwerk van die nasionale gesondheidsorg- en medisynebeleid; • bestuurde gesondheidsorgbeginsels in die praktyksituasie te kan implimenteer en toepas en die resultate daarvan eties te kan rapporteer en interpreteer.
Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	Pk 1x2 uur 1 : 1

Modulekode: FPKG424 (Faseer uit in 2012)	Semester 2	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 8
Titel:	Algemene bestuur vir die Apteker	
Module-uitkomst:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • te reflekteer oor die algemene bestuursbeginsels vanuit 'n organisatoriese perspektief; • kommentaar te lewer oor verskeie temas en filosofieë wat onderliggend is tot die ontwikkeling en geskiedenis van bestuur en om dit dan toe te pas in die konteks van die moderne praktyk; • die professionele vaardighede wat benodig word vir probleemoplossing van die bestuurders te kan evalueer; • die BOLB (beplanning, organisering, leierskap en beheer) bestuurssegmente wat benodig word vir probleemoplossing en skepping van kreatiewe geleentheid in die 	

	<p>apteekomgewing te kan beskryf;</p> <ul style="list-style-type: none"> • identifiseer hedendaagse elemente wat 'n invloed mag hê op verskeie aspekte van 'n apteek bestuur asook die farmaseutiese profesie, en • die etiese aspekte van operasionele bestuur by wyse van mondelinge en geskrewe kommunikasie te kan hanteer. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x2 uur 1 : 1	
Modulekode: FPKG425 (Faseer in in 2013)	Semester 2	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 16
Titel:	Farmasiepraktyk V	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n omvattende oorsigtelike kennis te hê van mensehulp-bronbestuur binne die konteks van Arbeidswetgewing in SA; • oor die vaardigheid beskik om die onderlinge verband tussen die verskillende aspekte van mensehulpbronbestuur aan te dui; • oor die bevoegdheid beskik om scenarios te interpreteer en oplossings vir praktykprobleme voor te stel; • eties korrek, vanuit 'n suiwer en gevestigde waardesisteem, leiding te neem van en deel te neem in 'n werkspan; • na te dink oor die algemene bestuursbeginsels vanuit 'n organisasieperspektief • kommentaar te lewer oor die verskeie temas en filosofieë onderliggend aan die ontwikkeling en geskiedenis van bestuur en dit toe te pas op moderne praktyk; • die professionele vaardighede wat van bestuurders tydens probleemoplossing vereis word, te evalueer; • die basiese bestuursfunksies/pilare te identifiseer; • die B-O-L-B-segmente (Beplanning-Organisering-Leiding-Beheer) van bestuur te beskryf wat 'n bestuurder in 'n apteek in staat stel om probleme op te los en geleenthede te skep; • hedendaagse bestuurskwessies te identifiseer wat 'n invloed kan hê op verskeie aspekte van 'n apteek en die farmasieberoep; en • mondelings en skriftelik, alle bestuurswerkzaamhede eties reg te hanteer 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1	

G.13.4.2.5 Kliniese Farmasie

Modulekode: FPFG311	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Kliniese Patologie	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:	

	<ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde kennis van algemene patologiese prosesse, soos die akute en chroniese ontstekingsreaksies, hipersensitiwiteitsreaksies, sirkulasieversteurings en sellulêre reaksies op beserings te kan demonstreer deur dit in probleemoplossing te kan toepas; • 'n afgeronde kennis van patologiese prosesse van spesifieke siektetoestande van verskillende orgaanstelsels te kan demonstreer deur dit in gevalle studies te kan toepas; • bewys te kan lewer van 'n afgeronde kennis van menslike mikro- en makro- anatomie en dit met vertroue in analises en evaluerings van scenario's en feitestelle te kan gebruik; • siektetoestande en afwykings wat algemeen voorkom te kan herken en te kan hanteer; • suksesvol aan groepwerk te kan deelneem en self ook leiding te kan neem; • inligting te kan inwin, te verifieer en in samehangende verslagvorm te kan vervat en aan 'n gehoor met die gebruik van IT toerusting te kan kommunikeer; • vanuit 'n gevestigde waardesisteem eties korrek te kan optree; • gereed te wees om die normaal en abnormaal van die menslike liggaam en sy stelsels met mekaar te kan vergelyk. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1	
Modulekode: FPFG321	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Gesondheidskunde	
Module-uitkomst:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • oor 'n afgeronde kennis te beskik van die siektetoestande en die identifiserende/tiperende simptome van die siektetoestande kan demonstreer en die belang daarvan vir die praktiserende apteker te kan weergee; • die etiologie (oorsake) van siektetoestande ken; • vaardig wees om 'n pasiëntgeskiedenis sodanig te kan neem dat hierdie proses doelgerig afstem op die maak van 'n differensiële diagnose en die aanbeveling van 'n behandelingsregime; • pasiënte met respek en menswaardigheid te hanteer; • kan aantoon dat u vanuit 'n gevestigde en suiwer etiese grondslag optree; • bevoeg wees om toepaslike praktiese pasiëntadvies te kan verskaf, wat insluit advies oor die siektetoestand, en die korrekte en veilige gebruik van medisyne verskaf en met empatie te kommunikeer. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1x3 uur 1 : 1	

Modulekode: FPFG411 (Faseer in in 2013)	Semester 1	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 8
Titel:	Kliniese Farmasie I	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • kennis te dra van die teorie en filosofie van farmaseutiese sorg; • 'n farmaseutiese sorgplan vir 'n pasiënt kan ontwikkel; • oor kennis en vaardighede beskik in die uitvoer van siftingstoetse (urine-analise, bloedtoetse, cholesteroltoetse, bloeddrukbeplanning en longfunksie toetse), asook die implementering van primêre sorg siftingstoetse en moniteringsdienste in 'n apteek; • basiese laboratoriumtoetse kan interpreteer en • fisiese ondersoeke op primêre gesondheidsorgvlak kan uitvoer wat ondersoeke van die neurologiese stelsel, borskas, abdomen, oë, mondholte, oor, neus en keel insluit. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1x2 uur 1 : 1	
Modulekode: FPFG422 (Faseer uit in 2012)	Semester 2	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 24
Titel:	Kliniese Farmasie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kennis oor die teorie en filosofie van farmaseutiese sorg te illustreer; • 'n Farmaseutiese sorgplan vir 'n individuele pasiënt ontwikkel; • Basiese laboratorium toetse kan interpreteer; • Dokumentering en interpretasie van 'n pasiënt se geskiedenis en/of anamnese klinies doen; • Kliniese siftingstoetse uitvoer, te interpreteer, en deur middel van akkurate kliniese oordeel die pasiënt adviseer en/of verwys na sekondêre gesondheidsorg; • Fisiese ondersoeke op primêre gesondheidsorg vlak uitvoer; • Vaardigheid kan demonstreer met die ondersoek van die neurologiese stelsel; borskas; abdomen; die oë; die mondholte; die oor; neus en keel; • Kennis en vaardighede van die inspuiting tegniek kan demonstreer; • Immunisering vaardighede en die kennis daarvan demonstreer; • Kennis en vaardighede demonstreer ten opsigte van die hantering en die behandeling van akute minder ernstige siektetoestande; • Geneesmiddelverwante probleme van 'n pasiënt identifiseer en die voorkoming van die probleme aanbeveel, asook om die pasiënt se kommer effektief hanteer deur 	

	bepaalde maatreëls te tref; <ul style="list-style-type: none"> • Die werking en nuwe-effekte van geneesmiddels antisipeer en aan 'n pasiënt verduidelik, asook die kontra-indikasies en die kliniese beginsels wat betrokke mag wees; • Toepaslike kennis van farmakologie integreer en op die vlak van primêre sorg toepas; • Insig demonstreer ten opsigte van die sorg en hantering van chroniese siekte-toestande; • Kennis en vaardighede demonstreer ten opsigte van die rasonale terapie van minder ernstige siektetoestande en die verwysing van ernstige siektetoestande of komplikasies na sekondêre gesondheidsorg; • Kennis demonstreer ten opsigte van die etiologie, simptome en tekens, en die behandeling van 'n reeks algemene siektetoestande wat insluit: Neurologiese ongesteldhede; oftalmiese ongesteldhede; siektes van die mondholte, oor neus en keel; boonste en onderste lugweg infeksies; kardiovaskulêre siektes; diabetes; muskulo-skeletale siektes; vel siektes; urienweg infeksies en seksueel oordraagbare siektes; • Suksesvol in groepsverband werk en self ook leiding kan neem; • Probleme oplos deur inligting in te win, te verifieer en samehangend in 'n verslag vervat en kommunikeer en • Vanuit 'n gevestigde waardesisteem eties korrek optree.. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1x3 uur 1 : 1	
Modulekode: FPFG423 <i>(Faseer in in 2013)</i>	Semester 2	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 16
Titel:	Kliniese Farmasie II	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> • farmaseutiese sorg binne die bestek van die farmaseutiese profesie te kan beoefen; • omvattende kennis van farmakologie en kliniese vaardighede kan integreer met nuwe kennis van farmakoterapie en sinvol in die praktyk kan toepas; • dit behels kennis en vaardighede ten opsigte van die hantering van anafilakse, die inspuiting tegniek, die behandeling van minder ernstige siektetoestande en die verwysing van ernstige siektetoestande of komplikasies na sekondêre gesondheidsorg; • kennis te dra van die etiologie, simptome en behandeling van 'n reeks algemene siektetoestande wat insluit: neurologiese ongesteldhede, oftalmiese ongesteldhede, siektes van die mondholte, boonste en onderste lugweg-infeksies, kardiovaskulêre siektes, gastroïntestinale siektes, diabetes, urienweg-infeksies, seksueel oordraagbare siektes, skelet- en gewrigsiektes, velsiektes, en siektes veroorsaak deur parasiete. 	

Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	Pk 1x3 uur 1 : 1

G.13.4.3 SKOOL VIR FISILOGIE, VOEDING EN VERBRUIKERSWETENSKAPPE

G.13.4.3.1 Fisiologie

Modulekode: FLGX113	Semester 1	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Inleidende Fisiologie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • oor basiese kennis ten opsigte van die strukturele en chemiese samestelling van die menslike liggaam, die selstruktuur, verskillende membraan transportsisteme, homeostatiese beheerstelsels, ensiemwerking, membraan-potensiale en sellulêre kommunikasie beskik as onderbou vir verdere studie in Fisiologie. • Die student sal ook die relevante vakkundige terminologie ken en kan gebruik. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1 : 1	
Modulekode: FLGX123	Semester 2	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Membraan- en Spierfisiologie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • grondige kennis te hê van die biofisiese (potensiaal-verskille, lading, stroomvloei) en biochemiese karakter (chemiese samestelling van ioonkanale, konformasieveranderinge van kanaalproteïene, ligand-reseptorinteraksies) van membraanfisiologie; • oor 'n grondige kennis beskik van die belang van membraanfisiologie in die beheer van fisiologiese funksies deur die verandering in membraan deurlaatbaarheid; • oor basiese kennis ten opsigte van sellulêre kommunikasie en informasie oordrag beskik as noodsaaklike onderbou vir verdere studie; • fundamentele kennis kan demonstreeer van die funksionele anatomie van spierweefsel, die molekuleêre meganisme van kontraksie, die prosesse geassosieer met eksitasie-kontraksie koppeling en neuro-muskulêre aansluiting asook toepassings hiervan soos bv. voedselvergiftiging te kan bespreek; • die beginsels van spiermeganika te verstaan en kan toepas in die gebruik van bv oefenapparaat; • die energiemetabolisme van spierkontraksie te kan beskryf en toepas in bv oefening; • te kan onderskei tussen skeletspier, gladdespier en hartspier en die praktiese nut van die verskille aantoon; • die beheer en koördinerende van motoriese beweging kan bespreek en met effektiewe voorbeelde illustreer; 	

	<ul style="list-style-type: none"> die vermoë demonstreer om oorsake en gevolge van spierafwykings soos Myastenia Gravis, spierdistrofie, rigor mortis, hipertrofie en atrofie te identifiseer en te analiseer. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1 : 1	
Modulekode: FLGX114	Semester 1	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Inleidende Fisiologie vir BA en BSc Verbruikerswetenskappe	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> oor basiese kennis ten opsigte van die spysverteringskanaal, spysvertering, absorpsie en vertering, voeding en metabolisme, termoregulering, die urinestelsel, die vloeistof- en elektrolietbalans en sensoriese reseptore beskik; die relevante vakkundige terminologie te ken en kan gebruik; kennis te dra van die bronne waarin wetenskaplike inligting oor fisiologie verskyn; die basiese kennis wat geleer word op die praktyk van u toekomstige beroep te kan toepas; 'n eties verantwoordelike houding jeens die menslike fisiologie te demonstreer. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1 : 1	
Modulekode: FLGX114	Semester 2	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Spierfisiologie vir BA	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> oor basiese kennis ten opsigte van die spierstelsel, senuwee voorsiening aan die spiere, werking van spiere, die hart en die respiratoriese stelsel te beskik; die relevante vakkundige terminologie te ken en te kan gebruik; die basiese kennis wat geleer word op die praktyk van 'n toekomstige beroep te kan toepas; in staat te wees om wetenskaplike inligting oor fisiologie uit verskeie bronne te bekom; bewus te wees van etiese aspekte in die menslike fisiologie. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1 : 1	
Modulekode: FLGX213	Semester 1	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 16
Titel:	Endokriene stelsel en Spysvertering	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> kennis van die eienskappe en funksionering van hormone en endokriene kliere te demonstreer; 	

	<ul style="list-style-type: none"> • insig te demonstreer in die chemiese klasse van hormone met voorbeelde en fisiologiese funksies van hormone in elke klas; • hormone as chemiese boodskappers in homeostatische beheer-meganismes kan toepas; • 'n grondige kennis in hormoon sintese, sekresie en die beheer van sekresie, transport, metabolisme, meganismes van hormoonwerking, en die hipotalamus-hipofise beheer-sisteem kan demonstreer; • kennis van endokrinologie kan toepas om endokriene abnormaleite soos onder andere diabetes mellitus en hipo- of hipertiroïdisme te kan verklaar; • fundamentele kennis van die funksionele anatomie, ontwerp, funksie en beheer (neuraal en hormonaal) van die spysverteringskanaal en geassosieerde organe te kan demonstreer; • oorsake en gevolge van afwykings van die spysverteringskanaal te identifiseer en te analiseer. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 3 uur 1 : 1	
Modulekode: FLGX223	Semester 2	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 8
Titel:	Fisiologiese verdedigingsmeganismes	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die relevante vakkundige terminologie te ken en te gebruik, 'n grondige kennis van die verdedigingsmeganismes te openbaar wat insluit die rol van die vel as eerste verdedigingslinie, die nie-spesifieke en spesifieke verdedigingsmeganisme van die liggaam, asook hoe die liggaam die indringing van virusse en bakterieë, en ook die vorming van kankerselle beveg; • kennis te hê van koagulasie van bloed en die meganisme om bloedverlies te beperk (bloedverlies mag die liggaam se voortbestaan bedreig); • die waarde wat kennis van die fisiologiese verdedigingsmeganismes vir menslike gesondheid het te kan motiveer en die relevante fisiologiese verdedigingsmeganisme-probleme op 'n geïntegreerde wyse te kan beredeneer en op te los. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1 : 1	
Modulekode: FLGX224	Semester 2	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 8
Titel:	Metabolisme	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die rol van Adenosientrifosfaat (ATP), energie bronne en metaboliese tempo te kan bespreek; • diagramme en skematiese voorstellings van die belangrikste metaboliese weë soos glikogenese, glikogenolise, glukose, Krebs-siklus en oksidatiewe fosforilering kan teken 	

	<p>en verduidelik;</p> <ul style="list-style-type: none"> • oor aspekte van koolhidraat-, lipied- en proteïen-metabolisme kan kommunikeer; • die eienskappe, oorsake en gevolge van metaboliese afwykings soos ketose en aterosklerose te kan bespreek. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1 : 1	
Modulekode: FLGX312	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 8
Titel:	Uitskeiding	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die fisiologiese anatomie van die nier te bespreek, kennis hê van die prosesse van urienvorming, die mikturisie refleks asook die samestelling van uriene; • kennis te hê van die niere se rol in die handhawing van suur-basis ewewig (alkalose en asidose) in die liggaam, sowel as die handhawing van homeostase in die algemeen en hierdie kennis kan toepas om die rol van die nier in verskillende fisiologiese beheerproesse te kan verduidelik; • ingelig te wees oor die rol wat die vel in sekretoriese funksies en homeostase speel. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1 : 1	
Modulekode: FLGX313	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 8
Titel:	Respirasie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die rol van die longe in die handhawing van die interne omgewing van individuele selle en die liggaam verstaan; • ventilasie van die longe te verstaan waar suurstof na die alveoli beweeg en koolsuurgas as metaboliese afvalprodukt verwyder word; • kennis te hê van die uitruil van suurstof en koolsuurgas deur passiewe diffusie in die alveoli asook in die weefsel; • die struktuur van hemoglobien, en die rol van hemoglobien in die transport van suurstof en koolsuurgas in die bloed te kan beskryf; • van die kardiovaskulêre sisteem se rol moet kennis geneem word in die transport van die asemhalingsgasse na en van die weefsel; • kennis te hê van hoe beheer van asemhaling plaasvind en hoe siektetoestande die respirasie sisteem beïnvloed; • kennis hê van die long as teikenorgaan vir atmosferiese besoedelingstowwe. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1 : 1	

Modulekode: FLGX314	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Kardiovaskulêre Fisiologie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> wetenskaplike kennis en insig te demonstreer in die meganismes, funksies, fisiese eienskappe en geïntegreerde beheer van die kardiovaskulêre stelsel; die ontstaan van 'n elektriese impuls en die geleiding daarvan oor die hart te begryp en kan toepas; die gebeure tydens die kardiaale siklus kan weergee en kan toepas tydens bv. hartversaking en oefening; die mediese fisika van druk, vloeï en weerstand verstaan; die mikrosirkulasie en die limfatiese sisteem kan bespreek en kan toepas in verskillende siektetoestande; die vasculêre vervormbaarheid en die funksies van die arteriële en veneuse sisteem kan bespreek; kennis en insig in die geïntegreerde beheer van die kardiaale omset, veneuse terugkeer, bloeddruk en lokale bloedvloei kan demonstreer; die dominante rol van die nier in die langtermyn beheer van die arteriële bloeddruk kan kommunikeer en verskillende modelle van hipertensie kan uiteensit; grafiese analise van hartfunksie kan uitvoer en prakties kan toepas; kennis en insig toon in die koronêre sirkulasie en kan toepas in koronêre aandoenings; die kennis bekom te kan toepas en integreer soos in sirkulatoriese skok, miokardiale infarksie en ander patologiese toestande; die risikofaktore van kardiovaskulêre gesondheidsprobleme te kan identifiseer, oplos en/of voorkom. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 3 uur 1 : 1	
Modulekode: FLGX325	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Neurofisiologie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> kennis hê van die hoof funksies van die senuweestelsel naamlik sensoriese, motoriese en integrasie, insluitende neuronstruktuur en –funksie, impulsgeleiding, sinaps-werking; oor grondige kennis van die werking van die sensoriese senuweestelsel beskik insluitende reseptorfunksie, somatiese sensasie (bv. pyn en pynhantering), sintuig-fisiologie (bv. oog, oor, smaak en reuk); 'n grondige kennis van die ontvangs van en reaksie op sensoriese inligting hê om die werking van die motoriese stelsel insluitende die rugmurg, motoriese breinkorteks, serebellum en basale ganglia te verstaan; hoër korteks funksionering as integrasie funksie van die 	

	<p>senuweestelsel verstaan en ken, insluitende: dominante hemisfeer, verbale en nie-verbale intelligensie, gedrag- en motiveringsmeganismes, breinaktiwiteit, epilepsie en slaap;</p> <ul style="list-style-type: none"> • die meganismes van die sintese en werking van die verskillende tipes neurotransmitters moet verstaan word om die neuropatologie van onder andere depressie, Tourette sindroom, Alzheimer se siekte, parkinsonisme, skizofrenie, disleksie, voedingsgedrag, alkohol en dwelmmisbruik op geheue verstaan; • die struktuur en integrasie van die outonome senuweestelsel met die limbiese stelsel en die rol daarvan in reaksies soos die stresreaksie verstaan; • 'n deeglike kennis word verwag van breinmetabolisme en serebrospinale vloeistofstelsel asook die belangrikheid van voeding en skedeltrauma op die brein. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 3 uur 1 : 1	
Modulekode: FLGX326	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Voortplanting en Omgewingsfisiologie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • grondige kennis hê ten opsigte van die struktuur en funksie van die manlike en vroulike geslagstelsels asook die endokriene beheer van die geslagsfunksies; • oor kennis beskik van patologiese toestande van die geslagstelsels soos onvrugbaarheid en geslagsoordraagbare siektes; • grondige kennis beskik van die proses van bevrugting, fisiologiese aanpassings van die moeder tydens swangerskap en die fisiologiese aanpassings van die pasgebore baba; • oor kennis beskik van die fisiologiese veranderinge wat intree tydens puberteit en menopouse; • oor grondige kennis van die menslike fisiologiese reaksies en adaptasie teenoor verskeie omgewingsfaktore beskik. Die omgewingsfaktore sluit in stres, rook, ultraviolet straling, geraas, temperatuur en omgewingsdruk; • oor kennis beskik in verband met rookverwante en alkoholverwante patologie, die effek van hoë en lae omgewingstemperatuur op die liggaam en verwante patologie, geraasverwante patologie asook die adaptasie van die liggaam aan hoë en lae omgewingsdruk. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 3 uur 1 : 1	
Modulekode: FLPX112	Semester 1	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Fisiologie vir Farmasie en Verpleegkunde A	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die basiese selfunksies: selstruktuur, proteïenaktiwiteit en beweging van molekules oor selmembrane te kan beskryf 	

	<p>asook homeostatiese meganismes;</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige kennis hê van sellulêre kommunikasie, senuwee beheersisteme en sensoriese stelsels 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1 : 1	
Modulekode: FLPX122	Semester 2	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Fisiologie vir Farmasie en Verpleegkunde B	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige kennis te hê van hormonale beheersisteme, asemhalingsfisiologie (respirasie), fisiologie van die spysverteringskanaal, spierfisiologie en voortplantingsfisiologie; • die relevante vakkundige terminologie ken en kan gebruik. Kennis hê van algemene siekte toestande wat geassosieer word met bogenoemde orgaanstelsels. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1 : 1	
Modulekode: FLPX221	Semester 2	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 8
Titel:	Fisiologie vir Farmasie en Verpleegkunde C	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige kennis hê van die kardiovaskulêre stelsel, nierfisiologie en immunologie; • die relevante vakkundige terminologie ken en kan gebruik. Kennis hê van algemene siekte toestande wat geassosieer word met bogenoemde orgaanstelsels. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1 : 1	

G.13.4.3.2 Dieetkunde / Voedingkunde

G.13.4.3.2.1 Anatomie

Modulekode: ANAS122	Semester 2	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Sistemiese anatomie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die makro-anatomie van die kardiopulmonale stelsel, gastrointestinale stelsel, urogenitale stelsel en sentrale senuwee-stelsel aan die hand van gevallestudies te bespreek ten einde kennis en begrip van die fundamentele rol van sistemiese anatomie in die Gesondheidswetenskappe te demonstreer sodat gesondheid bevorder, instandgehou en herstel kan word. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 3 uur 1 : 1	

G.13.4.3.2.2 Gesondheidsbevordering

Modulekode: VPGR211	Semester 1	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 8
Titel:	Inleiding tot primêre gesondheidsorg	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n oorsig kan gee oor die gesondheidsdienste in Suid-Afrika, met verwysing na primêre gesondheidsorg, en dit krities kan evalueer; • op grond van die basiese beginsels en komponente van primêre gesondheidsorg binne die wetlike, etiese en sosiokulturele raamwerk aktief aan gemeenskapsprogramme en gesondheidsdienste kan deelneem; • die wetenskaplike benadering van verpleging met betrekking tot omgewingsgesondheid binne die Teorie van die Hele Mens kan implementeer, met die nodige oorweging aan die ekologiese en voorkomende, bevorderings- en rehabiliteringsdimensies, terwyl jy die hoogste standaard gesondheidsorg verskaf om die gesondheid van individue, gesinne en groepe in die gemeenskap te herstel; • kan funksioneer as lid van 'n gesondheidsorgspan wat by gemeenskapsgesondheid betrokke is, terwyl jy 'n bewuste begrip van jou rol en funksies, verantwoordelikhede en aanspreeklikheid as 'n verpleegkundige in die dissipline van gemeenskapsgesondheid en die oorkoepelende gesondheidstelsel toon; en • die wetenskaplike proses van verpleging kan toepas ten einde 'n kultureel-kongruente oorkoepelende primêre gesondheidsorgdiens aan die moeder en kind, vanaf geboorte tot adolessensie, te verskaf. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		

G.13.4.3.2.3 Terapeutiese Voeding

Modulekode: VTRP321	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 24
Titel:	Terapeutiese voeding	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • afgeronde kennis te hê oor alle aspekte rakende spesifieke siektetoestande met dieetimplikasies; • gevallestudies te kan ontleed om jou kundigheid ten opsigte van voedingsondersteuning, trauma, en die verband tussen siektetoestande en nutriëntinteraksies teoreties en prakties te demonstree; • voedingsorgplan vir die monitering en/of herstel van relevante siektetoestande op te stel of aan te pas en die waarde daarvan te kan motiveer en evalueer; • op 'n eties verantwoordende en professionele wyse op alle 	

	vlakke van funksionering met siek en gesonde pasiënte/klieënte te kan kommunikeer en hul behandel.	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	
Modulekode: VTRP471	Semester 1 & 2	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 40
Titel:	Toegepaste terapeutiese voeding	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • kundig te wees oor die aard, etiologie, simptome, kliniese beeld, patologie, diagnose en die medikasie van spesifieke siektetoestande met dieetimplikasies; • gevallestudies te kan ontleed ten einde kundigheid ten opsigte van die verband tussen siektetoestande van die verskillende organe, immuunsisteem en nutriëntinteraksies; wysig of vervang 'n nutriënt bestuursplan vir die monitering en/of herstel van relevante siektetoestande in die hospitaal asook gemeenskap; • die waarde van die spesiaal aangepaste dieet vir die prognose en herstel van spesifieke siektetoestande, te kan motiveer en evalueer; • vaardighede en bevoegdhede betreffende die beginsels, praktyk en evaluering van diëte vir paediatriese pasiënte te toon. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	

G.13.4.3.2.4 Voeding

Modulekode: HOB615	Semester 2	NKR-Vlak: Krediete: 32
Titel:	Beleidsanalise en projekbestuur	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Understand what Public Policy is all about and demonstrate a critical and creative approach towards it; • Discuss the theory and practice of Public Policy at the level of maturity as an Honours candidate; • Know what the primary objective of public management and governance, as functional activity of Public Management and Administration entails; • Understand public policy and the statutory framework that must accommodate the implementation of public policy; • Understand the role of the community in the policy-making processes; • Deliver a meaningful contribution to the functioning of the public sector's activities and goals through critical and evaluative thinking; • Understand the planning process as it encompasses the processes of policy formulation, adoption, implementation and evaluation. 	

	<ul style="list-style-type: none"> • Define the concepts projects, programmes and project management; • Analyse the project management cycle; • List and explain the practical steps in project management; • Explain how to organise for project management; • Describe how line and project management structures should be combined; • Evaluate the interface between institutional strategy implementation and project management; • Evaluate the relevance of project management as a service delivery tool. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		
Modulekode: NPRG321	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Voedingprogrammering	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n omvattende en sistematiese kennis en begrip van die voedingsprogrammeringsproses kan demonstreer; • omvattende kennis en begrip van die suksesfaktore in voedingsprogrammering kan demonstreer; en • omvattende kennis en begrip kan demonstreer van die relevante en toepaslike intervensies in Suid-Afrika om voedingsprobleme op te los. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	
Modulekode: PHNT412	Semester 1	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 16
Titel:	Openbare gesondheidsvoeding as wetenskap	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • omvattende begrip van die openbare gesondheidsbenadering, -konsepte en -praktyke kan demonstreer ten einde strategieë te ontwikkel om spesifieke voedingverwante siektes te bestuur/beheer; en • omvattende begrip van die komplekse verwantskappe tussen voeding en gesondheid, onder- en oorvoeding kan demonstreer. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	
Modulekode: PHNC472	Semester 1 & 2	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 24
Titel:	Openbare gesondheidsvoeding – Gemeenskapsvlak	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • as individu en as lid van 'n span vanuit 'n gevestigde waardestelsel 'n deeglike vermoë kan demonstreer om die voedingsprobleme en -behoefes van groepe en individue in die gemeenskap te evalueer en ontleed; • die vermoë kan demonstreer om 'n toepaslike 	

	<p>intervensieprogram in die gemeenskap te ontwikkel, ontwerp, implementeer, monitor en evalueer;</p> <ul style="list-style-type: none"> • toepaslike opvoedingsriglyne kan gebruik om interaktiewe kontaksessies vir groepe kwesbare persone in 'n gemeenskap te beplan en fasiliteer deur toepaslike hulpbronne te gebruik, en dit op grond van spesifieke kriteria te evalueer; en • 'n eties verantwoordelike benadering tot die bestuur en implementering van gemeenskapsvoedingsdienste en -programme kan demonstreer. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	
Modulekode: PHND472	Semester 1 & 2	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 24
Titel:	Openbare gesondheidsvoeding – Streeksvlak	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • as individu en as lid van 'n span vanuit 'n gevestigde waardestelsel 'n grondige kennis en begrip van die nasionale voedingsbeleid, riglyne en Geïntegreerde Voedingsprogram kan demonstreer; • die vermoë kan demonstreer om as deel van 'n multi- en interdisciplinêre groep aan die ontwikkeling van 'n voedsel- en voedingsbeleid vir die distrik deel te neem, en interne en eksterne beleid in bestuur te begryp en implementeer; • epidemiologiese voedingsdata en ander relevante data kan gebruik om kritieke kwessies te bepaal wanneer toepaslike optrede om voeding in die distrik te verbeter, beplan, ontwerp, gemoniteer en geëvalueer word; en • praktiese vaardighede kan demonstreer om die instrumente van die Distriksgesondheidsinligtingstelsel (DGIS) se sagtewareprogram tot sy volle potensiaal te gebruik om die gehalte van data, aanwysers, verslae en terugvoering te verbeter; en die vermoë kan demonstreer om toegang te verkry tot die opleidingsbehoefte van individue en/of groepe in gemeenskappe/instellings wat by voedingsdienslewering betrokke is, en toepaslike opvoedingsprogramme kan ontwikkel. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	
Modulekode: PHNM472	Semester 1 & 2	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 24
Titel:	Openbare gesondheidsvoeding - Bestuursvlak	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • vanuit 'n begroonde etiese waardestelsel, as individu en as lid van 'n groep, 'n deeglike kennis en praktiese vaardighede ten opsigte van voedselveiligheid as 'n kritieke element van die transformasieproses kan demonstreer, met inbegrip van die volgende: beskikbaarheid van voedsel, verspreiding van maaltye, aankope, ontvangs en produksie; 	

	<ul style="list-style-type: none"> • komplekse situasies en probleme met betrekking tot mensehulpbronbestuur, produktiwiteit, die begrotingsproses, prestasie en finansiële bestuur in die Voedseldiens-eenheid kan identifiseer, ontleed, evalueer en in verslagvorm aanbevelings kan maak en oplossings voorstel; • as individu en as 'n lid van 'n groep, wetenskaplike inligting versamel, evalueer en integreer om spyskaarte vir gesonde en siek persone saam te stel en ontwikkel; en • as individu en as lid van 'n groep, as bestuurder van die afdeling in die Voedseldiens-eenheid die generiese aspekte van bestuur (leierskap, beplanning, implementering, delegering en evaluering) in lewensegte situasies herken en kan implementeer. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	
Modulekode: VNAV472	Semester 1 & 2	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 16
Titel:	Voedingnavorsing	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • omvattende en sistematiese kennis en begrip van voedingsprobleme in 'n gemeenskap of voedseldiensopset kan demonstreer; • omvattende en sistematiese kennis en begrip van navorsingsmetodes, -tegnieke en -tegnologieë om 'n komplekse voedingsprobleem te identifiseer, kan demonstreer; • 'n literatuurstudie kan onderneem, die inligting krities kan ontleed en evalueer, en 'n navorsingsvoorstel kan ontwikkel; en • die navorsingsvoorstel kan implementeer deur: <ul style="list-style-type: none"> o die nodige data te versamel, dit te interpreteer en die resultate en aanbevelings in 'n skriftelike opdrag (artikelformaat) van hoogstens 75 bladsye te kommunikeer; o die data met behulp van 'n PowerPoint-aanbieding binne hoogstens 15 minute vir die deelnemers aan die studie aan te bied. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	
Modulekode: VNDL311	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Voeding: lewenstylsiekte-toestande	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • vertrouwd wees met die aard, etiologie, simptome, kliniese beeld, patologie, diagnose van en middels vir spesifieke siektes met dieetimplikasies; • gevallestudies kan ontleed om jou vaardigheid ten opsigte van die verwantskap tussen siektes, medisyne, die spysverteringskanaal en voedingstof-interaksies teoreties en prakties te demonstreer; 	

	<ul style="list-style-type: none"> • 'n dieet kan saamstel of aanpas ten einde relevante siektes te monitor en/of bestuur; • die waarde van die spesiaal aangepaste dieet vir die prognose en bestuur van spesifieke siektes kan motiveer en evalueer; en • op 'n eties verantwoordelike manier op alle vlakke van funksionering met die siek en gesonde pasiënt/klieënt kan kommunikeer. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	
Modulekode: VOED113	Semester 1	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Inleiding tot die profesie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • uit die perspektief van 'n gevestigde etiese waardestelsel deeglike kennis en insig met betrekking tot die professionele vaardighede van 'n gekwalifiseerde dieetkundige en voedingkundige kan demonstreer wanneer die relevante wette en regulasies van die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika toegepas word om die vernaamste loopbaanpaaie van die beroepe te identifiseer en daaraan deel te neem; • as individu of as deel van 'n groep eenvoudige lewensegte situasies en probleme met betrekking tot die gedragskode vir professionele voedingkundiges en/of dieetkundiges, asook die gesondheidsprobleme eie aan die Suid-Afrikaanse bevolking, kan identifiseer, ontleed en evalueer en aanbevelings maak of oplossings daarvoor bied; en • wetenskaplike inligting oor etiese gedrag, privaat praktyk en lewenslange leer kan versamel, evalueer en integreer in 'n verslag wat aan die toepaslike formaat en konvensies van die dissipline voldoen, en dit ook mondeling aan 'n gehoor kan oordra. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 2 uur 1 : 1	
Modulekode: VOED122	Semester 2	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Voedingstatus	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • voedingstatus en die meegaande gesondheidsrisiko's kan evalueer; • 'n gebalanseerde dieet en dieetaanpassings vir die algemene publiek en veral vir sportlui kan voorskryf; • 'n eties regverdigbare benadering tot die saamstel en ontleding van dieetplanne kan demonstreer; • tussen wetenskaplike kennis met betrekking tot voeding en kwaksalwery kan onderskei; • die inligting op voedsel etikette kan vertolk; • jou eie daaglikse energieverbruik kan bereken; 	

	<ul style="list-style-type: none"> • jou eie liggaamsgewig kan kategoriseer; • die gewig kan bereken wat nodig is om 'n gesonde liggaamsgewigindeks te bereik; en • 'n verstandige strategie kan aanbeveel om 'n gesonde liggaamsgewig te bereik en te handhaaf 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	
Modulekode: VOED211	Semester 1	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 16
Titel:	Nutriënte	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n goed-afgeronde en sistematiese kennis hê om insig met betrekking tot die fisiese en chemiese aard van koolhidrate, metaboliese funksies en die gesondheidseffek daarvan, die vervoer van lipiede in die bloed, bronne van proteïene, mikrovoedingstowwe, funksionele voedselsoorte en fitochemikalieë te kan demonstreer; • bevoegdhede en vaardighede kan demonstreer om dieetprobleme te identifiseer en ontleed, diëte te beplan, ontleed en evalueer, dieetprobleme wat in werklike gevallestudies verskaf word, met behulp van toepaslike riglyne, beginsels en teorieë op te los; en • as 'n individu of as deel van 'n span, volgens voorgeskrewe standaarde voorstelle en resultate met behulp van die relevante IT en skriftelike verslae en dokumente aan portuurgroepe en kundiges kan kommunikeer. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	
Modulekode: VOED221	Semester 2	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 16
Titel:	Gesins- en gemeenskapsvoeding	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die fisiologiese en sosiologiese faktore kan identifiseer wat voedingsvereistes tydens die lewensiklus beïnvloed; • dieetontledings kan doen vir en aanbevelings kan maak aan individue en groepe in die verskillende stadiums van die lewensiklus ten einde hulle voedingstatus te optimaliseer; • groeinoorme vir babas kan interpreteer; • borsvoeding kan bevorder; • skoolvoedingsprogramme teoreties kan evalueer; • doeltreffend in groepe kan saamwerk; • die waarde van gesinsvoeding uit 'n eties-filosofiese perspektief kan begrond; • 'n oorsig van die nasionale voedingsbeleid, dieëtriglyne en die geïntegreerde voedingsprogram kan verskaf; • voedingsprobleme in die gemeenskap kan identifiseer, dit krities ontleed en toepaslike intervensies beplan en evalueer; 	

	<ul style="list-style-type: none"> • 'n eties verantwoordelike benadering tot die bestuur van gemeenskapsvoedingsdienste kan toon; en • in spanne kan saamwerk om uitkomste te bereik wat op gemeenskapsvoeding betrekking het. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	
Modulekode: VOED323	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 24
Titel:	Gevorderde voeding en voedingnavorsing	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • wetenskaplike literatuur op 'n onafhanklike manier kan soek, lees, vertolk en krities evalueer en in 'n wetenskaplike verslag vervat wat ook al prakties in die voedingsopvoeding van individue, groepe en gemeenskappe aangewend kan word; • die gebruik van enige ergogeniese voedingshulpmiddel kan evalueer en atlete help om hulle liggaamsamestelling te verander deur 'n individuele maaltydplan te beplan en implementeer; • die fisiologiese en metaboliese uitwerking van plantsterole, weerstandbiedende stysel, dieetvesel, glukemiese indeks, dieetvetsure en antioksidante en ook die rol van die glukemiese indeks in sportprestasies krities kan evalueer; • die rol van omega 3 poli-onversadigde vetsure in die ontwikkeling van die fetus en die baba kan evalueer; • die verwantskap tussen genetica, voeding en gesondheid kan bespreek; • kennis toon van die geïntegreerde voedingsprogram vir Suid-Afrika wat 'n raamwerk verskaf op grond waarvan voedingsprogramme in Suid-Afrika geïmplementeer moet word; • die beginsels van bogenoemde plan kan toepas, voedsel-gebaseerde dieetriglyne en voedingsintervensieprogramme vir die Suid-Afrikaanse bevolking vir spesifieke teiken-groepe krities kan evalueer en aanpas; • as lid van 'n groep kan funksioneer en die belangrikheid van multidisiplinêre samewerking verstaan; • kennis deur middel van verslae of mondelinge dialoog wetenskaplik kan kommunikeer; en • bewus wees van die noodsaaklikheid om aan die voorpunt van die jongste ontwikkelinge in voedingswetenskap te bly. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	
Modulekode: VOED471	Semester 1 & 2	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 40
Titel:	Gemeenskapvoedingpraktyk	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • beide as individu en as lid van 'n span, vanuit 'n gevestigde 	

	<p>etiese waardesisteem grondige kennis te demonstreeer ten opsigte van voedingsvereistes van groepe en individue in die gemeenskap, nasionale voedingsbeleid, dieetriglyne en die geïntegreerde voedingsprogram;</p> <ul style="list-style-type: none"> • praktiese vaardighede te demonstreeer om komplekse situasies en probleme wat verband hou met voedingsbeleid, dieetriglyne en die geïntegreerde voedingsprogram te kan evalueer en kritiseer en gemotiveerde verbeterings kan voorstel; • in groepsverband wetenskaplike inligting te kan insamel oor voedingsprobleme in die gemeenskap, die inligting kan krities evalueer en integreer in die opstel en uitvoering toepaslike intervensies; • toepaslike onderrigleerbeginsels te gebruik om interaktiewe kontakgeleenthede vir groepe kwesbare persone in 'n gemeenskap te beplan, met gebruik van toepaslike hulpmiddels te fasiliteer en aan die hand van spesifieke kriteria te evalueer; • 'n eties-verantwoordbare benadering tot die bestuur en implementering van gemeenskapsvoedingsdienste te openbaar.
Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur 1 : 1

G.13.4.3.2.5 Voedseldiensbestuur

Modulekode: VVDB313	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Voedseldiensbestuur: Sisteme en grootskaalse produksie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • met 'n gevestigde etiese waardestelsel as vertrekpunt, as 'n individu en ook as lid van 'n span deeglike kennis en praktiese vaardighede met betrekking tot voedselverskaffing as 'n kritieke element in die transformasieproses kan demonstreeer, met inbegrip van die volgende: beskikbaarheid van voedsel, verspreiding van maaltye, ontvangs en produksie; • situasies en probleme met betrekking tot beheer, transformasie, uitsette, insette en omgewingsaspekte in die VDE kan identifiseer, ontleed en evalueer, en ook aanbevelings of oplossings hiervoor in verslagformaat kan aanbied; en • as 'n individu en as lid van 'n groep wetenskaplike data kan versamel, evalueer en aanbied (kommunikeer) deur goed gestruktureerde argumente met 'n bewustheid van die kliënt se behoeftes en kulturele agtergrond te integreer wanneer jy spyskaarte vir gesonde en siek persone saamstel en implementeer. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	

Modulekode: VVDB324	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 12
Titel:	Voedseldiensbestuur: Aspekte van bestuur	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • as individu en as lid van 'n span, vanuit die perspektief van 'n gevestigde etiese waardestelsel deeglike kennis en praktiese vaardighede met betrekking tot bestuur en leierskap as kritieke elemente van die transformasieproses kan demonstreer; • komplekse lewensegte situasies en probleme met betrekking tot die bestuur van mensehulpbronne, produktiwiteit en die begrotingsproses, werkprestasie en finansiële bestuur in die VDE kan identifiseer, ontleed en evalueer en aanbevelings daarvoor maak of oplossings verskaf; en • wetenskaplike inligting kan versamel, evalueer en integreer in 'n verslag wat aan die toepaslike formaat en konvensies van die dissipline voldoen, en dit ook met behulp van die toepaslike IT mondeling aan 'n gehoor kan oordra. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	
Modulekode: VVDB471	Semester 1 & 2	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 40
Titel:	Voedseldiensbestuur: Aspekte van bestuur	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vaardighede en waardes/houding (gebaseer op die kennis opgedoen in VVDB 313 en VVBD 324) word ontwikkel ten opsigte van generiese aspekte van bestuur; spyskaartbeplanning, -analiserings (rekenaarmatig), -uitvoering en -evaluering; grootmaatvoedselbereiding en bediening; probleemoplossing en konflikthantering; implementering van standaardresepte; personeelopleiding; evaluering van die uitleg van 'n voedseldienseenheid, herstel en onderhoud van toerusting; opstel van posbeskrywings, werkskodes, produksieprogramme; gevaaranalises (HACCP), voorleggings; opstel en implementering van voedselveiligheid en -higiëne-kontroleprogramme. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur 1 : 1	

G.13.4.3.3 Verbruikerswetenskappe

G.13.4.3.3.1 Modebedryf

Modulekode: VKLE114	Semester 1	NKR-Vlak: 5 Krediete: 12
Titel:	Modegeskiedenis	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • kennis aangaande argitektoniese-, meubel/interieur- en klerestyle hê, deur dit te herken en in die regte terme beskryf; 	

	<ul style="list-style-type: none"> • insig in die faktore wat hierdie style laat ontstaan en ontwikkel het, hê; • 'n waardering vir die kulturele erfenis soos deur die studiemodule gedek word, verkry het; • moderne modeneigings kan evalueer deur historiese kenmerke en invloede te kan herken en beskryf; en • naslaanwerk in die biblioteek en op die internet kan raadpleeg en die toepaslike inligting in literatuuropdragte kan integreer en literatuurverwysings korrek kan toepas. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Minimum van 40% word vereis om die geskrewe evaluering te slaag. • Die modulepunt word uit die formatiewe en summatiewe assesserings in die verhouding van 1:1 verwerk. • 'n Minimum van 50% word vereis om die module te slaag. 	
Modulekode: VKLE214	Semester 1	NKR-Vlak: 6 Krediete: 16
Titel:	Inleiding tot die Modebedryf	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • basiese agtergrondkennis rakende die kleding- en tekstielindustrie te hê; • die verspreidingskanale op enige gegewe produkte kan toepas; • die rol van die verbruikerswetenskaplike binne die modebedryf kan verduidelik; • die invloed wat verskeie rolspelers op die verbruiker kan hê kan voorspel; • die Suid-Afrikaanse kleinhandelstruktuur kan verduidelik asook die effektiwiteit daarvan kan evalueer; • insig in die ontstaan en ontwikkeling van mode te hê; • faktore wat verbruikersaanvaarding van mode beïnvloed kan analiseer en die beginsels van modevoorspelling kan analiseer en verduidelik; • die belang van effektiewe visuele handelswarevoorstellings kan verduidelik; • die biblioteek en internet kan gebruik om inligting verkry; • 'n ingeligte gesprek rakende die kontroversiële etiese kwessies in die Suid-Afrikaanse mode-industrie kan voer. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Minimum van 40% word vereis om die geskrewe evaluering te slaag. • Die modulepunt word uit die formatiewe en summatiewe assesserings in die verhouding van 1:1 verwerk. • 'n Minimum van 50% word vereis om die module te slaag. 	
Modulekode: VKLE312	Semester 1	NKR-Vlak: 7 Krediete: 16
Titel:	Tekstielkunde	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Grondige kennis aangaande tekstielvesels, garings, 	

	<p>tekstielstofkonstruksies en afwerkings te hê;</p> <ul style="list-style-type: none"> • tekstielverwante probleme van verbruikers te kan ontleed en deur die toepassing van tekstielkennis die korrekte aanbevelings te kan maak; • verskillende tekstielstowwe ten opsigte van dienlikheid met mekaar te kan vergelyk om sodoende geskikte keuses vir verkillende doeleindes te kan aanbeveel; • te alle tye op 'n eties verantwoordelike wyse en vanuit 'n gevestigde waardesisteem, aan die tekstielverbruiker voorligting te kan gee; • op 'n eties-korrekte wyse tekstielbronne te verkry en te gebruik; • vaardighede in die gebruik van apparaat en tegnieke om tekstiele te evalueer en te konstrueer, te hê; • verskillende vorme van tegnologie te kan gebruik om kennis aangaande tekstiele effektief aan die verbruiker te kommunikeer; en • in groepsopdragte en groepverband saam te kan werk en te kan funksioneer. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Minimum van 40% word vereis om die geskrewe evaluering te slaag. • Die modulepunt word uit die formatiewe en summatiewe assessering in die verhouding van 1:1 verwerk. • 'n Minimum van 50% word vereis om die module te slaag. 	
Modulekode: VKLE321	Semester 2	NKR-Vlak: 7 Krediete: 16
Titel:	Modebedryf en psigososiale kledinggedrag	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • voorraadbestuur vanuit die vervaardiger se oop punt kan deurgrond deur die rol van die verbruiker en verbruikerswetenskaplike hierin te omskryf; • verbruikers behoeftes, voorkeure en probleme in die bykomstighedebedryf kan identifiseer, bevredig en oplos; • bestaande neigingvoorspellingstegnieke kan evalueer en effektief kan toepas op enige kleinhandelaar; • probleemoplossend en selfstandig as verbruikerswetenskaplikes begin funksioneer. • insig te kan toon in die kledinggedrag van individue en groepe vanuit 'n kognitiewe en simboliese interaksionele raamwerk; • die invloed wat kultuur op kleding en die individu het, te kan bespreek en met voorbeelde te demonstreer; • 'n kritiese ingesteldheid jeens sosiaal-sielkundige aspekte van kleding vanuit 'n Christelike waarde-oriëntasie kan demonstreer; • effektief in groepe met ander te kan saamwerk; • die biblioteek en internet te kan gebruik om inligting te verkry. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	

Assesseringsmetodes:	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Minimum van 40% word vereis om die geskrewe evaluering te slaag. • Die modulepunt word uit die formatiewe en summatiewe assesserings in die verhouding van 1:1 verwerk. • 'n Minimum van 50% word vereis om die module te slaag.
-----------------------------	---

G.13.4.3.3.2 Verbruikershulpbronbestuur

Modulekode: VGHB117	Semester 1	NKR-Vlak: 5 Krediete: 12
Titel:	Verbruikersgedrag	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die nodige kennis en insig toon in die vakgebied van verbruikersgedrag en die faktore wat dit beïnvloed kan bespreek; • basiese agtergrondkennis hê oor verbruikersosialisering, verbruikersbesluitneming en basiese verbruikersaankooppraktyke; • insig toon in die belang van verbruikerswese en verwante aspekte binne 'n Suid-Afrikaanse konteks en in verskillende scenario kan toepas; • begrip ontwikkel vir die teoretiese en kulturele perspektiewe wat verskillende gesinsvorme onderlê en kennis oor sekere fasette van die gesinne kan toepas op die ontleding van gevallestudies en aanbevelings ter verbetering van gesinswelstand kan maak; • kritiese denke ontwikkel rakende tradisionele en kontemporêre gesinsvorme en begrip toon vir geslags-gelykheid in terme van ons veranderde samelewing; aspekte en verhoudings binne gesinne vanuit 'n vaste waardesisteem benader en evalueer; • insig toon in die belangrikheid van finansiële bestuur en beplanning vir individue en huishoudings; • insig hê in die rol en taak van 'n verbruikerswetenskaplike, spesifiek ten opsigte van die verbruiker en dit kan toepas; • naslaanwerk in die biblioteek en op die internet bekom en evalueer, die toepaslike inligting in literatuuropdragte te kan integreer en literatuurverwysings korrek kan toepas; asook binne groepsverband effektief kan funksioneer. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Minimum van 40% word vereis om die geskrewe evaluering te slaag. • Die modulepunt word uit die formatiewe en summatiewe assesserings in die verhouding van 1:1 verwerk. • 'n Minimum van 50% word vereis om die module te slaag. 	
Modulekode: VGHB122	Semester 2	NKR-Vlak: 5 Krediete: 12
Titel:	Ontwerpstudie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • ontwerpstudie vanuit 'n kreatiewe en probleemoplossende 	

	<p>perspektief kan benader en toepas in die uitvoering van verskeie praktiese opdragte;</p> <ul style="list-style-type: none"> • die elemente van ontwerp, naamlik lyn, vorm, tekstuur en ruimte, kan bespreek en toepas in die beplanning van interieuromgewings, kleding en waar nodig op die gebied van maaltydbeplanning; • die beginsels van ontwerp, naamlik balans, proporsie, nadruk, ritme en harmonie kan bespreek en toepas in die beplanning van interieuromgewings, kleding en maaltydbeplanning; • 'n ontleding van kleur kan uitvoer en die effek daarvan op verskillende materiale kan evalueer; • die kenmerke van en beginsels onderliggend aan kleur (as ontwerpelement) kan interpreteer en toepas in die beplanning van interieuromgewings en kleding; en • effektief in groepe kan saamwerk. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Minimum van 40% word vereis om die geskrewe evaluering te slaag. • Die modulepunt word uit die formatiewe en summatiewe assesserings in die verhouding van 1:1 verwerk. • 'n Minimum van 50% word vereis om die module te slaag. 	
Modulekode: VGHB221	Semester 2	NKR-Vlak: 6 Krediete: 16
Titel:	Verbruikersaankooppraktyke en hulpbronbestuur	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • begrip hê vir verskille in verbruikers se behoeftes ten opsigte van sagte meublement en apparaat; • insig toon in die breë spektrum van sagte meublement asook die effek wat dit skep; • die plekteorie as wetenskaplike onderbou kan gebruik ter verduideliking van die verskille in verbruikers se behoeftes; • insig toon in die faktore wat die verbruiker se besluit-nemingsproses en bestuur van hulpbronne beïnvloed; • die nodige vaardighede demonstreer om die verbruiker te kan adviseer om doeltreffende besluite ten opsigte van die aankoop van huishoudelike meublement en apparaat te neem; en • as lid van 'n groep saam kan werk aan opdragte en projekte. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Minimum van 40% word vereis om die geskrewe evaluering te slaag. • Die modulepunt word uit die formatiewe en summatiewe assesserings in die verhouding van 1:1 verwerk. • 'n Minimum van 50% word vereis om die module te slaag. 	

Modulekode: VGHB311	Semester 1	NKR-Vlak: 7 Krediete: 24
Titel:	Binneontwerp en Behuising	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die nodige kennis en insig toon in die omvang en inhoud van behuising en binneontwerp as vakgebiede, • die nodige kennis en insig toon in benaderings en teorieë waarop die beplanning en inrig van woonruimtes gebaseer is en die behoeftes wat met behuisingstevredenheid en lewensgehalte verband hou; • verskeie visuele voorleggingstegnieke te kan gebruik om voorgaande uitkomstes te demonstreer; • in staat wees om verbruikersvoorligting ten opsigte van behuisingstipes, -besluitneming, behuisingsreg te lewer, asook ekonomiese aspekte op mikrovlak te ontleed en 'n waarde-oordeel ten opsigte van die toepaslikheid en geskiktheid van verskillende woonruimtes kan gee en motiveer; • vanuit 'n gevestigde waardesistiem eties korrek op te tree in alle kommunikasie rakende behuisings- en binneontwerp voorligting aan kliënte; • projekte in groepsverband kan uitvoer en inligting uit verskillende bronne krities te interpreteer, analiseer en op 'n effektiewe wyse integreer tot 'n toepaslike en geskikte model van woonruimtes; en • probleemoplossingsvaardighede ten opsigte van veranderde behuisings omstandighede kan toepas ten einde verbruikers se behoeftes optimaal te bevredig. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Minimum van 40% word vereis om die geskrewe evaluering te slaag. • Die modulepunt word uit die formatiewe en summatiewe assesserings in die verhouding van 1:1 verwerk. • 'n Minimum van 50% word vereis om die module te slaag. 	

G.13.4.3.3.3 Voedsel

Modulekode: VVDL112	Semester 1	NKR-Vlak: 5 Krediete: 12
Titel:	Voedsel	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n fundamentele kennis en begrip kan demonstreer van die voedselbedryf en die voedselkleinhandelbesigheid, asook begrip kan toon vir die rol van die verbruikerswetenskaplike en dieetkundige in die bedryf, fundamentele kennis en begrip kan toon van basiese voedselsamestelling en -prosessering en preservering, insluitend additiewe, voedselveiligheid en -sekuriteit, en die basiese beginsels van die prosedures wat nodig is om voedselveiligheid en -sekuriteit te verseker, en die invloed van geloofssoortuigings 	

	<p>op voedselkeuses, voedselantropologie, internasionale invloed op voedselcuisine, en nasionale en internasionale voedselneigings en voedselstilering;</p> <ul style="list-style-type: none"> • die biblioteek en internet kan gebruik om inligting te bekom om 'n basiese begrip te kry van voedselantropologie, gefokus op die gedrag en sosiale en kulturele ontwikkeling van die mens, asook die invloed geloofsoortuigings op voedselverbruik en eetpatrone; • effektief individueel en in groepe kan saamwerk om die ontwikkeling van 'n verskeidenheid soorte nasionale en internasionale cuisine en die invloed daarvan op die Suid Afrikaanse verbruikers en cuisine te ontleed; voedsel-prosesserings- en voedselveiligheidstelsel kan ontleed en demonstree; • praktiese probleemoplossingsvaardighede kan toepas op voedselveiligheid en sanitasie, om die essensie van voedsel etiketwetgewing te ontleed en aan die verbruiker te kommunikeer; en • professioneel volgens etiese waardes ten opsigte van voedselopleiding en inligtingsprogramme kan optree en altyd in die beste belang van die verbruiker kulturele en geloofsoortuigings in ag neem. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Minimum van 40% word vereis om die geskrewe evaluering te slaag. • Die modulepunt word uit die formatiewe en summatiewe assesserings in die verhouding van 1:1 verwerk. • 'n Minimum van 50% word vereis om die module te slaag. 	
Modulekode: VVDL123	Semester 2	NKR-Vlak: 5 Krediete: 12
Titel:	Plantaardige voedselgroepe en –sisteme	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • oor 'n fundamentele kennis beskik van plantaardige voedselgroepe en -sisteme (grane, vrugte, groente, knolle, peulgroente, oliesade, voedselanaloe en drank), die samestelling (fisies, struktureel en chemies) daarvan en die veranderinge wat plaasvind tydens die verwerking en voorbereiding daarvan; asook fundamentele kennis aangaande funksionele voedsel, die voordele en die etikettering daarvan; • die basiese kennis wat in die inleidende voedselmodule opgedoen is, kan toepas op plantaardige voedsel en hierdie beginsels prakties in die laboratorium kan uitvoer; asook die kennis wat oor plantaardige voedselbeginsels verkry is prakties kan toepas in resep- en produkontwikkeling wat in die derde jaar aangeleer sal word; • effektief individueel en in groepe kan saamwerk om die basiese wetenskaplike eienskappe van plantaardige produkte (byvoorbeeld ensiemreaksies en oksidasie) 	

	<p>prakties toe te pas in eksperimentele werk en opdragte met behulp van die biblioteek en internet kan voltooi;</p> <ul style="list-style-type: none"> • praktiese probleme met plantaardige en funksionele voedsel in die vorm van gevallestudies kan evalueer en in verslagformaat advies aan verbruikers en werknemers in die kleinhandel, gasvryheidsbedryf en privaat sektor kan kommunikeer; en • probleem-situasies en etiese kwessies met betrekking tot plantaardige voedselgroepe en -stelsels en funksionele voedsel kan evalueer en aanbevelings aan die verbruiker kan maak. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Minimum van 40% word vereis om die geskrewe evaluering te slaag. • Die modulepunt word uit die formatiewe en summatiewe assesserings in die verhouding van 1:1 verwerk. • 'n Minimum van 50% word vereis om die module te slaag. 	
Modulekode: VVDL213	Semester 1	NKR-Vlak: 6 Krediete: 16
Titel:	Dierlike voedselgroepe en –sisteme	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • oor 'n grondige kennis beskik van dierlike voedselgroepe en –sisteme (rooivleis, pluimveevleis, vis, skulpvis, suiwel, gelatien, eiers en voedselanaloe) en gebak, die samestelling daarvan (fisies, struktureel en chemies) en die veranderinge wat tydens die verwerking en voorbereiding en daarvan plaasvind; asook grondige kennis van geriefsvoedsel en geneties gemanipuleerde (GM) voedsel kan toon; • die basiese kennis wat in die eerste jaar oor voedselstelsels, grane en suikers aangeleer is, kan toepas op die nuwe beginsels en voedselstelsels in hierdie module; asook die beginsels van dierlike voedselgroepe en -stelsels ken sodat jy dit in die derde jaar in reseps- en produkontwikkeling prakties kan toepas; • effektief individueel en in groepe kan saamwerk om die gevorderde wetenskaplike eienskappe van dierlike voedsel (byvoorbeeld denaturering, koagulering en jellering) met behulp van die biblioteek en internet prakties in eksperimentele werk en opdragte toe te pas; • die kwaliteit van dierlike en gebakte produkte kan evalueer en kan verklaar watter faktore die kwaliteit beïnvloed; • praktiese probleme met dierlike voedselbeginsels, gebak, geriefsvoedsel en GM-voedsel in die vorm van gevallestudies kan evalueer en advies aan verbruikers en werknemers in die kleinhandel, gasvryheidsbedryf en privaat sektor in verslagformaat kan kommunikeer; en • probleem-situasies en etiese kwessies met dierlike voedselgroepe en -stelsels, geriefsvoedsel en GM-voedsel kan evalueer en aanbevelings aan die verbruiker kan maak. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	

Assesseringsmetodes:	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Minimum van 40% word vereis om die geskrewe evaluering te slaag. • Die modulepunt word uit die formatiewe en summatiewe assesserings in die verhouding van 1:1 verwerk. • 'n Minimum van 50% word vereis om die module te slaag. 	
Modulekode: VVDL324	Semester 2	NKR-Vlak: 7 Krediete: 16
Titel:	Nuwe voedselprodukontwikkelingsprosesse	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n goed afgeronde en stelselmatige kennis van voedsel-kleinhandel en die bemarking van voedselprodukte te hê, sowel as die uniekheid daarvan in die voedselbedryf; • faktore wat tot welslae in die kleinhandelbedryf lei binne die kleinhandelomgewing prakties toe te pas deur die rol van voedsel in die kleinhandelopset te ontleed; • die kleinhandelbedryf, produkvang en -diepte, die rol van winkeluitleg en die rol van prysstruktuur, voedsel-verpakking en bemarking in die voedselketting deeglik te verstaan; • probleemoplossingsvaardighede prakties toe te pas ten einde die posisie van voedsel in die kleinhandelomgewing te verbeter, die produkontwikkelingsprosesse te ontleed en die resultate skriftelik te kommunikeer; • 'n goed afgeronde en stelselmatige kennis te hê van: voedselprodukte in die kleinhandel sowel as die verskillende nuwe produkategorieë; die benutting van verskillende bronne vir nuwe produkidees; die benutting van die verskillende rolspelers in die ontwikkelingsproses van die nuwe produkte; die integrering van verskillende prosesse en stadiums en die verskillende aspekte van gehaltebeheer in die nuwe voedselprodukontwikkelings-proses; sowel as die omskakeling van die resep na formule prakties te kan toepas; • die lewensvatbaarheid van 'n nuwe voedselprodukt te verduidelik en te evalueer, die verskillende rolspelers in die produkontwikkelingsproses en die totale produkontwikkelingsproses te evalueer asook die rol van sensoriese evaluering in die ontwikkelingsproses te integreer; en • in belang van die bedryf en die verbruikers wat gedien moet word, professioneel op te tree volgens etiese waardes binne die produksie- en kleinhandelomgewing 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Minimum van 40% word vereis om die geskrewe evaluering te slaag. • Die modulepunt word uit die formatiewe en 	

	<p>summatiewe assessering in die verhouding van 1:1 verwerk.</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Minimum van 50% word vereis om die module te slaag.
--	---

G.13.4.4 SKOOL VIR PSIGOSOSIALE GEDRAGSWETENSAPPE

G.13.4.4.1 Maatskaplike Werk

G.13.4.4.1.1 Modules wat vanaf 2009 uitfaseer

MWKG121: DIE AARD VAN KINDGESENTEERDE DIENSLEWERING

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: 'n fundamentele kennis van kindgesentreerde dienslewering in die Suid-Afrikaanse konteks op die beleidsvoorgeskrewe vlakke van voorkoming, vroeë intervensie, statutêre ingryping en die kontinuum van sorg en ontwikkeling te demonstreer; tersaaklike wetgewing te kan gebruik om oplossings vir goed geformuleerde probleme (in die vorm van scenario's en gevallestudies) te vind en op die voorgeskrewe wyse skriftelik en mondeling (bv. in die vorm van 'n skynhof) verslag daaroor te doen. Aanvullend behoort die student deurentyd bewys te lewer van 'n gevestigde waardesisteem en die uitlewing van die professionele waardes.

MWKG131: MENSLIKE GEDRAG IN DIE MAATSKAPLIKE OMGEWING OOR DIE LEWENSVERLOOP

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die normale/gesonde maatskaplike ontwikkeling van die mens in sy lewensiklus te beskryf en te onderskei tussen die normale/gesonde maatskaplike ontwikkeling van die mens en die abnormale/ongesonde maatskaplike ontwikkeling van die mens.

MWKG142: DIE GENERIESE BASIS VAN MAATSKAPLIKE WERK A

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die grondslae van maatskaplike werk as wetenskap en professionele rigtinggewend in dienslewering te kan aanwend. Daar word in hierdie verband gefokus op maatskaplike werk as 'n hulpprofessionele, die geskiedenis van die professionele maatskaplike werk en maatskaplike sisteme, die diensleweringssisteem en professionele waardes en etiek.

MWKG143: DIE TOEPASSING VAN DIE HANDVES OP MENSEREGTE IN MAATSKAPLIKE WERK

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die begrip "menseregte" te verduidelik, die miskenning van menseregte te kan erken en bespreek; en 'n toepassing van die menseregte soos in die Handves op Menseregte vervaar, in maatskaplike werk te kan maak.

MWKG152: DIE GENERIESE BASIS VAN MAATSKAPLIKE WERK B

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: begrip van die sentrale hulpproses in maatskaplike werk te demonstreer; te onderskei tussen die probleemgesentreerde en die bemagtigingsbenadering in hulpverlening; begrip te demonstreer vir die sterktes-perspektief as basis vir die bemagtigingsbenadering; die verskillende fases in die hulpproses te onderskei en die aard van elke fase te kan verduidelik, sodat dit as riglyn in hulpverlening aan kliëntsisteme gebruik kan word; die professionele verhouding as basis van die hulpproses te kan beskryf en die verskillende elemente daarvan te kan verduidelik; onderhoudsvoering as een van die instrumente in die hulpproses te kan bespreek en kennis van die basiese tegnieke daarvan kan demonstreer; en etiese aspekte van die verhouding en onderhoudsvoering kan verduidelik.

MWKG213: MAATSKAPLIKEWERKVAARDIGHEDE A

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: sy/haar kennis en insig van professionele integriteit, selfkennis, waardes en etiek in maatskaplike werk en 'n ontwikkelende sensitiwiteit vir kultuurverskille te openbaar.

MWKG221: MAATSKAPLIKEWERKVAARDIGHEDE B

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: 'n onderhoud te begin en af te sluit; onderhoudvoeringsvaardighede in die praktyk aan te wend; die funksionering van 'n praktykorganisasie te verstaan; en verslag oor basiese maatskaplikewerk-handelinge te doen.

MWKG233: INTERVENSIESTRATEGIEË IN MAATSKAPLIKE WERK

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die ekosistemiese perspektief sinvol op die mens-in-die-situasie toe te pas; die implementering van verandering saam met die kliëntsisteem te beplan; jou kennis en insig van die aktivering van hulpbronne, die skep van vennootskappe, die uitbreiding van geleenthede, die evaluering van vordering en terminering te demonstreer; effektief in groepe te funksioneer; kennis van die ekosistemiese perspektief Christelik-eties op die mens situasie te kan toe pas.

MWKG243: DIE KIND AS KLIËNT IN MAATSKAPLIKE WERK

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die onderskeid tussen 'n kind en volwassene as kliënt te tref; deur middel van spel met die kind te kan kommunikeer en 'n instaatstellende omgewing vir die kind te kan skep.

MWKG251: ARMOEDE- EN MISDAADGESENTEERDE DIENSLEWERING

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: armoede en misdaad as verskynsels te beskryf, te bereideneer en te ontleed in terme van die aard, omvang, oorsake, gevolge en manifestasies daarvan in ontwikkelende en onderontwikkelde samelewings; 'n verskeidenheid van sosio-ekonomiese vraagstukke soos behuisingsnood, werkloosheid, werkskuheid, ongeletterdheid, bedelary, dobbelary, boemelary, prostitusie, kinderarbeid en misdaadverwante vraagstukke in gemeenskappe te identifiseer, te ontleed en te beskryf; dienste, fasiliteite, programme en beleidsmaatreëls wat deur die staat, kerke, NRO's, die sakesektor en die burgerlike sameleving (civil society) daargestel word ter bekamping van armoede en misdaad, te identifiseer, te ontgin en aan te wend deur middel van maatskaplikewerk-dienslewering aan individue, gesinne, groepe en gemeenskappe op voorkomings- en vroeë-intervensievlakke asook die benutting van statutêre hulp vir hierdie doel.

MWKG261: DIE AARD VAN MAATSKAPLIKE GROEPWERK

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: insig te toon in die noodsaaklike rol wat maatskaplike groepwerk in maatskaplike werk speel; die uitgangspunte in maatskaplike groepwerk nie alleen te identifiseer nie, maar ook te kan demonstreer hoe hierdie uitgangspunte in die praktyk toegepas word; insig te toon in die formulering van doelstellings en doelwitte vir individue en groepe en in staat te wees om dit te kan formuleer; die verskillende fases van die horisontale en vertikale benadering van die maatskaplike groepwerkproses te onderskei en tydens hulpverlening in die groep te implementeer; die verskillende administratiewe take tydens hulpverlening te identifiseer en te kan toon hoe dit tot voordeel van die groep en die groeplede toegepas kan word; begrip en insig te demonstreer vir die vereistes en noodsaaklikheid vir die benutting van hulpmiddels in maatskaplike groepwerk; suksesvol in groepverband te kan funksioneer en selfs die leiding te kan neem; en eties korrek en vanuit 'n gevestigde waarde sisteem op te tree.

MWKG262: DIE AARD VAN GEMEENSKAPSWERK EN GEMEENSKAP-ONTWIKKELING

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: te kan motiveer waarom gemeenskapswerk- en gemeenskapsontwikkelingsdienste vir Suid-Afrika van belang is; die aard en komponente van gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling te kan verduidelik; die gemeenskapswerk/ontwikkelingsproses te kan beskryf; en 'n basiese gemeenskapswerk/-ontwikkelingsprogram en -projekte te kan formuleer.

MWKG312: GEÏNTEGREERDE PRAKTYKINTERVENSIES A

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: 'n terapeutiese onderhoud te begin en af te sluit; die verskillende fases van 'n onderhoud te hanteer; 'n verskeidenheid van terapeutiese onderhoudsvoeringstegnieke te gebruik; en oordrag, teenoordrag en weerstand tydens 'n onderhoud te identifiseer en te hanteer.

MWKG321: GEÏNTEGREERDE PRAKTYKINTERVENSIES B

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die funksionering van 'n praktykorganisasie te verstaan; binne die konteks van 'n praktykorganisasie te funksioneer en; basiese maatskaplike dienste op 'n nie-terapeutiese vlak te lewer.

MWKG322: DIE TOEPASSING VAN MAATSKAPLIKE GROEPWERK

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: (1) die verskillende teorieë en modelle van maatskaplike groepwerk toe te pas; (2) kundigheid van maatskaplikewerkhulpverlening in groepverband te kan demonstreer; (3) die beplanning van 'n groepwerkprojek (met inagneming van sekere tipes gedragswyses volgens die beplanningsproses) te kan uitvoer; (4) 'n groepwerkprojek te kan evalueer; (5) praktikum in maatskaplike groepwerk te kan doen en verslae daarvoor te kan skryf; en (6) vanuit 'n gevestigde waardesisteem te kan redeneer.

MWKG332: GESINSGESENTREERDE INTERVENSIES: VOORKOMING EN BEMAGTIGING

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die funksies van die gesin binne Suid-Afrikaanse konteks te verduidelik; die gesin op mikro en makro vlak te analiseer; die gesin in al sy vorme, insluitende rolle en die lewensiklus, te verduidelik; bestaande huweliksvoorbereiding en –verrykingsprogramme aan te bied en nuwe programme vir hierdie doel te ontwikkel; bestaande ouerskapsvaardigheidsprogramme aan te bied en nuwe programme vir hierdie doel te ontwikkel en; bestaande gesinsverrykings- en bemagtigingsprogramme aan te bied en nuwe programme vir hierdie doel te ontwikkel.

MWKG342: DIE TOEPASSING VAN GEMEENSKAPSWERK EN GEMEENSKAPS-ONTWIKKELING

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die aard en inhoud van gemeenskapswerk se praktykmodelle te verstaan en te verduidelik; 'n onderskeid te kan tref tussen maatskaplike gemeenskaps-ontwikkeling, maatskaplike beplanning, gemeenskapsopvoeding, maatskaplike bemerking en maatskaplike aksie; die tegnieke en hulpmiddels wat vir die toepassing van elk van die modelle nodig is te selekteer en te gebruik; 'n toepaslike program en projekte vir 'n gegewe praktyksituasie te kan beplan; en die program/projekte prakties toe te pas.

MWKG362: CHEMIESE AFHANKLIKHEIDSGESENTREERDE INTERVENSIES

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: chemiese afhanklikheid as universele probleem binne die Suid-Afrikaanse konteks te kan omskryf; 'n onderskeid te kan tref tussen substansgebruik en –misbruik; die psigo-sosiale gevolge van chemiese afhanklikheid te kan identifiseer; vakkundige dienste te kan lewer in terme van voorkoming, vroeë intervensie, behandeling en rehabilitasie; dienste te kan lewer aan die naasbestaendes van chemies-afhanklikes; en bestaande dienste en

fasiliteite in die gemeenskap kan identifiseer, ontgin en benut in die belang van chemies-afhanklikes en hulle naasbestaendes.

MWKG363: JEUGGESENTEERDE INTERVENSIES

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: jeugdige op te lei in die ontwikkeling van lewensvaardighede; terapeutiese intervensie ten opsigte van problematiek by jeugdige te lewer en kapasiteitsbouprogramme ten opsigte van jeugdige te ontwikkel.

MWKG411: FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die verband tussen forensiese en statutêre maatskaplike werk te verduidelik; die ondersoek en assessering van 'n individu te doen en op grond daarvan 'n verslag vir die hof voor te berei; deskundige getuieis aan 'n hof te lewer en 'n professionele mening uit te spreek; en aanbevelings aan hof te maak ingevolge die Strafproseswet, Wet 51 van 1977 (soos gewysig), Die Kinderwet, Wet 74 van 1983, Wet 20 van 1992 en die Egskeidingswet, Wet 24 van 1987.

MWKG431: PRAKTYKNAVORSING IN MAATSKAPLIKE WERK

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: die konteks en praktyk van maatskaplikewerk-navorsing te verstaan; die navorsingsproses, insluitende die voorondersoek, steekproeftrekking, die voorstelling van data, die navorsingsontwerp en prosedures, en die navorsingsverslag, te begryp; en die prosedures van die maatskaplikewerk-navorsing uit te voer.

MWKG433: PRAKTYKBESTUUR IN MAATSKAPLIKE WERK

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: praktykbestuur te definieer; die verantwoordelikhede van die praktykbestuurder te beskryf; die vaardighede waarvoor 'n praktykbestuurder moet beskik te illustreer en toe te pas; die konteks waarbinne praktykbestuur toegepas word, te beskryf en; die aard van die multi-professionele span te definieer en te beskryf; en supervisie as essensiële proses in maatskaplike werk te kan definieer en beskryf.

MWKG434: GESINSGESENTEERDE INTERVENSIES: TERAPIE EN BERAAD

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: 'n breë raamwerk te gee van die diversiteit waarbinne dienste gelewer word; die terapeutiese proses in huweliks- en gesinsterapie te verduidelik; die etiese vraagstukke en dilemmas wat binne 'n terapeutiese verhouding kan ontstaan, te bespreek; aan te dui hoe die lewensiklus 'n invloed het op die verskillende stadiums van die huwelik; kommunikasieprobleme en konflik as struikelblokke binne die huwelik te identifiseer en te bespreek en ook om die verskillende vorme van effektiewe kommunikasie te kan verduidelik en; egskeidingsberading, hertrouberading en mediasie toe te pas.

MWKG435: DIVERSITEIT IN PROFESSIONELE PRAKTYK

Pk 1 x 2 uur 1:1

Die student sal in staat wees om: met selfkennis en 'n openheid teenoor 'n diverse kliëntsisteem op te tree: teoretiese kennis rakende diversiteit in die praktyk toe te pas; kritiese samelewings kwessies soos diskriminasie en die instandhouding daarvan uit te wys en te beveg; etiese beginsels toe te pas en met waardigheid teenoor die totale kliëntsisteem op te tree.

MWKG441: MAATSKAPLIKE WELSYNSBELEID

Pk 1 x 2 uur 1:1

Die student sal in staat wees om: die verskillende komponente van die makro maatskaplikewelsynsbeleid en -struktuur te kan onderskei; dit in die maatskaplikewerk-praktyk tot voordeel van die mens en samelewing te benut en te beïnvloed; kennis en insig te demonstree oor die aard en konteks van die voormalige en huidige Suid-Afrikaanse welsynsisteem; welsynsbeleid te ontleed en te evalueer; as landsburger en professionele persoon deel te neem aan die plaaslike en nasionale gemeenskap wat veral welsynsaangeleenthede betref; kennis selfstandig te kan verwerf, beheers, toepas, analiseer, integreer en gefundeerd kan evalueer; kennis oor welsynsbeleid wetenskaplik te kan kommunikeer en daaroor te kan lees-, skryf-, praat- en argumenteer; 'n eie denkraamwerk oor welsynsbeleid in Suid-Afrika te verwoord en te verantwoord met verwysing na die christelike en ander lewensbeskouings; in 'n groep te kan saamwerk en 'n leiersrol te kan vertolk; op 'n kritiese en kreatiewe wyse proleemoplossing aan die hand te kan doen.

MWKG442: KINDGESENTEERDE INTERVENSIË

Pk 1 x 2 uur 1:1

Die student sal in staat wees om: 'n verhouding met 'n kind as kliënt op 'n gevorderde vlak op te bou en terapeutiese vaardighede op 'n gevorderde vlak aan te wend.

MWKG444: GESONDHEIDS- EN AANVERWANTE DIENSLEWERING

Pk 1 x 2 uur 1:1

Die student sal in staat wees om: die verskillende werkterreine van gesondheidsorg en aanverwante dienslewering af te baken; die maatskaplikewerk-proses op die terreine van geneeskkundige maatskaplike werk (soos MIV/VIGS, aborsieberaad en sterwens/rousmart-begeleiding) toe te pas, en die toepassing van psigiatriese maatskaplike werk en die maatskaplikewerk-proses op die terrein van gestremdesorg en die hantering van persone met psigiese stremminge te verduidelik.

MWKG446: BENADERINGS, PERSPEKTIEWE EN TEORIEË IN MAATSKAPLIKE WERK

Pk 1 x 2 uur 1:1

Die student sal in staat wees om: die kennisbasis van maatskaplikewerk-praktyk te verduidelik en te verdedig; 'n onderskeid tussen die verskillende benaderings van en vir maatskaplike werk te tref en die waarde van elkeen te assesser; en te motiveer hoe elkeen van die banaderings in maatskaplike werk benut kan word.

MWKG461: TOEGEPASTE MAATSKAPLIKWERKNAVORSING

Pk Nvt 100%

Die student sal in staat wees om: die vereistes van 'n navorsingswerkstuk te begryp; die inhoud en belangrikheid van 'n hoofstuk een te verstaan; die inhoudelike van 'n navorsingswerkstuk te begryp; die aard van studieleiding te begryp en dit optimaal te benut; die toepaslike literatuur met empiriese data in verband te bring en dit te integreer; en die resultate van die ondersoek skriftelik weer te gee.

MWKG462: PROFESSIONELE AFRONDING

Pk 1 x 2 uur 1 : 1

Die student sal in staat wees om: aan die vereistes van die SARMD te voldoen; professioneel-etiese oordeel aan die dag te lê; netwerke op te bou en binne 'n span te kan saamwerk; die visie, missie en werksaamhede van 'n beroepsvereniging, asook die rol van vakbonde en professionele versekering te begryp; die aansoek om 'n betrekking (insluitende die samestelling van 'n curriculum vitae) en die indiensnemingsproses te hanteer; jou persoonlike behoeftes vir inskakeling in 'n nuwe gemeenskap en werksmilieu te identifiseer; supervisie sinvol te kan benut; met die nodige professionaliteit binne 'n nuwe werksmilieu te kan funksioneer; en die kwaliteit van jou professionele mondering tydens 'n mondeling te kan bewys.

MWKG471: MINI-INTERNSKAP

Pk Nvt 100%

Die student sal in staat wees om: die algemene praktykvereistes wat deur die Universiteit en die praktykorganisasies gestel word, te verstaan en na te kom; die praktykorganisasie by wie die mini-internskap gedoen word en die gemeenskapskonteks waarbinne dit funksioneer, te leer ken, te verstaan en te benut; die benodigde maatskaplikewerk-dienste aan die individu te kan lewer; die benodigde maatskaplike groepwerkdienste te kan lewer; die benodigde gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkelingsdienste te kan lewer; die benodigde praktykbestuursvaardighede toe te pas; 'n navorsingsvoorstel saam te stel; kommunikasievaardighede te bemeester; insig te toon in die hulpbronne ten opsigte van bestaansbeveiliging; insig te toon in statutêre beleid en take asook toepaslike vorms wat voltooi moet word; en insig te toon in die vereistes ten opsigte van persoonlike ontwikkeling.

G.13.4.4.1.2 Nuwe programbelynde modules

Modulekode: BSWG111	Semester 1	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Inleiding tot maatskaplike werk as 'n profesie	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om kennis en begrip te demonstree: <ul style="list-style-type: none"> • van maatskaplike werk as 'n profesie; • die verband tussen maatskaplike werk en maatskaplike welsyn; • die verwantskap tussen maatskaplike werk en ander dissiplines; die intervensiemetodes van maatskaplike werk; en die maatskaplike diensleweringsstelsel. 	

Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1:1	
Modulekode: BSWG112	Semester 1	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Menslike gedrag in die maatskaplike omgewing oor die lewensverloop	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • kennis en begrip te demonstreeer van die normale/gesonde maatskaplike ontwikkeling van die mens oor sy/haar lewensverloop; • sy/haar kennis en begrip te kan demonstreeer in die verskil tussen normale/gesonde en abnormale/ongesonde maatskaplike ontwikkeling; • kennis en begrip demonstreeer van die maatskaplike omstandighede wat 'n bydrae lewer tot en 'n invloed uitoefen op menslike funksionering. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1:1	
Modulekode: BSWG113	Semester 1	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Inleiding tot professionele gedrag	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • kennis en begrip van die fasiliterende kwaliteite en eienskappe van professionaliteit in maatskaplike werk te demonstreeer; • bedrewenheid in die toepassing van basiese interpersoonlike vaardighede in onderhoudsvoering openbaar. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1:1	
Modulekode: BSWG121	Semester 2	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Lewensvaardighede en berading	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • kennis en begrip van lewensvaardighede as 'n primêre, sekondêre en tersiêre voorkomingsmeganisme te demonstreeer; • bedrewenheid in die ontwerp en implementering van lewensvaardighedsprogramme te openbaar. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1:1	
Modulekode: BSWG122	Semester 2	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Die wese van maatskaplike ontwikkeling	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • kennis en begrip te demonstreeer van maatskaplike ontwikkeling as 'n benadering in maatskaplike werk; • te kan beskryf hoe maatskaplike ontwikkeling deur 	

	<p>maatskaplike werk tot stand kom;</p> <ul style="list-style-type: none"> die aard van maatskaplike ontwikkelingsdienste in Suid-Afrika kan verduidelik. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 2 uur 1:1	
Modulekode: BSWG211	Semester 1	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 12
Titel:	Maatskaplike gevallewerk: teorie en praktyk	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> kennis en begrip van die aard van gevallewerk as metode in maatskaplike werk kan demonstreer; kennis en begrip van individuele- en gesinsintervensie-prosesse kan demonstreer; kennis en begrip van onderhoudsvoering, sowel as van die vermoë om vir die onderhoud voor te berei, kan demonstreer; oor die vermoë beskik om die waardes, etiese beginsels en wettike verpligtinge verbonde aan maatskaplike gevallewerk toe te pas; oor die vermoë beskik om professionele gedrag, soos bepaal deur die etiese kode vir Suid-Afrikaanse maatskaplike werkers, te evalueer; oor die vermoë beskik om etiese besluite te neem en sy/haar keuses te motiveer; oor die vermoë beskik om maatskaplike gevallewerk-verslae te kan skryf. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		
Modulekode: BSWG212	Semester 1	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 8
Titel:	Kindersorgwetgewing en verbandhoudende maatskaplikewerk-intervensies	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> kan onderskei tussen die voorkomende kindgesentreerde dienste, vroeë intervensie-strategieë, statutêre dienslewering en 'n kontinuum van maatskaplikewerk-dienste wat in Suid Afrika aan kinders gelewer word; dienste en operasionele strategieë vir kinders en jeugdiges in die gemeenskap kan identifiseer, analiseer en beskryf en dit in belang van kinders en jeugdiges in die praktyk aan kan wend; en kennis en begrip kan demonstreer oor hoe om kinders volgens bepaalde wetgewing, etiese optrede, waardes en norme te beskerm en om dienste te beplan wat spesifiek op hulle behoeftes afgestem is 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		

Modulekode: BSWG213	Semester 1	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 8
Titel:	Inleiding tot maatskaplike beleid, maatskaplike welsynsbeleid en maatskaplikewerkbeleid	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • begrip van die sleutelemente, funksies, beginsels en die ontwikkeling van maatskaplike welsynsbeleid en die rol van die maatskaplike werker kan demonstreer; • begrip van die Suid-Afrikaanse welsynsisteem kan demonstreer 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		
Modulekode: BSWG221	Semester 2	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 8
Titel:	Maatskaplike groepwerk as 'n metode: teorie en praktyk	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • insig kan demonstreer van die rol van maatskaplike groepwerk as een van die metodes van maatskaplike werk; • die groep as 'n holistiese sisteem kan verstaan; • die waardes en beginsels van maatskaplike groepwerk kan identifiseer en demonstreer hoe hierdie waardes en beginsels in die praktyk toegepas kan word; • die verskillende soorte groepe in maatskaplike groepwerk kan evalueer; • die verskillende take in die beplanning van maatskaplike groepwerk kan identifiseer; • tussen die verskillende fases van die maatskaplike groepwerkproses en die rolle van die maatskaplike werker tydens elkeen, kan onderskei (horisontale en vertikale benadering) • hierdie fases tydens dienslewering aan 'n groep kan implementeer; • 'n voorstel kan skryf waardeur 'n instansie ooreed word van die behoefte aan 'n groepwerk groep. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		
Modulekode: BSWG222	Semester 2	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 8
Titel:	Gemeenskapswerk as 'n metode: teorie en praktyk	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • sy/haar kennis van die aard en konteks van gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling kan <i>demonstreer</i>, • vir hom/haarself 'n persoonlike diensleweringsscredo – wat gebaseer is op die etiese beginsels van maatskaplike werk – <i>kan formuleer</i>, • bepaalde gemeenskapswerkverwante vaardighede – wat insluit om in groepe saam te werk, praktyksituasies krities te analiseer, gedagtes skriftelik te formuleer en openbare 	

	voordragte kan maak – <i>toe kan pas</i> en <ul style="list-style-type: none"> vorige toepassings van die gemeenskapsopvoedingsmodel van gemeenskapswerk <i>kan evalueer</i> en aan die hand daarvan, asook sy/haar nuut verworwe kennis en insig, riglyne vir die verbeterde toepassing daarvan <i>kan formuleer</i>. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		
Modulekode: BSWG223	Semester 2	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 8
Titel:	Basiese beginsels van maatskaplikewerkbestuur	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> deeglike kennis van die bestuursproses kan demonstreeer; bestuurstrategieë effektief kan selekteer en toepas; en die rolle en funksies van bestuur kan toepas 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		
Modulekode: BSWG224	Semester 2	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 8
Titel:	Menseregte en maatskaplike geregtigheid	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> die konsep 'menseregte' kan verduidelik; die konsepte 'maatskaplike geregtigheid' en 'maatskaplike ongeregtigheid' kan bespreek; kan verduidelik hoe die doelstellings van maatskaplike werk binne die raamwerk van maatskaplike geregtigheid inpas; die artikels toepaslik vir maatskaplike werk in die relevante Verenigde Nasies dokumentasie kan identifiseer; die konsep van menseregte soos vervat in die Handves van Menseregte en beskryf in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, in maatskaplike werk kan toepas; die missie en funksies van die Menseregtekommissie kan beskryf. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		

Modulekode: BSWG311	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 8
Titel:	Benaderings, teorieë en modelle in maatskaplike werk	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> kan verduidelik hoe die kennisbasis van maatskaplike werk saamgestel is; 'n goeie begrip van die kennisbasis van die verskillende benaderings en modelle in maatskaplike werk kan demonstreeer; kan onderskei tussen die verskillende soorte teorieë, modelle en benaderings in maatskaplike werk; die teoretiese basis en aard van die sekere benaderings en 	

	modelle kan beskryf.	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		
Modulekode: BSWG312	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 12
Titel:	Gevorderde maatskaplike gevalwerk: teorie en praktyk	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • weerstand by kliënte kan hanteer; • 'n ekosistemiese assessering van die kliënt en sy omgewing kan doen; • relevante tegnieke met individue en hul omgewings toe kan pas; • die evaluering- en assesseringsinstrumente in mikro-praktyk/kliniese maatskaplike werk kan gebruik; • die modelle en benaderings in sy praktyk kan toepas 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		
Modulekode: BSWG313	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 12
Titel:	Gevorderde gemeenskapswerk: teorie en praktyk	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • sy/haar kennis en insig van die aard en veral toepassing van gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling <i>kan demonstreeer</i>; • bepaalde gemeenskapswerkverwante vaardighede <i>toe kan pas</i> – wat insluit om in groepe saam te werk, praktyksituasies krities te analiseer, beplande gemeenskapswerkoptrede skriftelik te formuleer en openbare voordragte kan maak; • een of meer van die vyf gemeenskapswerkmodelle (in die vorm van praktyknaboosings) <i>kan toepas</i>. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		
Modulekode: BSWG321	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 12
Titel:	Gevorderde maatskaplike groepwerk: teorie en praktyk	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • sy/haar bevoegdheid kan demonstreeer deur die verskillende modelle en teorieë in maatskaplike groepwerk van mekaar te onderskei, te evalueer en toe te pas; • maatskaplike groepwerk intervensies kan beplan en toepas; • die verskillende leierskapsrolle en vaardighede van die maatskaplike werker kan onderskei en in die praktyk kan toepas; • die vaardigheid kan demonstreeer om met verskillende tipes gedragswyses in 'n groep te handel; • kan demonstreeer hoe diversiteit in 'n groep hanteer sal 	

	<p>word;</p> <ul style="list-style-type: none"> • die noodsaaklikheid van evaluering en meting in maatskaplike groepwerk kan bewys en 'n eie evalueringsraamwerk saam kan stel; • 'n maatskaplike groepwerk projek kan evalueer; en • 'n maatskaplike groepwerk projek van ses byeenkomste aan kan bied. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		
Modulekode: BSWG322	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Maatskaplike werk met gesinne en kinders: konsepte en vaardighede vir effektiewe dienslewering	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die nodige vaardighede en tegnieke in huweliksbegeleiding en –berading kan identifiseer; • 'n koherente en kritiese begrip van huweliksprobleme hê; • 'n indiepte en sistematiese kennisbasis waarbinne met kinders gewerk word, kan formuleer en motiveer; • die vereistes waaraan 'n maatskaplike werker wat met kinders werk moet beantwoord, kan verduidelik; • die toepaslike vaardighede en tegnieke om kinders kan hanteer, te selekteer; en • met sensitiwiteit en empatie teenoor kliënte kan optree. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		
Modulekode: BSWG323	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 12
Titel:	Gevorderde maatskaplike beleid, maatskaplike welsynsbeleid en maatskaplikewerkbeleid	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die voorsiening van welsynsdienste in Suid-Afrika krities kan beoordeel; • maatskaplike bestaansbeveiliging in Suid-Afrika krities kan beoordeel; • die huidige status en posisie van die maatskaplikewerk-professie binne die Suid-Afrikaanse konteks krities kan beoordeel. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		
Modulekode: BSWG411	Semester 1	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 16
Titel:	Misdaad en forensiese maatskaplike werk (PK & VDK)	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die maatskaplike werker se plek in die reg en in die hof te verstaan en kan verduidelik; • die voordele van spesialis opleiding in maatskaplike werk kan bespreek; 	

	<ul style="list-style-type: none"> • die verskillende houe in Suid-Afrika kan bespreek en die hele hofsisteem en -prosedures kan verduidelik; • die hele verloop van die kriminele hof prosedure kan verduidelik; • die beginsels van bewysreg asook die vereistes van 'n deskundige in die hof kan bespreek en verduidelik; • die artikels van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977 wat van toepassing is op die maatskaplike werker ken en kan toepas; • die verskillende strafteorieë en die verskillende strafvorme kan verduidelik; • egskeiding in Suid-Afrika, in samehang met die nodige wetgewing, in perspektief kan plaas; • verskillende verslae (insluitende voorvonnisverslae; en ouerskapsplanne) aan die hof kan voorsien. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		
Modulekode: BSWG413	Semester 1	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 8
Titel:	Maatskaplike werk in sekondêre opsette (PK & VDK)	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> • die psigososiale aspekte van gesondheid, siekte en gestremdheid kan bespreek. • die emosionele reaksies van 'n gestremdheid kan bespreek. • die houding, waardes en etiek van gesondheidswerkers verstaan. • psigososiale probleme in geselekteerde gesondheids-toestande, siektes en gestremdhede kan bespreek. • die verskillende psigososiale intervensies kan bespreek. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		
Modulekode: BSWG414	Semester 1	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 8
Titel:	Maatskaplikewerkdienste aan spesifieke kliëntsisteme (PK & VDK)	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> • die kenmerke en probleme van bejaardes kan identifiseer; • maatskaplike beleid en wetgewing rakende bejaardheid kan interpreteer; • beskikbare hulpmiddels, fasiliteite, dienste, programme en projekte rakende bejaardes kan identifiseer; • die verskynsel van MIV en Vigs verstaan; • die teorieë van MIV en Vigs kan beskryf; • die maatskaplike beleid en wetgewing rakende MIV en Vigs kan interpreteer; • die beskikbare hulpbronne, fasiliteite, dienste, programme en projekte rakende MIV en Vigs kan identifiseer; 	

	<ul style="list-style-type: none"> • armoede as universele verskynsel kan omlin en die teorieë onderliggend aan die verskynsel analiseer; • die oorsake en gevolge van armoede kan identifiseer en analiseer; • die maatskaplike beleid en wetgewing rakende armoede kan interpreteer; • beskikbare hulpbronne, fasiliteite, dienste, programme en projekte rakende armoede kan identifiseer; • die verskillende vorme van gestremdheid kan identifiseer; • die maatskaplike beleid en wetgewing wat op gestremdheid betrekking het, kan interpreteer; en • die beskikbare hulpbronne, fasiliteite, dienste, programme en projekte rakende gestremdheid kan identifiseer. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		
Modulekode: BSWG415	Semester 1	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 12
Titel:	Gesins- en kinderterapie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die konsep 'gesin' verstaan en sy/haar persoonlike en professionele waardes en etiese standaarde daaromtrent kan vorm. • die kompleksiteit waarbinne gesinne funksioneer kan bespreek. • die gesin binne die totale familiesisteem kan eksploreer en assesseeer. • die gesinssisteem se funksionering kan analiseer en die gesin se sterktes en areas waar daar groei moet plaasvind, kan identifiseer • praktyk bewese ('evidence-based') gesinsintervensie kan selekteer en beplan • assessering en intervensie met mekaar in verband kan stel • die teoretiese perspektiewe waarbinne kinders hanteer word, kan evalueer en die toepaslikheid daarvan kan verduidelik. • die basis van speltherapie volgens die Gestalt en Rationele Emotiewe Terapie (RET) uiteen kan sit en kan verduidelik; • kan aandui hoe 'n terapeutiese verhouding met die kind, wat op bepaalde beginsels gebaseer is, geskep kan word; • die verskillende tegnieke/hulpmiddels van elke spelvorm kan verduidelik en elk in terme van die bruikbaarheid daarvan kan evalueer; • die ontwikkeling van fantasie by kinders en die doel daarvan kan verduidelik; • kan beskryf hoe die maatskaplike werker kommunikasie met die kind kan verbeter; • kan verduidelik hoe verlies en trauma die kind se gedrag kan affekteer, en oplossings daarvoor aan die hand doen; • die speltegnieke in assessering van seksueel misbruikte kinders kan verduidelik en aanwend; 	

	<ul style="list-style-type: none"> die redes waarom kinders nie die seksuele misbruik aanmeld nie, kan verduidelik en te fasiliteer; die probleme waarmee maatskaplike werkers wat met kinders werk te doen kry, kan beskryf en oorbrug. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		
Modulekode: BSWG416	Semester 1	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 8
Titel:	Maatskaplikewerk-intervensies rakende substans misbruik en afhanklikheid	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> substansmisbruik as globale probleem, met spesifieke verwysing na die konteks van Afrika en die situasie in Suid-Afrika, verstaan; die verskillende programme en strategieë van die privaat en openbare sektore verstaan en in die stryd teen substansmisbruik en –afhanklikheid kan benut; kundigheid kan demonstreer rakende dienslewering aan verskillende slagoffers van substansmisbruik insluitende: alkoholiste, persone afhanklik van ander afhanklikheidsvormende stowwe, jeugdige, vroue en ouer persone; 'n verskeidenheid van programme van 'n voorkomende aard kan beplan en professioneel uitvoer; vroeë intervensie en ander vorme van behandeling van die slagoffers van substansmisbruik en hulle gesinne kan implementeer; bestaande dienste en gemeenskapshulpbronne op 'n professionele wyse en in die beste belang van die slagoffer van substansmisbruik en hulle gesinne, kan identifiseer, eksploreer en ontwikkel; binne die waardes en etiese kode van maatskaplike werk, korrek op kan tree; deurlopend 'n kliëntgesentreerde benadering in alle maatskaplikewerk-insette rakende substansmisbruik kan volg; die interpersoonlike vaardighede wat vereis word vir dienslewering binne 'n multidisiplinêre opset, bemeester; en sy/haar kennis rakende substansmisbruik kan toepas en hierdie kennis op 'n wetenskaplike wyse kan kommunikeer. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		
Modulekode: BSWG417	Semester 1	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 8
Titel:	Diversiteit in maatskaplike werk	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> die teoretiese raamwerk waarbinne multi-kulturele maatskaplike werk onderneem word, kan verduidelik; die konstruksie wat met kultuur en kulturele bekwaamheid 	

	<p>verband hou, kan verduidelike en motiveer;</p> <ul style="list-style-type: none"> • met sensitiwiteit en empatie teenoor verskillende kliënte op kan tree en elk vanuit selfbegrip en openheid kan hanteer; • persoonlike voorkeure identifiseer en voorkom dat eie waardes en norme op kliënte afgeforseer word; • teenoor faktore soos diskriminasie kan veg en etiese beginsels in die praktyk kan toepas; • teoretiese konsepte rakende diversiteit in die maatskaplikewerkpraktyk kan toepas; • van kultureel gedefinieerde gedragspatrone gebruik kan maak ten einde 'n suksesvolle diens in die gemeenskap te lewer; • kritieke maatskaplike kwessies en die instandhouding daarvan bevraagteken, die moontlike negatiewe effek daarvan uitwys en oplossings daarvoor voorstel; • strategieë om onbillike praktyke te beëindig kan voorstel en aanwend • kennis en vaardighede in die multi-kulturele maatskaplikewerkpraktyk kan aanwend; • realistiese doelwitte rakende 'n diverse kliëntsisteem kan daarstel en die bes moontlike diens binne diverse gemeenskappe kan voorsien; en • met waardigheid teenoor en vir alle moontlike kliënte optree. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		
Modulekode: BSWG418	Semester 1	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 8
Titel:	Praktykbestuur in maatskaplike werk	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die prosesse onderliggend aan die praktykbestuurproses kan beskryf, interpreteer en implementeer; • die organisasie konteks kan verstaan; • sy/haar eie werk en gevallelading op 'n professioneel verantwoordbare wyse kan bestuur; en • die rol van supervisie in die maatskaplikewerk-praktyk krities kan evalueer. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		
Modulekode: BSWG471	Semester 1 & 2	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 48
Titel:	Internskap (PK & VDK)	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die praktykvereistes wat deur die universiteit en praktykorganisasies gestel word, verstaan en kan nakom; • die praktykorganisasie waar die mini- internskap gedoen word asook die gemeenskapsverband waarbinne dit funksioneer, ken, verstaan en kan benut; • professionele-etiese oordeel aan die dag kan lê; 	

	<ul style="list-style-type: none"> • die nodige maatskaplikewerkdienste aan die individu kan lewer; • die nodige maatskaplike groepwerkdienste kan lewer; • die nodige gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkelingsdienste kan lewe; • die nodige praktykbestuursvaardighede kan toepas; • 'n navorsingvoorstel kan saamstel; • kommunikasievaardighede kan demonstreer; • insig kan toon in die hulpbronne ten opsigte van bestaansbeveiliging; • insig kan toon in statutêre beleid en take asook die toepaslike vorms wat voltooi moet word; • aan die vereistes van die SARMD kan voldoen; • professioneel-etiese oordeel aan die dag kan lê; • netwerke kan opbou en binne 'n span kan saamwerk; • die visie, missie en werksaamhede van 'n beroepsvereniging, asook die rol van vakbonde en professionele versekering begryp; • die aansoek om 'n betrekking (insluitende die samestelling van 'n curriculum vitae) en die indiensnemingsprosedures kan hanteer; • persoonlike behoeftes vir inskakeling in 'n nuwe gemeenskap en werksmilieu kan identifiseer; • toesighouding (supervisie) sinvol kan benut; • met die nodige professionaliteit binne 'n nuwe werksmilieu kan funksioneer; • 'n koherente en kritiese begrip van maatskaplike probleme en die verskillende diensvelde van maatskaplike werk kan demonstreer; • konkrete en abstrakte probleme en strydvrage met behulp van praktyk bewese oplossings en teorie gedrewe argumente kan hanteer; • 'n omvattende kennis van hedendaagse maatskaplike vraagstukke en dienslewingsvelde kan demonstreer; • sy/haar eie idees en menings op 'n gestruktureerde en professionele wyse aan 'n gehoor kan aanbied; en • die kwaliteit van sy/haar professionele mondering tydens 'n mondeling eksamen kan bewys. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:		
Modulekode: BSWG472	Semester 1 & 2	NKR-Vlak: 7(8) Krediete: 24
Titel:	Maatskaplikewerk-navorsing: teorie en toepassing	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> • die konteks en praktyk van maatskaplikewerk-navorsing verstaan; • die navorsingsproses, insluitende die voorondersoek, steekproeftrekking, navorsingsontwerp, modelle en prosedures begryp; • die werksmetode van die maatskaplikewerk-navorsers kan 	

	uitvoer; <ul style="list-style-type: none"> • die vereistes en inhoud van 'n navorsingsvoorstel kan bespreek; • die vereistes en inhoud van 'n navorsingsverslag verstaan; • die verskillende tipes navorsingsverslae kan onderskei; • die aard van studieleiding en studiebenutting verstaan en optimaal kan benut; • toepaslike literatuur in konteks met empiriese data kan bring en integreer; • basiese statistiek en die grafiese voorstelling van data begryp; • die verskillende aspekte van meting kan verduidelik, en • die resultate van navorsing skriftelik in 'n navorsingsverslag kan verwoord.
Metode van aflewering:	Voltyds
Assesseringsmetodes:	

G.13.4.4.2 Psigologie

Modulekode: PSYC111	Semester 1	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Inleiding tot Psigologie	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> • 'n fundamentele kennisbasis van basiese menslike funksionering, insluitende biologiese, kognitiewe, emosionele en motiveringsprosesse, sowel as hulle samehang, menslike- en persoonlikheidsontwikkeling, en die wyse waarop dit vergestalt in abnormale gedrag en optimale menslike funksionering te demonstreer; • 'n begrip vir basiese aspekte van menslike funksionering in die self en ander mense in goed gedefinieerde situasies in die onderrigkonteks te kan demonstreer; • 'n verhoogde bewustheid en sensitiwiteit vir basiese menslike funksionering in die eie en ander se funksionering in 'n multikulturele konteks te demonstreer, deur middel van 'n refleksiewe dagboek, sowel as die toepassing van relevante literatuur op 'n geïntegreerde wyse in 'n individuele, geskrewe opdrag en mondelinge plakkaatvoordrag. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 2 uur; 1 : 1	
Modulekode: PSYC121	Semester 2	NKR-Vlak: 5a(5) Krediete: 12
Titel:	Sosiale en gemeenskapspsigologie	
Module-uitkomste:	Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> • 'n fundamentele kennis van en insig in die perspektiewe en teorieë waarop die sosiale en gemeenskapspsigologie gebaseer is en 'n ingeligte begrip van die konsepte en terminologieë te kan demonstreer sodat jy dit kan toepas 	

	<p>op goed-gedefinieerde probleme of gevallestudies soos armoede, konstante verandering, menseregte, magsmisbruik, korrupsie, rassisme, vreemdelingehaat, ensameer, binne 'n multikulturele konteks en 'n begrip vir hulle samehang;</p> <ul style="list-style-type: none"> • inligtingsverkrygings- en verwerkingsvaardighede te demonstreer vir die skryf van take binne die konteks van die sosiale en gemeenskapspsigologie op individuele of in groepverband; • gevallestudies, voorbeelde of probleemsituasies en oplossings, individueel of in groepverband, te analiseer en te evalueer en in die vorm van 'n verslag of werkstuk, verbaal of skriftelik te kan weergee binne voorgeskrewe konvensies en formate; • in alle vorme van kommunikasie en interaksie 'n gevestigde houding en etiese sisteem teenoor mense te demonstreer. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 2 uur; 1 : 1	
Modulekode: PSYC211	Semester 1	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 16
Titel:	Ontwikkelingspsigologie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n deeglike kennisbasis van die fisiese, kognitiewe, sosiale, morele en persoonlikheidsontwikkeling van mense in elke stadium van die lewensiklus te kan vorm; • 'n deeglike begrip van standpunte oor die aard van die mens, konsepte, teorieë en kernterminologieë wat gebruik word in die Ontwikkelingspsigologie te kan demonstreer om so inligting betroubaar, samehangend en eties-korrekt te kan kommunikeer in assesseringsopdragte; • inligting oor menslike ontwikkeling krities te kan evalueer, analiseer en sintetiseer om so gesimuleerde probleme, individueel of in groepe, te kan oplos; • 'n deeglike begrip van akademiese diskoerse oor die impak wat diverse kontekste soos armoede, wanvoeding, oorpopulasie, geografiese omstandighede, diskriminasie en ontoereikende sosiale en fisiese stimulasie op menslike ontwikkeling het, te verkry. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur; 1 : 1	
Modulekode: PSYC212	Semester 1	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 16
Titel:	Persoonlikheidspsigologie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige kennisbasis met toepaslike insig te demonstreer <ul style="list-style-type: none"> ○ van verskillende, meta-teoretiese werklikheids- en lewenstandpunte, wat relevant is aan menslike funksionering en denkraamwerke van persoonlikheid 	

	<p>byvoorbeeld psigodinamika, humanistiese en ekostemiese;</p> <ul style="list-style-type: none"> • in staat te wees om die inhoud en toepassingsmoontlikhede van persoonlikheidsteorieë en persoonlikheidspsigologie te kan verduidelik, beredeneer, aan die hand van gepaste literatuur te staaf en skriftelik sowel as mondeling te kommunikeer deur die integrasie van die basis van wetenskaplike metodes en etiese beginsels; • goedgedefinieerde, opkomende werklike probleme, situasies en gevallestudies te kan analiseer deur die mees toepaslike prosedures en tegnieke eie aan die persoonlikheidspsigologie te gebruik om die gedrag vanuit die persoonlikheidsteorieë te verklaar, vergelyk en moontlike oplossings te beredeneer en weer te gee in 'n samehangende/logiese en betroubare verslag. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	PK 1 x 3 uur; 1 : 1	
Modulekode: PSYC221	Semester 2	NKR-Vlak: 5b(6) Krediete: 16
Titel:	Positiewe Psigologie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n gevestigde kennisbasis van <ul style="list-style-type: none"> a) die skuif van die tradisionele patogene paradigma na die salutogene perspektiewe van menslike funksionering en vandaar na 'n gebalanseerde perspektief op welsyn van patologie tot "flourishing" asook die implikasies daarvan vir openbare gesondheid b) Positiewe Sielkunde/Psigofortologie as beweging binne die veld van Sielkunde, asook 'n goeie begrip van die belangrike konsepte, reëls, beginsels en teorieë wat verband hou met psigologiese gesondheid te demonstree, ten einde dit toe te pas op die identifisering en fasilitering van die eie en ander se funksionering in 'n multikulturele konteks; • die vermoë demonstree om goed-gedefinieerde, maar onbekende probleme wat verband hou met psigologiese en psigososiale gesondheid op te los, deur gebruik te maak van toepaslike prosedures en goeie bewyse vanuit 'n kritiese analise van verskillende teorieë binne Positiewe Sielkunde/Psigofortologie, asook om die inligting op 'n betroubare en koherente wyse, beide verbaal en skriftelik te kommunikeer, en sodoende bewys te lewer van effektiewe en kritiese beredenering; • jou kennis en insig in Positiewe Sielkunde/Psigofortologie op moreel-etiese en kultuursensitiewe wyse aan te wend op beide individuele en sosiale vlak met 'n sensitiewe vir onder andere die kollektiwistiese 	

	en individualitiese waardesisteme.	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur; 1 : 1	
Modulekode: PSYC311	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Psigopatologie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde en sistematiese kennis van psigologiese versteurings, in die konteks van 'n bio-psigososiale model, in'n multi-kulturele konteks te kan demonstreer; • 'n samehangende en kritiese begrip van die relevante konsepte en terminologieë, teorieë, en prosesse en tegnieke van die psigopatologie toepaslik binne die professionele konteks te kan toon sodat jy dit kan toepas binne ongedefinieerde en meer komplekse probleem-situasies soos voorkom in gevallestudies; • 'n begrip te toon van patologie en intervensies in die konteks van primêre, sekondêre en tersiêre gesondheid-sorg; • inligtingsverkrygings- en verwerkingsvaardighede te demonstreer vir die afhandeling van skriftelike opdragte; • gevallestudies of voorbeelde krities individueel en in groepsverband te kan analiseer en 'n eie geïntegreerde opinie gebaseer op teoretiese begroning te lewer en in verslagvorm te kommunikeer volgens die voorgeskrewe konvensies van die vak; • in alle vorme van kommunikasie en interaksie 'n gevestigde waardesisteme en etiese gedragskode te kan demonstreer. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur; 1 : 1	
Modulekode: PSYC312	Semester 1	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Navorsing en Psigometrie	
Module-uitkomste:	<p>Na voltooiing van die module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die aard en prosesse van psigologiese evaluering te verduidelik soos dit ingebed is in die verskillende perspektiewe op werklikheid en menslike funksionering; • die basiese eienskappe en tegniese vereistes van psigologiese toetse te ken, en te kan verduidelik en evalueer (verbaal en skriftelik) hoe toetse en toetsnorms ontwikkel word; • die bruikbaarheid van psigologiese toetse te evalueer aan die hand van hulle psigometriese eienskappe met inagneming van die etiese aspekte; • die beheer en die gebruik van assesseringsmeetmiddels te verduidelik in diverse populasies deur die gebruik van die 	

	<p>gepaste standaarde en norme;</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n samehangende en ingeligte begrip van die navorsingsproses te demonstreeer vir beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing teen die agtergrond van die perspektiewe op die werklikheid; • inligting van beide virtuele en ander bronne onafhanklik te verkry en te sintetiseer vir die voltooiing van take soos werkopdragte en projekte; • navorsingsartikels krities te analiseer en evalueer, 'n onafhanklike opinie te formuleer, gebaseer op stawende teorieë en 'n verslag te skryf, gebaseer op die APA konvensies. 	
Metode van aflewering:	Voltyds	
Assesseringsmetodes:	Pk 1 x 3 uur; 1 : 1	
Modulekode: PSYC321	Semester 2	NKR-Vlak: 6(7) Krediete: 16
Titel:	Basiese hulpverlening en etiese gedrag	
